The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

University of Cape Town

**'n POSTMODERNISTIESE VERKENNING VAN *LitNet* SE MENINGSRUIMTE, *SêNet,* VAN DIE TYDPERK JANUARIE 1999 TOT OKTOBER 2001**

**NAOMI MAARTENS**

University of Cape Town

**'n POSTMODERNISTIESE VERKENNING VAN *LitNet* SE MENINGSRUIMTE, *SêNet,* VAN DIE TYDPERK JANUARIE 1999 TOT OKTOBER 2001**


**deur**

**Naomi Maartens**

**MRTNAO001**


**Mini-tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in Geesteswetenskappe (Afrikaans en Neerlandistiek)**


**Studieleier: Prof. E.R. van Heerden**

**Departement Afrikaans en Neerlandistiek**

**Fakulteit Geesteswetenskappe**

**Universiteit van Kaapstad**


**2002**


University of Cape Town


**VERKLARING**

**Hiermee verklaar ek, Naomi Maartens, dat hierdie tesis my eie oorspronklike werk is en dat alle bronne akkuraat vermeld en erken is en dat hierdie dokument nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n akademiese kwalifikasie voorgelê is nie.**

**15 Februarie 2002**

NAOMI MAARTENS

INHOUDSOPGAWE

**Opsomming** i-ii

**Abstract** iii-iv

**Inleiding** v-vii

**HOOFSTUK 1: UITGEBREIDE BEGRIPSVERKLARING**

**1.1 Postmodernisme** 1
**1.1.1 Definisie** 1-3
**1.1.2 Ontologie en epistemologie** 3-4
**1.1.3 Veelvoudige werklikheid** 4-5

**1.2 *LitNet*** 6
**1.2.2 Definisie en doel** 6-8
**1.2.3 *LitNet* en die Internet** 8-9
**1.2.2.1 Die Internet en die postmodernisme** 9
**1.2.2.2 Die Internet in Suid-Afrika** 10-12
**1.2.2.3 Die Internet en ambivalensie** 12-13
**1.2.2.4 Die Internet en intertekstualiteit** 13-15

**1.3 *SêNet*** 15
**1.3.1 Definisie en doel** 15-16
**1.3.2 *SêNet* en die postmodernisme** 16-18
**1.3.3 *SêNet* - vergelyking met:** 18
**1.3.3.1 Briewekolom van *Die Burger*** 18-20
**1.3.3.2 Kletskamers** 20-22
**1.3.3.2.1 Afrikaanse klets** 22
**1.3.3.3 Virtuele gemeenskappe** 23-26
**1.3.3.3.1 Literêre webruimtes** 26-28
**1.3.3.3.2 *SêNet*: Persoonlike ontmoetings** 28-30

University of Cape Town

1.3.3.4 *LitNet*: ander ruimtes 30-34

1.4 Achroniese 34

1.4.1 Definisie 34-36

1.4.2 (Wan)orde/chaos 36-40

1.4.1.1 Chaos en patrone 41

1.4.3 Tyd en plek op *SêNet* 42-45

HOOFSTUK 2: BETROKKENES BY *SÊNET* 46

2.1 Die Webmeester 46

2.1.1 Definisie 46-47

2.1.2 Keuring 47-48

2.1.3 Laster 48-50

2.2 Die Briefskrywer 50

2.2.1 Definisie 50-51

2.2.1.1 Subjektiewe briefskrywer: eie agting as skrywer 51-54

2.2.2 Identiteit 54-56

2.2.2.1 Versplinterde identiteit 57-61

2.2.2.2 Anonimiteit en skuilname 61-65

2.2.3 Skrywer/leser; leser/skrywer 65-72

HOOFSTUK 3: POSTMODERNISME EN DIE WEB:
TENDENSE VAN GESPREK OP SÊNET 73

3.1 Taal 73-74

3.1.1 Taal en postmodernisme 74-75

3.1.2 Taal en dekonstruksie 75-76

3.1.3 Taal en seks 76-79

3.1.4 Taal en kultuur 79-81

3.1.5 Taal en spel 81-83

3.2 Seks 83-84

3.2.1 Seks en taal 84-87

3.2.2 Moraliteit en die lyflike 87-88

University of Cape Town

| | |
|---|---|
| **3.3 Die oerteks teenoor die eie waarheid** | **88-89** |
| **3.3.1 Die oerteks** | **89-91** |
| **3.3.2 Die eie waarheid** | **91-92** |
| **3.3.3 Geen universele waarheid** | **93** |
| **3.3.4 Die kleingeskiedenis** | **94-98** |
| **3.3.5 Ambivalensie met oerteks** | **98-99** |
| **3.3.5.1 Die oerteks en beheer** | **99-101** |
| **3.3.5.2 Die oerteks en nostalgie** | **101-102** |
| **3.4 Kanonisering** | **102-103** |
| **3.4.1 Publikasie op die Internet** | **104-105** |
| **3.4.2 Die parodie** | **105-107** |
| **3.4.3.1 Kanon as standaard** | **107-110** |
| **3.4.3.2 Kritiek teen die kanon** | **110-111** |
| **3.5 Opstand** | **111** |
| **3.5.1 Opstand en postmodernisme** | **111-112** |
| **3.5.1.1 Die opstandige** | **113-114** |
| **3.5.1.2 Waarteen die opstand** | **114-117** |
| **3.5.1.3 Hoe die opstand daar uitsien** | **117-120** |
| **3.6 Metakommentaar** | **120-123** |
| **3.6.1 Doel** | **123-124** |
| **3.6.2 (On)skeibaarheid van mens en debat** | **124-128** |
| **3.7 Sensuur** | **128-133** |
| **SLOT, GEVOLGTREKKING** | **134-135** |
| **BYLAE A: SÊNET: TEMAS** | **136-137** |

University of Cape Town

**BYLAE B: SÊNET:**

**SUBJEKTIEWE WAARNEMING DEUR ONTLEDER** 138-140

**BIBLIOGRAFIE** 141-149

**DANKIE** 150

University of Cape Town

## OPSOMMING

Die skrywer van hierdie verhandeling besin oor 'n sosio-literêre gespreksruimte binne die Suid-Afrikaanse webruimte-milieu: 'n ruimte waarin die taal en denksisteme van die postmodernisme reflekteer word.

In haar hoedanigheid as webmeester van die *SêNet*-webruimte (http://www.mweb.co.za/litnet/senet) - die aanlyn-gesprekforum van *LitNet* (http://www.mweb.co.za/litnet) - stel sy vrae oor die aard en wese van hierdie webwerf binne die opset van die wêreldwye web. Die soeklig val op die rol van die webmeester en terselfdertyd op die identiteit van die virtuele deelnemers – die briefskrywers.

Weens haar persoonlike betrokkenheid as webmeester van die navorsingsveld, word die stryd om objektiewe afstand te handhaaf in die verhandeling aangetoon. Die spel en die kleingeskiedenis deur deelnemers aan en derhalwe terselfdertyd skeppers van die ruimte, problematiseer die kwessie.

Objektiwiteit word 'n groter moontlikheid wanneer die fokus by die totstandkoming van die ruimte, die volgehoue debatvoering, uiteenlopende temas en veelheid perspektiewe van die briefskrywers verskuif. Die dinamika van denke en gesiglose kommunikasie, van replieke op reaksie, die spel met woorde, en die vestiging van *SêNet*-identiteite word onder die loep geneem. Die maatstaf hier is die ontleding van die geskrewe woord op die ruimte, as uitvloeisels van die gees van die onderskeie skrywende subjekte. Aanvanklik onvermydelike selfkommentaar word metakommentaar op die webruimte in sy geheel. Die navorser identifiseer die ooreenkomste tussen *SêNet* en die self-reflekterende postmodernistiese era en lewer kommentaar op die vraagstukke binne die virtuele omgewing.

Die bevindinge waartoe die navorser kom, is veelvoudig: dat die postmodernistiese briefskrywer obsessioneel met taal in sy veelheid omgaan binne die taal van die rekenaarwêreld, en dat die wrywing tussen oerteks en die eie waarheid op die ruimte hoogty vier. Die navorser identifiseer kwessies rondom die kanon op die ruimte en die

University of Cape Town

Internet, opstand as 'n reël by die *SêNet*-briefskrywer en deurlopende metakommentaar. Die navorser identifiseer die intertekstuele verband tussen die plek van die webruimte binne die Web, die rolspelers betrokke by die ruimte en die aard en wese van gesprekvoering. Die navorsing bevestig dat *SêNet* as interaktiewe Internetruimte unieke eienskappe vertoon. Die finale gevolgtrekking is dat die wisselspel tussen kommentaar op die groter geheel en kommentaar op die self binne 'n postmodernistiese konteks lank nie afgehandel is nie. *SêNet* beklee 'n moeilik definieerbare, dog unieke, posisie as aanlyn-gespreksruimte op die Internet.

University of Cape Town

## ABSTRACT

The researcher of this thesis reflects upon and analyses the nature and essence of a phenomenon within the context of the South African website environment: a socioliterary online discussion room reflecting the linguistics, the language and the thought processes of the postmodernism.

As webmaster of the *SêNet* (http://www.mweb.co.za/litnet/senet) website – the online discussion group of the website *LitNet* (http://www.mweb.co.za/litnet) – the researcher examines the character and nature of this website within the context of the World Wide Web. The spotlight is turned on the role of the web master, but also on the identity of the role players engaged and encountered in this predominantly virtual reality: those who contribute on a daily basis to the material stored in the *SêNet* archives.

As a result of the personal involvement of the reseacher-webmaster in the field of research, the struggle for clinical-objective distance is evident and predetermined. The quest for truth is complicated by the game played by and the profoundly personal nature of the history of each and every participating individual who, by virtue of her contribution, also qualifies as creator of the website.

Objectivity becomes more attainable as the focus shifts to the original vision leading to the establishment of the website, the ongoing debate, the diversity of themes and the multifarious perspectives held by the letter-writers concerned. The dynamics of this intellectual exercise and of communication in which the speaker remains unidentified, of reaction and counter plea upon reaction, the game of words and the conscious creation of specific *SêNet* identities are subjected to scrutiny.

The criterion applied by the researcher is the analysis of the written word, as encountered on the website, the written word being the visible efflux of the spirit (products of the minds) of all subjects concerned. Initial unavoidable and mandatory self-analysis becomes meta-commentary upon the website as a whole. The researcher

University of Cape Town

identifies the analogies between *SêNet* and the self-reflective postmodern era. Comments are made on debatable questions pertaining to the virtual environment.

The researcher comes to a multiplicity of conclusions: that the postmodern letter-writer as user of computer language demonstrates an obsession with language in its greater meaning and ambiguity. The researcher comes to the conclusion that friction and deep-seated conflict between original text and personal truth is rampant on a website of this nature. The researcher identifies issues concerning the canon on the site and on the Internet, defiance as a way of life with the *SêNet* letter-writer as well as continuous meta-commentary.

The researcher identifies the intertextual correlation between *SêNet* as a dynamic community within the World Wide Web, its unique community and the essence of communication within the parameters of a conversation group whose members have the option to remain unidentified.

The research confirms the hypothesis that *SêNet* as a website exhibits unique characteristics, idiosyncrasies and dynamics. The final conclusion reached by the researcher is that the turbulent interaction between commentary on the greater scope of things and ongoing commentary on the self in a postmodern context has but commenced. The end is nowhere in sight.

*SêNet* holds a unique position as online conversation site on the Internet. As the very embodiment of the dynamics of postmodernism *SêNet* implicitly invites research but defies definition.

University of Cape Town

# INLEIDING

*LitNet* is 'n multikulturele – dog grotendeels Afrikaanstalige – sosio-literêre Internet-webruimte by http://www.mweb.co.za/litnet. As onderneming maak *LitNet* staat op borgskappe en is dit 'n nie-winsgewende bedryf in 'n Derde Wêreld-land met wêreldwye koppeling.

Die briewe en menings van *LitNet*-lesers word in die onderafdeling *SêNet* geplaas. *SêNet,* wat hoofsaaklik dien as interaktiewe orgaan van *LitNet,* se Internetadres is http://www.mweb.co.za/litnet/senet.

Indien 'n briefskrywer aan *SêNet* 'n skuilnaam gebruik het, word dit in hierdie studie behou. Dieselfde geld 'n briefskrywer wat onder sy eie naam aan *SêNet* geskryf het. Aanhalings uit briewe op *SêNet* geplaas, word in dié ontleding aangehaal soos wat hulle op die webruimte verskyn het.

Die navorser was ten tyde van hierdie ontleding in diens van *LitNet* as *SêNet* se webmeester. Die ontleder se perspektief en styl is beïnvloed deur haar onafwendbare persoonlike en subjektiewe betrokkenheid by dié ruimte. Hierdie ontleding is 'n "terugskrywe" aan die briefskrywers van *SêNet.* Dié reaksie deur navorser sowel as webmeester, dien ook as motivering vir die ontleding. Bylae B, wat 'n subjektiewe waarneming deur die ontleder is, word juis weens die ongedistansieerde aard daarvan as addendum tot die studie gebruik. Elke onderafdeling van 'n hoofstuk begin met 'n inleiding en eindig met 'n slot om sodoende die amorfe gedeeltes, wat deur sowel die postmodernisme as die persoonlike betrokkenheid van die ontleder teweeggebring is, te knoop. Dié studie is inderdaad 'n "ontleding" wat sowel afstandelik as onafstandelik geskied.

Vir doeleindes van 'n mini-tesis met die gekose invalshoek, sou dit 'n onbegonne taak wees om debatstemas onder bespreking op dié ruimte gedurende die tydperk van ontleding, oorsigtelik in die studie te hanteer. Die temas onder bespreking op *SêNet* word interessantheidshalwe as Bylae A tot die studie aangeheg. Die navorser "heg" ook al die briewe op *SêNet* vanaf Januarie 1999 tot Oktober 2001, metafories "aan" as

"addendum" tot die studie. Dit is die praktiese komponent van die projek. Dié ontleding se doelwit is om oor die materiaal op *SêNet* te besin en die briewe op die ruimte moet met dié studie saamgelees word. Die praktiese werk van die navorser as webmeester word dus ook "ingedien".

*SêNet* word vanuit 'n postmodernistiese oogpunt as achroniese ruimte ontleed. Die begrip "achronies" is nie in die woordeboek opgeneem nie en die navorser hanteer hierdie term as die teenoorgestelde van "chronies". Sy hanteer die begrip met verwysing tot die inhoudelike - die wése, eerder as die instandhouding - van materiaal op *SêNet*. Hierdie term beïnvloed nie slegs die begrippe tyd en plek op die Internet nie, maar beïnvloed ook die aard van die studie weens die ontleder se daaglikse betrokkenheid by die navorsingsveld, in haar hoedanigheid as webmeester.

Die postmodernisme word in dié ontleding as invalshoek aangewend. Hierdie studie is 'n demonstrasie hoedat die postmodernistiese manier van kyk 'n mens kan help om die Internet en die Web te ontleed.

Daar word sowel internasionaal as plaaslik geweldig baie navorsing oor die postmodernisme gedoen. Die doel van hierdie studie is derhalwe nie om die term te (her)definieer nie, maar eerder om dit te gebruik as 'n wyse waarop daar na 'n baie klein onderafdeling van die omvangryke wêreldwye web gekyk word. Met die bybring van die "rekenaarwêreld" word 'n reeds komplekse studie nog meer geproblematiseer, aangesien 'n ander dimensie as die tasbare werklikheid waarbinne die navorser daagliks beweeg, betree word.

Die milieu en sosiale struktuur van 'n gemeenskap wat op die Internet byeenkom, word verder deur 'n hedendaagse mens beskou. Syself is 'n komplekse, paradoksale wese: oedipaal opponerend tot, en terselfdertyd filiaal getrou aan haar voorganger, die modernisme. Die geneigdheid tot meta-kommentaar – kommentaar op die self – is in dié subjek teenwoordig (Hutcheon 1988: 88). Die postmodernistiese tydsgees se self-reflekterende aard (Newman 1985; Waugh 1988; Hambidge 1998; Van Heerden 1997, 1998) deurdrenk ook navorser en studie.

University of Cape Town

Denkbeeldige briefskrywer en werklike leser word in dié studie betrek by 'n gesprek – of indien die leser dit so verkies, dalk 'n "terugskryf"-studie – op wyse baie soortgelyk aan rekenaars wat met mekaar onderling in gesprek tree om die Web daar te stel.

Die rekenaars se mensgemaakte gedagtewêrelde word met mekaar verbind om die Internet-netwerk voor te stel. Die mens agter die sleutelbord tree nou deur middel van 'n enkele rekenaar voor hom met 'n veelheid ander gebruikers in gesprek. Dieselfde teks as voorheen verskyn, maar leser en skrywer wat op *SêNet* aan sy woorde meedoen, kyk na die flikkerende skerm déúr (en met) die postmodernistiese invalshoek as beskermingsmeganisme. Die metakommentaar vestig juis die aandag op dit waarvan die kuberruimbewoner sou wou wegskram.

University of Cape Town

# HOOFSTUK 1
# UITGEBREIDE BEGRIPSVERKLARING

## 1.1 Postmodernisme

### 1.1.1 Definisie

Ten spyte van omvangryke studies hieroor bly die term "postmodernisme" haas ondefinieerbaar, al is daar reeds soveel navorsing aan gewy. Daar word nie voorgegee om in hierdie ontleding 'n volledige studie van die "postmodernisme" te maak of die term te herdefinieer nie, maar eerder om die postmodernistiese tydsgees as "heuristiese instrument" (Van Heerden 1997: 18) aan te wend in 'n beskouing van die *SêNet*-webruimte (sien 1.3). Die webruimte *LitNet* (sien 1.2) se meningsruimte, *SêNet*, word in hierdie studie postmodernisties verken.

Indien hierdie navorser sou probeer om 'n opsomming van die postmodernisme te maak, sou sy dalk afbreuk doen aan die talle studies wat oor 'n komplekse era handel. Daarom word vervolgens slegs na enkele hoofpunte aangaande die begrip verwys. 'n Postmodernistiese invalshoek word in hierdie ontleding aangewend, wat veronderstel dat navorsing oor die postmodernisme deurlopend in die studie geïntegreer is.

Volgens McHale stel die postmodernis ontologiese (1987: 11) vrae (sien 1.1.2). Abrams skryf dat 'n universele waarheid (sien 3.3) in die postmodernistiese tyd bevraagteken word (1988: 109–110).

Hutcheon beskryf die postmodernistiese problematisering van die werklikheid nie as uniek tot dié tydsgees nie, maar " ... the *concentration* (eie kursief – Maartens) of these problematizations in postmodern art is not something we can ignore" (1988: 88).

University of Cape Town

Hambidge definieer die postmodernisme soos volg:

> ... 'n kunsbeweging wat die grense van die kunsmedium ondersoek, (her)definieer en verironiseer (Hambidge 1995: 9).

Newman beskryf die postmodernisme as "bewegend" (1985: 130). Van Heerden verwys ook na die dinamiese eienskap van die postmodernistiese tyd (1997: 11).

Die postmodernisme is vir doeleindes van hierdie studie 'n instrument in die hand van die (brief-)skrywer van die eie "kleingeskiedenis" (Van Heerden 1997: 44; sien 3.3.4), ten einde sy wêreld en dade te beskou terwyl hy skep (vgl. 3.6). Die term bied ook vir die navorser 'n invalshoek waaruit die briefskrywer en sy skeppinge waargeneem word.

Die volgende publikasies aangaande die postmodernisme het onder andere reeds verskyn, en vir doeleindes van die studie word van die inhoud hiervan gebruik gemaak:

Gibson, A. 1999. Postmodernity, ethics and the novel – from Leavis to Levinas. Routledge. London.

Hambidge, J. 1995. Postmodernisme. J. P. van der Walt. Pretoria.

Hilfer, T. 1992. American Fiction Since 1940. Longman Literature in English Series. London.

Hutcheon, L. 1988. A poetics of Postmodernism: History, Theory, Fiction. Routledge. New York and London.

Ibsch, E. 1993. Fact and Fiction in Postmodernist Writing. In: Tydskrif vir Literatuurwetenskap, 9(2), Junie 1999(1): 157-165.

University of Cape Town

McHale, B. 1987. Postmodernist Fiction. Routledge. London.

Newman, C. 1985. The Post-Modern Aura, The Age of Fiction in an Age of Inflation. Northwestern University Press. Evanston.

Thiher, A. 1984. Words in Reflection – Modern Language Theory and Postmodern Fiction. The University of Chicago Press. Chicago.

Van Heerden, E. R. 1997. Postmodernisme en Prosa, Vertelstrategieë in vyf verhale van Abraham H. de Vries. Human & Rousseau. Kaapstad.

Waugh, P. 1984. Metafiction: The Theory and Practice of Self-Conscious Fiction. Methuen. London.

University of Cape Town

**1.1.2 Ontologie en epistemologie**

Die wyse waarop die *SêNet*-ruimte ondersoek word, word bepaal deur die soort vrae wat in die ontleding gestel word.

Die postmodernis stel "ontologiese" vrae aangaande die aard en wese van 'n gebeurtenis: Wie se wêreld is dit dié? Wat moet daarin gedoen word? Watter komponente van my "self", indien enige, moet hierdie taak verrig? Wat is die wêreld? Watter soorte wêrelde is daar, hoe is hulle saamgestel en hoe verskil hulle van mekaar? (McHale 1987: 10).

As die navorser vrae stel oor die soorte werklikhede wat daar is, word die wêreld van die Internet (sien 1.2.2) vir die doel van die studie hierby betrek; meer spesifiek: die virtuele (sien 1.3.3.3) wêreld van 'n gemeenskap wat aanlyn vergader. Dit is hier waar ander reëls as elders geld; die Web (sien 1.2.2) is 'n plek met eiesoortige riglyne (Castells 2000: 388).

Baird kombineer die ontologiese aard van vraagstelling met die rekenaarwêreld:

> The question is no longer "How efficient do computers count votes in a fair election?", but "What is a fair election?" Not merely: "How well do computers help us work?" but "What is the nature of this work?" (Baird 2000: 29).

Die navorser in hierdie projek vra nie net hoe die rekenaar 'n gemeenskap sodanig byeengebring het om interaktief op *SêNet* te verkeer nie; sy vra ook hoe die skrywende Internet-gebruiker daar uitsien (sien 2.2). Laasgenoemde word bepaal deur ondersoek in te stel na die wyse waarop die postmodernistiese klimaat die onderwerp en gesprek op *SêNet* beïnvloed (sien hfst. 3; Bylae A) en ook hoe tyd en plek op die Internet (sien 1.4.3) deur die achroniese (sien 1.4) aard van die ruimte geraak word. Die ontologiese vraagstuk kring wyer uit: dit omvat sowel tegnologie as menslike subjek.

### 1.1.3 Veelvoudige werklikheid

*SêNet* is 'n interaktiewe ruimte op die rekenaarskerm van die ingeskakelde leser. Hoewel hierdie persoonlike rekenaar wel 'n kliniese objek is, kan dit binne die persoonlike leefruimte van 'n gesin gehuisves word. Voor die aanbreek van die postmodernistiese tydperk het 'n rekenaar – tuis of elders – nie bestaan nie. Die postmodernis se werklikheid lyk wesenlik anders as gevolg van die rekenaar en Internet as konstruksies. Hierdie navorser probeer vasstel hoe die postmodernis se realiteit(e) daar uitsien.

McHale praat van 'n veelvoudige realiteit in die postmodernistiese tyd (1987: 39). Die postmodernistiese mens kan in sy woonhuis met sy dagtaak aangaan en terselfdertyd na die "realiteite" van ander op 'n televisieskerm kyk. Sy enkelvoudige werklikheid word deur middel hiervan ineengevleg met ander en word derhalwe 'n veelvuldigheid. Massamedia word dus 'n soort "fiksie" – die onwerklikheid waarheen die individu kan vlug as die "werklike" werklikheid hom op 'n gegewe stadium nie geval nie.

University of Cape Town

McHale praat van die postmodernis se "ontsnappings"-kultuur. Hierby reken hy onder andere die volgende in: stokperdjies, spel, dobbel, seks, vakansies, massamedia, terapie, en die gebruik van alkohol en dwelms (1987: 38).

Hilfer haal Sukenick aan wat sy grootvader se kultuur met die hedendaagse probeer vergelyk. Hy skryf dat vandag se leefwyse meer afgeplat en vloeiend is; minder rigied gedefinieerd (1992: 109).

Een van die kenmerke van die postmodernisme is dat grense afgebreek word en dekonstruksie plaasvind. 'n Enkelvoudige werklikheid, soos die mens dit ken, word deur die postmodernis bevraagteken. Dit geld ook vir die afbakening en vasstelling van kuns binne 'n sekere genre. Pogings word aangewend om alle kunsvorme en -manifestasies gelyk te stel en "doelbewus ernstige kuns te ondermyn" (Van Heerden 1997: 25).

Die postmodernis is gekant teen struktuur en hiërargie. Hy raak veral aktief wanneer daar 'n dissipline is om aan te val (sien 3.4):

> One rarely finds the word Post-Modern used in disciplines in which there is not a canonical structure to attack or dismiss (Newman 1985: 22).

Die postmodernistiese realiteit verskil van vorige realiteit(e). Die "verskil met" 'n realiteit is die opstand teen enige struktuur wat enersyds gebruik en andersyds misbruik word (Hutcheon 1988: 88). Die "verskil van" binne die postmodernisme, het nie 'n einddoel nie. Dit het egter wel 'n gevolg, naamlik die teweegbring van verskillende realiteite. En die hoop word gevestig op iets anders as wat was. Die hoop word dus gevestig op 'n verskil, sonder om 'n verskil te maak.

University of Cape Town

## 1.2 *LitNet*

### 1.2.1 Definisie en doel

Die *LitNet*-webruimte (http://www.mweb.co.za/litnet) is 'n multikulturele, sosio-literêre ruimte. Onder *LitNet* ressorteer daar verskeie onderafdelings (sien 1.3.3.4). Die afdelings verskyn onder mekaar in die inhoudsopgawe van *LitNet* se tuisblad.

Die meeste van die onderafdelings het 'n "*LitNet*"-naam, behalwe vir die formele naam soos genoem in die inhoudsopgawe. Voorbeelde hiervan is die briewekolom as *SêNet*, die Fiksie-ruimte as *NetFiksie*, die Poësie-afdeling as *PoësieNet*, die Geestelike ruimte as *God@LitNet* en die Hygliteratuur-afdeling as *LêNet*.

*LitNet* is 'n Suid-Afrikaans gebore webtuiste waarvan die voertaal oorwegend Afrikaans is. 'n Besoeker aan die ruimte kom hier egter ook heelwat Engels teë, terwyl daar skakels bestaan na onderskeidelik 'n Nederlands-, Xhosa- en Zulu-talige afdeling.

*LitNet* ontleen sy naam aan die groot klem wat op die literatuur en literêre bedrywighede val en waaroor daar aanlyn geskryf word. Op die tuisblad word die slagspreuke "die boekehuis met baie wonings", "voicing South African culture" en "for literary everyone" afgewissel. In die lig van al die ander afdelings, sou *LitNet* egter nie volkome getipeer kon word as 'n suiwer literêre ruimte nie.

Die besoeker tref 'n webwerf aan wat lyk asof dit met die hand geïllustreer is: 'n meer "alternatiewe" visuele indruk as die geval met die rekenaargrafika wat aangetref word op die tuisblad van *LitNet* se diensverskaffer, M-Web (http://www.mweb.co.za).

Die volgende uitnodiging tot interaktiewe deelname word op die tuisblad gerig:

University of Cape Town

> Maak *LitNet* jou kuier- en stryplek. Stem saam of verskil luidkeels. Kom voel tuis of word warm onder die kraag (Van Heerden 1999 http://www.mweb.co.za/litnet).

As aanlyn-joernaal is *LitNet* ingebed in die kuberruim. *LitNet* kan nie elders op dieselfde wyse funksioneer nie; sonder skakeling met die Internet (sien 1.2.2) is *LitNet* niebestaande. Wanneer die ruimte vanuit dié perspektief beskou word, verruim die ondersoeker se studieveld vanselfsprekend.

Van Heerden skryf die volgende oor *LitNet* binne die Web (sien 1.2.2):

> En selfs 'n piepklein ondernemінkie soos *LitNet* bevind sigself sedert daardie eerste saamskommel – in velskoene en met een los skoenveter – in die IT-goudstormloop in 'n ruimte waar verskillende ekonomiese, kulturele en ideologiese kragte toutrek in wat genoem kan word die territorialisering van die kuberruim (Van Heerden 2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp).

Van Heerden, wat die visioenêre en kreatiewe krag is in die daarstelling van die ruimte en as eindredakteur optree, verwoord *LitNet* se praktiese doelwit soos volg:

> om ideologies krities in die wydste sin van die woord te wees: om vrae te opper; om die marginale te vier; om die nuwe en die niebetalende suurstof te gee (2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp),

en gee ook ook sy toekomsvisie vir die onderneming:

> Ons is in dié sin, hoop ek, 'n hiperskakel na 'n nuwe toekoms vir die skeppende krag van ons skrywers, ons musikante, ons akteurs, ons denkers en ons lesers (2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp).

University of Cape Town

*SêNet* is die meningskolom en brieweruimte van hierdie onderneming.

### 1.2.2 *LitNet* en die Internet

Die Internet is die grootste rekenaarnetwerk in die wêreld (Krol 1992: xix).

Smith definieer die Internet gewoon as 'n netwerk van rekenaarnetwerke (Buys 2000: 11).

Daar word onderskei tussen die Internet en die "world wide web".

Krol verduidelik die situasie soos volg:

> Die www is 'n poging om al die inligting op die Internet – plus die gelokaliseerde inligting wat 'n mens verlang, as 'n stel "hypertext"-dokumente – te organiseer (1992: 229).

Buys omskryf die onderskeid tussen Internet en www soos volg:

> The Web is currently the most popular on-ramp to the Internet's information and although the terms Web and Internet are often used synonymously, they are actually two different things. The Internet is the global association of computers that carries data and makes the exchange of information possible. The Web is a subset of the Internet – a collection of interlinked documents that work together using a specific Internet protocol called HTTP (2000: 14).

Ofskoon die begrippe "Internet" (Net) en "web" (www) streng gesproke verskil (die eerste is 'n uitgebreider konstruksie as die tweede), word hulle vir die doeleindes van hierdie ontleding populêr, dit wil sê as sinonieme gebruik.

University of Cape Town

*LitNet* word gehuisves in hierdie aaneengeskakelde ruimte van inligting.

### 1.2.2.1 Die Internet en die postmodernisme

Die Internet het ontstaan en brei uit binne die postmodernistiese tyd (sien 1.1.1). Die groeiproses van die postmodernisme word deur Roodt beskryf as "'n vorm van denke wat as 't ware chaoties groei deur middel van bogrondse en ondergrondse wortels met sy begrip van die risoom" (2000: 47–55).

Net soos die tydsgees word ook die Internet-verskynsel as "risomaties" beskryf:

Voorlopig sou 'n mens kon praat van die postmodernistiese werklikheid wat plek gemaak het vir die risomatiese fantasmagorie, 'n soort kuberruimte waar niks voorspelbaar is nie (Roodt 2000: 47–55).

Van Heerden verwys na Chesher se beskrywing van die Internet as 'n "kennelik postmodernistiese data-omgewing", veel eerder "labirint ... as snelweg" (Van Heerden 2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp).

Die ooreenkoms strek verder as eksterne, ooglopende chaos. Die "problematiek van die Web" (Van Heerden 2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp) wat kwessies insluit soos "die problematisering van waarheid, die inkalwing van hiërargieë, die versplintering van outeurskap, die eklektiese polivalensie, die afbreek van grense, die problematisering van gehalte" (Van Heerden 2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp), word in dieselfde idioom as die "problematiserende postmodernisme" (Hutcheon 1988: 88) verwoord.

Die tydperk waarbinne die Internet ontstaan het en die ruimte waar *SêNet* gehuisves word, hou kennelik bloedskandig met mekaar verband.

University of Cape Town

**1.2.2.2 Die Internet in Suid-Afrika**

*LitNet* is 'n Suid-Afrikaans geskepte webruimte. Die vraag ontstaan of die Internet hier ter plaatse daar anders uitsien as elders, en wat die problematiek in dié verband sou wees.

Die Internet is geskep sodat elke rekenaar op gelyke voet met elke ander rekenaar in die netwerk kon kommunikeer (Krol 1992: 11).

Hierdie premisse geld steeds. Enige tuisrekenaar het vandag inderdaad slegs 'n modem nodig om met ander regoor die wêreld verbind te wees, ten einde elke denkbare vorm van inligting te kan uitruil.

Die oënskynlik ongekompliseerde toeganklikheid van die Internet en die bedrieglik geringe geldelike uitleg deur die voornemende Internet-gebruiker betrek egter onmiddellik aspekte van magsverhoudinge: kan die gemiddelde Suid-Afrikaner 'n tuisrekenaar, 'n modem en die volle finansiële verantwoordelikheid (o.a. diensverskaffingskontrak, lopende koste, anti-virusprogramme) wat met die gebruik van die Internet saamhang, hanteer?

Vanuit 'n ekonomiese oogpunt is die Internet almal nie beskore nie. Die gevaar bestaan dat die kuberruim die kloof tussen die twee pole van die sosio-ekonomiese spektrum kan laat verwyd en verdiep.

Castells skryf soos volg oor die Internet in 'n Derde Wêreld:

> ... the process of increasingly divergent development paths in the Third World, [*does*] in fact [*constitute the*] ending [*of*] the very notion of "a Third World", on

> the basis of the differential ability of countries and economic agents to link up with informational processes and to compete in the global community (2000: 100).

Pearson beklemtoon die probleem dat die Internet slegs beskikbaar is vir diegene wat die finansiële hef in die hand het. Die probleem vergroot omdat slegs diegene wat 'n spreekbeurt op die kuberruim het, oor die vermoë beskik om 'n elektroniese skadubeeld van hulself te bou. Elkeen met tuisrekenaar en modem kan enige tyd hierdie ruimte betree en/of verander. Maar saam met die tegnologiese vooruitgang groei die gaping tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande (1999: 92–93).

Volgens die webblad http://www.capecourtesy.com/pages/general-cape-town.htm, is Suid-Afrika sewentiende in die wêreld wat die gebruik van die Internet betref " ... and Internet Cafés are plentiful".

Die statistieke van http://www.odci.gov/cia/publications/factbook/geos/sf.html#Comm, toon egter dat slegs 1, 8 miljoen Suid-Afrikaners uit 'n totale bevolking van 43 586 097 (1996-sensus), Internet-gebruikers is. Slegs 'n klein persentasie Suid-Afrikaners is dus finansieel in staat of opgelei om aanlyn te kan kommunikeer.

Die diensverskaffer is 'n bepalende faktor ten opsigte van die getal Internet-gebruikers wat toegang tot die *SêNet* ruimte het. M-Web huisves die tuisblad van die *LitNet*-gespreksruimte.

Die problematiek van die Suid-Afrikaanse, asook wêreldwye Internet-bedryf binne die postmodernistiese tyd, waar vrae aangaande beheer (Hutcheon 1988: 89) geopper word, hou direk verband met die ekonomiese maghebber (Pearson 1999: 92–93) binne enige gegewe tydruimte. *LitNet* word vanselfsprekend hierdeur geraak. Breedvoerige navorsing aangaande die Suid-Afrikaanse Internet-bedryf val egter buite hierdie studie.

University of Cape Town

Wat wel hier van noemenswaardige belang is, is dat ofskoon tyd en plek op die Internet (sien 1.4.3) daar anders uitsien as in die "werklike" realiteit, *SêNet* in vele opsigte 'n Suid-Afrikaanse gespreksruimte is. Dit is merkbaar aan sowel die geskrewe taal (sien 3.1) van die gesprekvoerders, as die feit dat die voormalige ekonomiese maghebbers in Suid-Afrika, naamlik die blankes, geredeliker tot die gesprek toegetree het gedurende die tydperk wat die navorsing geduur het.

**1.2.2.3 Die Internet en ambivalensie**

Die ambivalensie van die hedendaagse mens met betrekking tot die rekenaarwêreld word juis weens die postmodernistiese neiging daartoe, in hierdie navorsing uitgelig. Hutcheon (1988: 106) skryf dat die postmodernis strukture tegelykertyd gebruik én misbruik. Die ontleder sien die Internet as tegnologiese struktuur wat ook op hierdie teenstrydige wyse aangewend word (sien 3.3.5) om enersyds die graad van afhanklikheidsvorming te benut en dit andersyds te ondermyn.

University of Cape Town

Abrahams verwoord 'n verdere dubbelslagtigheid: vir sommige is die Internet 'n waardevolle bron van inligting, vir andere 'n chaotiese doolhof. Terwyl sommige mense kommunikeer op die Internet, voel dit vir ander asof daar inbreuk gemaak word op hulle privaatheid. Dan is daar diegene wat die Internet beskou as 'n vars en nuwe soort vermaak, terwyl ander dit as obseen beskou. Tog:

> Some see the Internet as a challenge, others as a passing craze. However we look at it – the way people trade, communicate, entertain, research and educate will never be the same again (1995: 28).

Van Heerden beskryf die positiewe energie van die Internet as "spontaan en onvoorspelbaar. Onkwantifiseerbaar" (*Die Burger* 2001: 4). Hy verwoord ook 'n bewustheid dat die mens as skepper van die rekenaarnetwerk by die tegnologie ineengevleg raak.

Baird sien die Internet as 'n unieke omgewing. Terselfdertyd steek ambivalensie kop uit: die kuberruim veroorsaak die ontstaan van dilemmas wat uniek en tot nog toe ongekend was. Die interaksie tussen duisende individue wêreldwyd en die dinamiese en onstuitbare vloei van kennis in alle windrigtings is volgens hom hiervoor verantwoordelik (2000: 10).

Teenoor hierdie virtuele (sien 1.3.3.3) menslike konstruksie – die Internet (sien 1.2.2) – kan die mens as die skepper daarvan, nie apaties staan nie. Die effek van die Internet is vérrykend en die mens ervaar ambivalensie (sien 3.3.5) omtrent sy grenslose, elektroniese bousel. *LitNet* se noue verwantskap met die Internet laat dié ruimte nie aan die ambivalensie ontkom nie.

**1.2.2.4 Die Internet en intertekstualiteit**

Rekenaars wat deur die Internet verbind word, voeg die subjekte binne die postmodernistiese klimaat oor tyd en afstand (sien 1.4.3) heen saam. In hierdie studie word gevra wie die Internet-gebruiker, met ander woorde die briefskrywer (sien 2.2) synde die navorsingsonderwerp, eintlik is en hoe die verbintenis tussen die subjekte op die Internet manifesteer. Die materiaal op *SêNet* word hiermee in verband gebring (sien hfst. 3; Bylae A).

Die begrip intertekstualiteit " ... is used to signify the multiple ways in which any one literary text echoes, or is inseparably linked to, other texts" (Abrams 1988: 247). Die Internet as netwerk van gekoppelde rekenaars is in sigself reeds interteks.

Die Internet-leser wat terselfdertyd ook die *SêNet*-briefskrywer (sien 2.2) is, is dus 'n meervuldige wese.

Freud (1913: 68) haal Burdach aan wanneer hy skryf oor drome as manifestasies van die mens se ongeordende gees. Die impulse van die psige word laag op laag geberg om

University of Cape Town

onverwags te herleef. Voor die koms van die postmodernisme (sien 1.1) gebruik Freud reeds die woorde "free play" (Hassan, aangehaal deur Van Heerden, 1997: 39) wanneer hy drome bespreek.

Newman (1985: 32–33) skryf oor die veelsydigheid van die postmodernistiese (sien 1.1) samelewing en die gefragmenteerdheid soos in die letterkunde weerspieël, wat juis die gevolg is van al die uiteenlopende stemme.

Castells (2000: 401) gebruik karaoke (na-singery) as illustrasie van intertekstualiteit in die hedendaagse samelewing: 'n vreemdeling sing 'n gewilde lied in 'n openbare plek, maar die toehoorders is reeds so bekend met die oorspronklike melodie, dat die vertolking daarvan deur 'n onbekende nie die oorspronklike lied se bestaan skade aandoen nie. [Dit is duidelik dat intertekstualiteit wat op hierdie wyse beskryf word, ook noue verband hou met die parodie (sien 3.4.2).] Intertekstualiteit vind plaas omdat die liedjie se fop-weergawe ooreenstem met die oorspronklike vertolking wat reeds in die postmodernistiese psige geïntegreer is.

Hilfer (1992: 109) gebruik 'n minder gesaniteerde beeld: die gees van die postmodernis word inderwaarheid 'n snippermandjie.

Binne die Web waar rekenaar met rekenaar verbind is, word die postmodernis dus die "recycle bin" wat as ikoon op die rekenaarskerm aangedui word. Die vullisdrom van die kollektiewe psige (Hilfer 1992: 109) bevat in hierdie fase van die wêreldgeskiedenis al soveel algemene kennis, dat briefskrywers op 'n ruimte soos *SêNet* (sien 1.3) begrippe en name so argeloos in hul briewe gebruik, dat hul parodieer en elke vorige impuls op die webruimte as interteks gebruik. Dit blyk duidelik uit onderstaande titels van briewe:

*4 Julie 2001, KARL MARX EN JACQUES DERRIDA IN AFRIKA, Onrusstoker*[1]

[1] Die konvensie met betrekking tot die verwysing na 'n brief is deurlopend dieselfde: datum, titel van brief, naam van briefskrywer.

University of Cape Town

*7 November 2000, ETIENNE VAN ZYL, LACAN EN VIOLENCE, Chanel Britz*

*11 Desember 2000, HI MAAT-VERS VIR MÝ LOVELY ... GEWONE KRITIEK (3), HK (alias Henry Higgins)*

*28 November 2000, SLEEPLESS IN SOUTH AFRICA, Anna-Marié R (onbeminde)*

*7 Julie 2001, KOUE SPINNEKOPPE, FLARDE VEL EN SPOEG, Koorstig*

*2 Julie 2001, BESTE SLAP TJIPS ..., Kleinboer*

Binne hierdie konteks raak die definisie van die begrip "interteks" wyer. Op die Internet is daar groot volumes materiaal wat in wese reeds interteks is, met mekaar verband kan hou en sodoende opnuut interteks is.

University of Cape Town

**1.3 *SêNet***

**1.3.1 Definisie en doel**

*SêNet* (http://www.mweb.co.za/litnet/senet) is *LitNet* (sien 1.2) se briewekolom en meningsruimte. Die webmeester plaas ses dae per week materiaal in die vorm van briewe op hierdie webtuiste. 'n Ongeskrewe keuringsproses bepaal watter briewe geplaas word, terwyl die uitvoerende redakteur van *LitNet* – wat ook *SêNet* se eindredakteur is - finale seggenskap het oor die plasing daarvan. Meer ongesensorde weergawes van mense se menings word hier weergegee as wat die geval is in die briewekolom van 'n dagblad soos *Die Burger* (sien 1.3.3.1). Verder is daar 'n geneigdheid op *SêNet* om persoonlik te raak en persoonlike detail weer te gee (sien 3.1.3 en 3.3.4).

Uit die aard van die literêre agtergrond waaruit die *LitNet*-joernaal (sien 1.2) groei, kan die *SêNet*-leser straks verwag om intellektuele debat met bloot letterkundige fokus hier te vind.

Stefik (1999: 18) skryf dat 'n uitvinding se eindbestemming dikwels nie ooreenstem met wat die uitvinder daarvan daarvoor in gedagte gehad het nie. Van *SêNet* is al gesê dat hier "verbastering" plaasvind. Hambidge (2000 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/16hambidge.asp) skryf spesifiek oor *SêNet* dat daar "hibriditeit" op die ruimte aanwesig is.

Die groei op die ruimte is dus ongekontroleerd (sien 1.4.2). Daar het van die begin af 'n sterk moontlikheid bestaan dat die "uitvinding" in 'n ander rigting gaan beweeg as wat 'n mens sou kon voorspel.

Die vraag is steeds wat *SêNet* as die briewekolom van 'n aanlyn-joernaal, in wese is. Is dit 'n briewekolom soortgelyk aan dié van 'n dagblad (sien 1.3.3.1)? Of 'n kletskamer (sien 1.3.3.2)? Of dalk 'n virtuele gemeenskap (sien 1.3.3.3)? Hierdie navorser tref vergelykings met hierdie gespreksomgewings in bogenoemde afdelings, ten einde *SêNet* as interaktiewe ruimte te plaas.

### 1.3.2 *SêNet* en die postmodernisme

Dit sou gerieflik wees om die problematiek verbonde aan die vaspen van 'n begrip soos die "postmodernisme" (sien 1.1) as verskoning te gebruik waarom *SêNet* wat in dieselfde tydsgees gebore is, ook aan 'n vaste definisie ontglip. Hierdie ontleding fokus eerder op raakpunte en verskille tussen *SêNet* en bogenoemde ruimtes (sien 1.3.3), in plaas daarvan om na 'n enkele afbakening te soek.

Castells skryf dat massakultuur binne die postmodernisme 'n keuse geword het. Die massamedium genereer nismarkte en -bestemmings waar gemeenskappe kan kuier of aanbly as hulle gemaklik in die geselskap van die aanwesiges voel. Te midde van (en as gevolg van) die veelheid van waarhede en keuses van die postmoderisme, tree selektiwiteit na vore:

University of Cape Town

> Because of the multiplicity of messages and sources, the audience itself becomes more selective. The targeted audience tends to choose its messages, so deepening its segmentation, enhancing the individual relationship between sender and receiver (Castells 2000: 368).

As 'n gemeenskap oorwegend in Afrikaans met mekaar wil gesels oor literêre aangeleenthede, politieke gebeure, godsdiens, woordspel, persoonlike en intiem seksuele ervaringe (sien hfst. 3; Bylae A), dan kán dit. *SêNet* is geskep, en het 'n momentum en lewe van sy eie ontwikkel ten einde verder in die smaak te val van daardie gebruiker wat na 'n eiesoortige nismark soek.

Op die *SêNet*-ruimte word 'n "virtuele gemeenskap" [begrip hier populêr gebruik (sien 1.3.3.3)] byeengebring wat vergader rondom 'n gedeelde belangstelling: die letterkunde. Die alternatiewe aanslag wat onmiddellik uit die tuisbladgrafika spreek, is 'n moontlike heenwys na wat die leser (en deelnemer) te wagte kan wees, hoe hy homself kan voordoen, of wie hy kan word gedurende sy tyd as briefskrywer (sien 2.2.2).

Cyberdewd skryf oor die gebrek aan fisiese teenwoordigheid van 'n virtuele gemeenskap (sien 1.3.3.3). Op die vraag of 'n gemeenskap waarlik bestaan as die lede daarvan mekaar nie in die oë kan kyk nie, het hy deur persoonlike betrokkenheid 'n antwoord verkry:

> A real-time virtual community is something that simply cannot be understood by an outsider. Critics of the concept of a digital community are simply those who haven't bothered to experience it at first hand. As with everything, it is not possible to understand something unless you actually immerse yourself in it (Cyberdewd 2001 http://members.aol.com/Cybersoc/is2cyberdude.html#Internet).

En dan val dit dalk die leser op dat 'n gesiglose figuur met die skuilnaam "Cyberdewd" die woorde van Harper Lee in To kill a Mockingbird eggo:

University of Cape Town

> Atticus was right. One time he said you never really know a man until you stand in his shoes and walk around in them (1960: 285).

Die navorser beskou nie slegs *SêNet* van buite nie, maar ook van agter die skerms. *SêNet* self (sien 3.6) is een van die temas wat voortdurend ook binne die ruimte onder bespreking is.

### 1.3.3 *SêNet* – in vergelyking met:

Om 'n vergelyking te tref tussen *SêNet* en elk van die ruimtes wat oorsigtelik in hierdie afdeling hanteer word, het ten doel om *SêNet* in konteks te plaas. Nie elke vraag wat rondom dié ruimte ontstaan, kan in 'n mini-tesis beantwoord word nie. Gevolglik stel die navorser daardie vrae wat volgens haar spruit uit wat 'n aanlyn-gesprekruimte binne 'n sosio-literêre webtuiste eintlik is, en bring dan onderstaande hiermee in verband.

#### 1.3.3.1 Briewekolom van *Die Burger*

Die Kaapse Afrikaanse koerant, *Die Burger*, het 'n daaglikse (vgl. 1.4) briewekolom, waar soveel briewe as wat op die halwe blad geakkommodeer kan word, geplaas word. 'n Briefskrywer verskaf sy naam en adres aan die koerant waarheen hy skryf, selfs al sou die brief byvoorbeeld onder "Anoniem" verskyn (vgl. 2.2.2). Briewe kan verkort word om die inhoud daarvan te laat inpas op die biadsy; dit is ook nie vanselfsprekend dat die brief sal verskyn op dieselfde dag as wat die briefskrywer dit by die koerant besorg nie.

Die leser kan verwag dat briewe in *Die Burger* sal handel oor dieselfde onderwerpe as waaroor binne 'n spesifieke tydsgewrig gereeld berig word. Vergelyk in hierdie opsig titels soos:

> *Tyd dat Hansie vergewe word, 18/01/2002*
> *Bybel lukraak ingespan, 19/01/2002*

University of Cape Town

*Gebruik geld om motoriste op te lei, 18/01/2002*
*Kwotas vir sportlui steeds nodig, 17/01/2002*
*Morkel planloos oor armes, 17/01/2002*
*Misdaad, 14/01/2002*

Dit is egter opvallend dat 'n brief soos "Tyd dat Hansie vergewe word", eers op 18 Januarie 2002 verskyn – 'n geruime tyd nadat die nuuswaardigheid van Cronjé se beweerde betrokkenheid by wedstryduitslagknoeiery in die krieketwêreld, opslae gemaak het. Die navorser kan nie te kenne gee dat enige koerant se briewekolom objektief is en dat briewe suiwer op aktuele, "nuuswaardige" gebeure toegespits is nie.

As brieweruhriek het *SêNet*, daarenteen, onbeperkte spasie. Briewe word slegs afgekeur as die inhoud daarvan lasterlik (sien 2.1.3) is. Die keuringsproses (sien 2.1.2) van 'n brief vir *SêNet* is onnoemenswaardig, ofskoon die eindredakteur die deurslaggewende gesag het wat plasing betref. Briefskrywers stuur soms briewe na *SêNet* wat nie deur koerante se briewekolomme geakkommodeer word nie. Vergelyk in hierdie opsig die inhoud van die volgende:

*28 Julie 2001, BRIEF AAN DIE NRC HANDELSBLAD, Gerrit Brand*

*LitNet lesers, hieronder volg 'n brief wat ek aan die Nederlandse koerant, die NRC Handelsblad, geskryf het na aanleiding van 'n ongelooflike onprofessionele en eensydige artikel oor vigs in Suid-Afrika, wat in dié gerespekteerde publikasie verskyn het. Die blad het besluit om die brief nie te plaas nie. Hulle mededeling aan my in dié verband, asook my antwoord daarop, volg na die brief ...*

Die effek van die toestroming van materiaal na *SêNet* kan (hoewel nie op bg. brief as sodanig gerig nie) aanleiding gee tot reaksie deur kritici en selfs die *LitNet*-redaksie, soos blyk uit 'n brief wat op *SêNet* verskyn het onder die opskrif: *29 Augustus 2000, LITNET SE ROMMELHOOP, Joan Hambidge*. Hieroor skryf die redaksie soos volg:

> *Ja-nee, die redaksie voel ook dat ons die vliegtuig se neus effe moet lig hier. Dis nou wel die Internet, maar ons sou graag ook toesien dat mense die bal speel, en nie die vrou of man nie. Sal almal dus hard probeer? — Uitvoerende redakteur*

'n Leser van *Die Burger* verwag afgebakende interaktiwiteit: spasie beperk 'n onbepaalde hoeveelheid reaksie op 'n vorige dag se brief. Ten einde 'n regverdige spreekbeurt aan verskillende stemme te gee, bring *Die Burger* se briewekolom nie dieselfde gemeenskap (vgl. 1.3.3.3) byeen nie. In wese toon *SêNet* en *Die Burger* se briewe intrinsieke verskille, juis omdat die plasingsruimte tussen die twee nie ooreenstem nie.

**1.3.3.2 Kletskamers**

Hoewel *SêNet* net so 'n interaktiewe ruimte soos 'n kletskamer is, verskil dit tog wesenlik daarvan. Die achroniese (sien 1.4) aard van die ruimte hou implikasies in wat tydsaspekte betref. Die aard van 'n kletskamer is om deurlopend te kommunikeer – en daarby so kort en bondig moontlik. Wat ruimte op *SêNet* betref: daar is onbeperkte spasie, ook per spreekbeurt. 'n Kletskamer-gesprekvoerder kommunikeer met heelwat afkortings en skryf een reëltjie neer, voordat hy terugstaan en op reaksie wag. Anders as binne 'n kletskamer, is die materiaal wat op *SêNet* verskyn in brief-formaat.

Buys se definisie van klets ("chat") is die volgende:

> A form of interactive online communication that enables typed conversation to occur in real-time. When participating in a chat discussion, your messages are instantaneously relayed to other members in the chat room while other members' messages are instantaneously relayed to you (2000: 37).

Cyberdewd onderskei tussen vyf vorme van Internet-klets: "telnet", "IRC", "web chat", "direct chat" en "world chat". Verder skryf hy:

University of Cape Town

> All of these mediums are different ways of allowing people from all over the world to come together and interact on a real-time basis (2001 http://members.aol.com/Cybersoc/is2cyberdude.html#Internet).

Die briewe op *SêNet* word nie binne horlosietyd ("real time") geplaas nie. Die chroniese (sien 1.4) verloop van die ruimte word hoofsaaklik teweeg gebring deur die bewerking van 'n tussenganger, die webmeester (sien 2.1), wat eers die inhoud van die briewe onder oë kry.

Die deursnee-leser behoort 'n brief op *SêNet* te kan verstaan, sonder om agtergrondkennis te hê van kletskamer-jargon waar byvoorbeeld afkortings gereeld gebruik word.

Soos in die geval van 'n koerant se briewekolom (sien 1.3.3.1), moet beskikbare ruimte in 'n kletskamer in ag geneem word. 'n Kletskamer akkommodeer slegs daardie sin wat op die skerm verskyn. 'n Brief op *SêNet* kan egter van onbeperkte lengte wees.

Tog bring die *SêNet*- ruimte mense van oor die wêreld byeen om interaktief met mekaar te verkeer. Streng gesproke is dit presies wat in 'n kletskamer gebeur, met dié verskil dat die byeenkoms slegs een maal per dag plaasvind. Die SêNet-"byeenkoms" vind tegnies voortdurend plaas, afhangend wanneer die ruimte – elke minuut van die dag of nag – besoek word. Die webmeester dateer die ruimte egter net een maal per dag op.

Van Heerden skryf oor die afstandelike "burgerskap" wat een gereelde briefskrywer op die ruimte verkry het:

> Annesu de Vos wat uit Kanada opnuut virtuele burgerskap van Suid-Afrika gevestig het via *LitNet* se *SêNet* (...) toon hoedat landsgrense verbrokkel en mense lyfloos oral teenwoordig en spraaksamig kan wees (*Die Burger* 2000: 8).

University of Cape Town

Alhoewel die gesprekke op *SêNet* juis vanweë tydsruimtelike verskille nie as klets beskryf kan word nie, is die volgende vraag dan of 'n gemeenskap hom hier vestig (vgl. 1.3.3.3).

**1.3.3.2.1 Afrikaanse klets**

Op die Internet bestaan daar heelwat Afrikaanse kletskamers. Die navorser het bevind dat 'n mens die woorde "Afrikaans-klets" by 'n soekenjin soos http://www.google.com kan intik, waarna 'n magdom adresse soos die volgende beskikbaar gestel word:

http://www.roekeloos.co.za/kletskamer.html
http://www.egafrikaans.co.za
http://iafrica.com/chat/online/afrikaans/index.htm

'n Afrikaanse kletskamer met sy oorsprong in Brittanje, soos uit die webadres afgelei kan word (http://www.mirc.co.uk/translations/afrikaans.html), verduidelik IRC as 'n vorm van klets, soos volg:

> IRC ("Internet Relay Chat") is 'n denkbeeldige vergaderplek, waar mense van al oor die wêreld kan ontmoet en praat, wel – tik. ... Alle hoofrekenaars is aan mekaar gekoppel en stuur boodskappe van gebruiker na gebruiker oor die IRC netwerk. Jy sal kan deelneem aan groepbesprekings op een van die duisende IRC kanale, op een van die honderde IRC netwerke, of net in privaat praat met familie en vriende, waar okal (sic) in die wêreld hulle mag wees. Jy sal 'n groot verskeidenheid van menslike belangstellings, idees, ens. op IRC vind (2002 http://www.mirc.co.uk/translations/afrikaans.html).

Die ooreenkoms tussen 'n kletskamer en *SêNet* is grotendeels geleë in die interaktiwiteit van albei ruimtes; in die geval van 'n kletskamer is daar egter 'n simultane (sien 1.4) interaktiwiteit.

University of Cape Town

**1.3.3.3 Virtuele gemeenskappe**

In watter mate is *SêNet* 'n egte "virtuele gemeenskap"? Ten eerste moet vasgestel word wat 'n "virtuele gemeenskap" is.

Hamman skryf in sy artikel Introduction to Virtual Communities Research and Cybersociology (2001 http://members.aol.com/Cybersoc/is2intro.html) hoe moeilik hy dit vind om die begrip "gemeenskap" te definieer:

> It seems that many of these definitions are based upon value judgments and political viewpoints rather than social scientific reasoning, making consensus upon one sociological definition for the term impossible to reach thus far. Even the Oxford Dictionary of Sociology states that "the ambiguities of the term community make any wholly coherent sociological definition of communities, and hence the scope and limits for their empirical study, impossible to achieve' (2001 http://members.aol.com/Cybersoc/is2intro.html).

Hy berus hom by Hillery se omskrywing van die sosiologiese term "gemeenskap": 'n Groep mense wat sosiaal interaktief verkeer, verbind deur gemeenplase ("common ties") en wat vir 'n kort rukkie in dieselfde omgewing verkeer.

Aanvaarding binne 'n gemeenskap is baie belangrik, waar hierdie groep mense ook al saamkom. Hierdie kenmerk van die gemeenskap, naamlik die groepsgevoel is een van die ontstaansredes daarvoor:

> Since the term community in both its everyday and sociological usage is almost always used in a positive, almost warm and fuzzy way, it is not at all surprising that we find that many have lamented it's loss over the past century as we have shifted from rural to urban societies (Hamman 2001 http://members.aol.com/Cybersoc/is2intro.html).

University of Cape Town

Hamman praat dus oor die hedendaagse mens se gevoel van verlies aan 'n egte gemeenskap wat as 't ware op die markplein vergader. Hamman praat van die verlies aan 'n "Great Good Place": 'n neutrale vergaderplek waar die mens weg kan wees van sy huis en sy werk. Tog lyk dit asof hierdie hunkering na of behoefte aan menslike interaksie hom inderdaad elders kan manifesteer. Cyberdewd skryf oor sy uiters persoonlike ervaring van Internet-kommunikasie:

> For one who has led a less than exuberant social life, internet chat can be exhilarating. In the first month on-line, I met more people then I had in 39 years of real life (i.e. non-computer-mediated) existence. This is something that takes some getting used to, the sheer vastness and vitality of the chat scene. It can only be compared to a gigantic party with tens of thousands of rooms; a party that never stops, that includes people from all over the world, that is totally safe and non-threatening, that lets you put on any disguise, be any age or gender or appearance, and talk in half a dozen rooms simultaneously (2001 http://members.aol.com/Cybersoc/is2cyberdude.html#Internet).

Rheingold gee 'n minder persoonlike opsomming van hoe hy 'n virtuele gemeenskap ervaar:

> Virtual communities are cultural aggregations that emerge when enough people bump into each other often enough in cyberspace (2001 http://www.well.com/user/hlr/vcbook/vcbookintro.html).

Hierdie gemeenskappe ontstaan geredelik binne die neutrale bymekaarkomplekke van die Internet.

Hamman skryf dat dit soms moeilik kan wees om deel te raak van 'n Internet-gemeenskap en dat sommige "CyberSpace groups (channels or rooms)" meer geneig is om klieks te

University of Cape Town

vorm as ander. Die soort mense wat hier vergader, speel 'n groot rol in die gevoel van persoonlike aanvaarbaarheid en aanvaarding deur ander van die nuwe toetreder. As hulle vriendelik is, voel 'n vreemdeling maklik tuis. Maar, meen hy:

> ... as in real life, it is the loudest, most boisterous and extroverted people who get ahead (Hamman 2001 http://members.aol.com/Cybersoc/is2intro.html).

Volgens Hamman is dit opvallend dat soveel materiaal aangaande Internet-geselskap so subjektief geskryf is, dat persoonlike ervaring hieromtrent gedurig voorop gestel word:

> The amazing thing about this sort of thing is that after a very short time you forget that all you are doing is typing messages and throwing popups around. The words and emotions come alive and it is as if you are actually there physically. In this case it really is a true 'virtual' community (2001 http://members.aol.com/Cybersoc/is2intro.html).

Van Heerden skryf oor *SêNet*.

> Hierdie ruimte is nie 'n egte MUD- of MOO-ruimte of kletskamer nie, omdat die briewe eers versorg en gekeur word voor plasing. Maar dit het tog baie van die kenmerke van 'n egte kuberkamer (*Die Burger* 2001: 8).

Castells dui daarop dat 'n aanlyn-gemeenskap inderdaad 'n gemeenskap is, maar dat ander patrone en reëls geld as in 'n fisiese gemeenskap. Die gemeenskap is egter nie "unreal" nie, maar gewoon anders.

'n Eie dinamika ontstaan. Reëls só onafgebaken en wispelturig word gebore, dat die volgende gesê kan word: "The Net is the Net" (Castells 2000: 388).

University of Cape Town

Die virtuele gemeenskap moet as 't ware kompenseer vir al die onsigbare liggame agter die rekenaarskerms; "werklike" virtualiteit moet gegenereer word in 'n omgewing van letterafbeeldings (Best 1999: 5). Die steeds aanwesige liggaamlike bewustheid (vgl. 3.2) het ooreenkomste met *SêNet*. Die groep mense wat gereeld binne die *SêNet*-kamer vergader, vorm 'n eiesoortige virtuele gemeenskap (vgl. ook 1.3.3.3.2).

**1.3.3.3.1 Literêre webruimtes**

Indien die navorser die woord "virtuele gemeenskap" populêr gebruik en daarmee verwys na 'n gemeenskap wat op die Internet rondom 'n gemeenskaplike belangstelling vergader, sou die letterkunde as gemeenplaas gebruik kon word. *LitNet* het ontstaan as literêre ruimte, maar te oordeel aan al die materiaal op die ruimte (sien 1.3.3.4), is die ruimte se fokus nou kultureel wyer. Oor *LitNet* skryf Van Heerden, kort ná *LitNet* se ontstaan:

> *LitNet* is 'n onafhanklike literêre joernaal wat slegs op die Internet beskikbaar is. *LitNet* se slagspreuk lui: "Die boekehuis met baie wonings", en daarom huisves *LitNet* verskeie tuistes, waarin uiteenlopende sake rondom skrywers, boeke en lesers ter sprake kom (Van Heerden 1999 http://www.mweb.co.za/litnet/wie/default.asp).

Vanweë die interaktiwiteit van *SêNet* wat beslis nie net oor letterkundige (sien hfst. 3; Bylae A) aangeleenthede handel nie, word *LitNet* op hierdie stadium eerder as sosio-literêr getipeer.

Die Internet huisves heelwat suiwer literêre webruimtes en dit is onmoontlik om elkeen hiervan te besoek. Vir doeleindes van hierdie studie, beskou die navorser slegs twee webruimtes met literêre fokus: een daarvan as gevolg van die ooreenstemmende naam met *LitNet* - *Lit-net* - alhoewel 'n koppelteken in laasgenoemde geval strategies ingevoeg is (2001 http://www.lit-net.org). Die ander ruimte is 'n kletskamer (sien 1.3.3.2) ingebed in 'n literêre ruimte, genaamd http://www.dictionary.com. Die navorser kies hierdie ruimte

University of Cape Town

as vergelykende omgewing weens sy sigbaar talige (sien 3.1) bewustheid en omdat die "interaktiewe" ruimte, die http://www.dictionary.com-gespreksforum, 'n onderafdeling is van die groter ruimte http://www.dictionary.com, soos wat *SêNet* ook net één komponent is van *LitNet*.

Die doelstellings van laasgenoemde ruimte kom ooreen met, maar verskil ook van dié van *LitNet*.

Onderafdelings op *Lit-net*, is onder andere: *Birmingham Noir, Competitions, Fiction, Quiz, News, Non-fiction, Poetry* (2001 http://www.lit-net.org).

Dit is moontlik om aan *Lit-net* te skryf en 'n mening te lug oor wat jy as leser van die ruimte dink, maar die reaksie van die leserspubliek manifesteer nie op die skerm nie. Daar bestaan geen ooreenkoms tussen *LitNet* se briewekolom, *SêNet*, en *Lit-net* nie, buiten vir die aanvanklik literêre oorsprong van albei tuisblaaie.

Ten einde raakpunte met *SêNet* na te vors, is ook ander Internet-ruimtes met duidelike taalbande (vgl. 3.1) maar sigbaarder interaktiwiteit tussen leser en blad, opgesoek.

Die webruimte http://www.dictionary.com is 'n voorbeeld van 'n Internet-ruimte met suiwer taalkundige fokus. 'n Shakespeare-aanhaling, naamlik *POLONIUS. What do you read, my lord? HAMLET. Words, words, words*, is die eerste vraag aan die besoeker wat by die gespreksforum (http://forums.delphiforums.com/dictionary) aansluit. Dié forum heet *The Dictionary. com Forum*, en die webmeester is 'n gasheer genaamd "Dr. Dictionary".

Hier vind taaldebat plaas en die gedragskode waarsku: "This is a language forum. Therefore you should expect participants to correct your spelling, grammar and punctuation" (2002 http://forums.delphiforums.com/dictionary)

University of Cape Town

Die debatspunte is afgebaken, met temas soos: "When to use the word 'touche'? When to use 'I' or 'me'?" Alternatiewe klets oor taalkwessies met benamings soos "Metal Sludge's Lame Ass Anarchy Chat", vind ook hier plaas.

Die geklets is hier meer georden (vgl. 1.4.2) as op *SêNet*, omdat pertinente reëls neergelê word:

> This forum is moderated. The moderator is here to enforce the standards of conduct (below). Those who violate the standards may be banned from the forum (2002 http://forums.delphiforums.com/dictionary).

Hierdie taalforum is egter ook nie 'n analogiese ruimte tot *SêNet* nie. Daarvoor is te veel orde neergelê en vind die debat meestal binne "real time" plaas (vgl. 1.4).

University of Cape Town

**1.3.3.3.2 *SêNet*: Persoonlike ontmoetings**

Castells noem die moontlikheid dat 'n aanlyn-gemeenskap aanleiding kan gee tot onder andere fisiese ontmoeting van die lede, of tot onderlinge materiële hulp (2000: 386). Op *SêNet* het albei genoemde voorbeelde al 'n paar keer gerealiseer en soms word op die brieweblad daaroor geskryf. Hier volg enkele voorbeelde.

'n Finansiële projek vir 'n plakkerskamp is al via *SêNet* tussen Kanada en Melkbosstrand bedryf:

> *23 Mei 2001, ONTWIKKELINGSPROJEKTE KOS GELD: HIER IS 'N OPLOSSING, Sara*

Die moontlikheid van 'n toekomstige ontmoeting tussen twee briefskrywers (albei onder skuilname) is al op *SêNet* bevestig:

*2 Julie 2001, BESTE SLAP TJIPS ..., Kleinboer*

*Pantsula, I'll keep our appointment in Rockey Street on July 2. Their chips are not that good, but Zambuca is R3.50 a shot.*

Die bespreking van 'n reeds afgelope ontmoeting tussen twee lede (en hulle ervaring van die "werklikheids"-gevoel van die aanlyn-gemeenskap) word in hierdie uittreksel verwoord:

*15 November 2000, I WAS "SHORTING" ..., Marlize Hobbs*

*In Pretoria gaan stick Anna-Marie R. my vir 'n ete. Ja, dis nou die Anna-Marie wat so baie praat. Ons praat en skinder oor julle van SêNet. Dit word as 'n werklikheid beskou en ervaar.*

Wat die sosiale en psigologiese impak is op die familielede en "werklike" vriendekring van die gesprekvoerders binne die kuberruim, val buite grense van die studie.

Wellman (aangehaal deur Castells) skryf dat "virtuele gemeenskappe" nie noodwendig teenoor "fisiese gemeenskappe" staan nie, maar dat daar gewoon verskillende reëls en dinamika geld (Castells 2000: 387).

Pearson vra watter uitwerking die rekenaar en rekenaargemeenskap op sosiale gedrag het. Mense is steeds begerig om in die fisiese ruimte van andere te beweeg (1999: 78). Hieroor skryf hy:

> We are still apes underneath with a need for social contact that remote presence does not satisfy (Pearson 1999: 89).

University of Cape Town

Om aanlyn bymekaar te kom, is op *SêNet* aan die orde. Soos aangetoon, is persoonlike ontmoetings tussen briefskrywers (sien 2.2) nie uitgesluit nie.

**1.3.3.4 *LitNet*: ander ruimtes**

Om *SêNet* in perspektief tot al *LitNet* se afdelings te stel, word vervolgens 'n oorsigtelike beskrywing gegee van elk van die ander ruimtes, in die volgorde waarin hulle op die tuisblad se inhoudsopgawe aangedui is. Sommige afdelings maak sterker as ander staat op onderskeie borgskappe, maar al die ruimtes vorm 'n geheel om *LitNet* daar te stel. Elke afdeling het 'n argief waar materiaal vanaf die ontstaan van *LitNet* tot op datum, aangetref word. Waar daar ruimte tot gesprekvoering op 'n blad is, is daar 'n skakel wat 'n brief op *SêNet* verbind met die betrokke afdeling waarop dit van toepassing is, byvoorbeeld *KlankKas* en die Geestelike Afdeling:

**Briewe (http://www.mweb.co.za/litnet/senet/senet.asp?id=1930)**
*LitNet* se briewekolom word *SêNet* genoem. Dié studie handel oor hierdie afdeling van *LitNet*.

**Kennisgewings (http://www.mweb.co.za/litnet/kennisbord/default.asp)**
*KennisgewingBord* is 'n ruimte waar daaglikse "*gedagtes van die dag*" van bekendes geplaas en kennisgewings deur enigeen oor enige onderwerp denkbaar ingestuur kan word. Ofskoon die materiaal daagliks gelaai word, is die ruimte nie interaktief nie. Geen terugvoering word hierop gegee nie.

**Skakels (http://www.mweb.co.za/litnet/deaar/default.asp)**
Op hierdie ruimte wat *De Aar* heet, tref die leser skakels na kulturele ruimtes en inligting oor skrywers aan.

**Nuus (http://www.mweb.co.za/litnet/riemtelegram/default.asp)**

University of Cape Town

*Riemtelegram* en *Die mond is nie geheim nie*, is onderafdelings van die *Nuus*-afdeling. Interaktiwiteit ontbreek hier en die materiaal word nie daagliks opdateer nie.

**Fiksie (http://www.mweb.co.za/litnet/spring/default.asp)**
*NetFiksie* (http://www.mweb.co.za/litnet/fiksie) is waar skryfwerk van gepubliseerde en ongepubliseerde skrywers verskyn. Voor plasing word die materiaal aan 'n keuringsproses onderwerp.

Van Heerden skryf oor onder andere dié ruimte, asook oor *PoësieNet*:

> Onder streng toesig van ervare ruimteredakteurs word voorleggings aan byvoorbeeld PoësieNet en NetFiksie gekeur. Boonop word bydraes (ondanks kritiek daaroor van vele kuberlibertyne) in verskillende rubrieke geplaas: "Gepubliseerd" en "Ongepubliseerd" (Van Heerden 2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp).

Die verskille tussen hierdie twee ruimtes en *SêNet* is opnuut die kwaliteit, kwantiteit en frekwensie van bydraes. Terwyl *NetFiksie* as 'n konvergerende ruimte beskryf sou kon word, sou *SêNet* eerder as divergerend beskryf kon word.

**Poësie (http://www.mweb.co.za/litnet/jump/default.asp)**
*PoësieNet* (http://www.mweb.co.za/litnet/jump) is die afdeling op *LitNet* waar gedigte en artikels oor gedigte geplaas word.

**Taaldebat (http://www.mweb.co.za/litnet/taaldebat/vorige.asp)**
Op hierdie ruimte verskyn artikels en onderhoude rondom meertaligheidskwessies (vgl. ook 3.1).

University of Cape Town

**Opiniestukke (http://www.mweb.co.za/litnet/opinie/default.asp)**

Hieronder ressorteer *SeminaarKamer,* 'n blad wat artikels en resensies huisves. Die artikels handel oor temas (vgl. Bylae A) wat van aktuele belang is, byvoorbeeld die aanval op die VSA op 11 September 2001, die Klein Karoo Nasionale Kunstefees en Big Brother. Die resensies berig oor boeke wat redelik onlangs verskyn het.

Die wesenlikste verskil tussen *SeminaarKamer* en *SêNet* sou wees dat daar nie daagliks (vgl. 1.4) materiaal op SeminaarKamer geplaas word nie. Vir *SêNet* bestaan daar 'n keuringsproses deur *LitNet* se eindredakteur wat moet bepaal of 'n stuk geskik is vir dié ruimte waar bykans enige brief (op enkele uitsonderings na) vir *SêNet* deug (vgl. 2.1.2). Dit staan die *SêNet*-briefskrywer vry om enige identiteit (sien 2.2.2) aan te neem vir doeleindes van 'n brief. Op *SeminaarKamer* weer is 'n "bekende" naam van belang. "Die name in ruimtes soos *SeminaarKamer, Rubrieke, TaalDebat* en *Geestelike Boeke* sluit van ons land se voorste skrywers en koggelaars in", aldus Van Heerden (2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp).

*SêNet* en *SeminaarKamer* stem slegs ooreen in dié opsig dat albei onderafdelings van die *LitNet*-webtuiste is.

**Boeke (http://www.mweb.co.za/litnet/boeke/default.asp)**

Boekbesprekings, aankondigings en onderhoude met skrywers word hier gehuisves.

**Film (http://www.mweb.co.za/litnet/filmfundi/vorige.asp)**

Resensies oor sogenaamde "kunsfilm"-uitreikings word hier geplaas.

**Teater (http://www.mweb.co.za/litnet/teater/default.asp)**

Gesprekke en belewings op die teaterfront word hier hanteer.

University of Cape Town

**Musiek (http://www.mweb.co.za/litnet/klank/default.asp)**
Populêr heet hierdie ruimte *KlankKas* – en musikante en luisteraars skryf oor hulle ervarings.

**Slypskole (http://www.mweb.co.za/litnet/slyp/default.asp)**
Hier word skryfskole aangebied en die argiefstukke daarvan gehuisves.

**Opvoedkunde (http://www.mweb.co.za/litnet/onderwys/vorige.asp)**
Rubrieke oor die onderwys en onderwysmateriaal word hier aangetref.

**Visueel (http://www.mweb.co.za/litnet/visueel/default.asp)**
Die leser kan grafiese kunstenaars se illustrasies met 'n literêre fokus hier te wagte wees.

**Xhosa (http://www.mweb.co.za/litnet/isikhundla/previous.asp)**
Dit is *LitNet* se Xhosa-talige afdeling, waar die geskrewe materiaal op hierdie ruimte, hetsy poësie, prosa of artikels, in Xhosa geskryf is.

**Zulu (http://www.mweb.co.za/litnet/zulu/default.asp)**
Dit is die Zulu-eweknie van die Xhosa-afdeling, soos gehuisves op *LitNet*.

**Nederlands (http://www.mweb.co.za/litnet/neerlandi/default.asp)**
Die geskrewe materiaal van hierdie ruimte, getiteld *NeerlandiNet*, fokus op bedrywighede binne die Nederlandse gemeenskap, of is in Nederlands geskryf.

**Rubrieke (http://www.mweb.co.za/litnet/rubrieke/default.asp)**
Gereelde rubrieke deur bekendes word op hierdie afdeling aangetref.

**Geestelike Literatuur (http://www.mweb.co.za/litnet/sendbrief/default.asp)**
Hierdie ruimte huisves artikels en gesprekke oor geestelike aangeleenthede van alle gelowe.

University of Cape Town

**Hygliteratuur (http://www.mweb.co.za/litnet/lenet/vorige.asp)**
*LêNet* (http://www.mweb.co.za/litnet/lenet) is *LitNet* se ruimte waar erotiese materiaal geplaas word. Wat hierdie twee ruimtes betref, stel Van Heerden *LêNet* en *SêNet* gelyk daarin dat die redaksie "ons oor(gee) aan die ongeskiktheid" (2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp).

Op *SêNet* word heelwat oor die lyflike (sien 3.1.3 en 3.2) geskryf, maar omdat dit nie die ruimte se uitsluitlike doel is nie, is die verskeidenheid materiaal op *SêNet* groter en die temas (sien hfst. 3; Bylae A) waaroor geskryf word meer uiteenlopend. *LêNet*, soos *SeminaarKamer*, *PoësieNet* en *NetFiksie*, is nie verder interaktief nie. Lesers het slegs op *SêNet* geleentheid om ses dae per week 'n mening te lug.

*SêNet* verskil wesenlik van enige ander ruimte op *LitNet*, aangesien dit die enigste primêr interaktiewe ruimte op *LitNet* is.

Dit wil voorkom asof daar hoogstens raakpunte bestaan tussen *SêNet* en die ander rubrieke waarmee dit hierbo vergelyk is. Die brieweblad *SêNet* skyn enig in sy soort te wees.

*SêNet* se interaktiwiteit is as fokus vooropgestel, veral binne die ekologie van *LitNet*.

### 1.4 Achroniese

#### 1.4.1 Definisie

Die begrip "achroniese" is die teenoorgestelde van "chroniese". Die begrip verwys na tyd en tydsverloop. Wat *SêNet* betref, wil die navorser vasstel hoe dié ruimte achronies is.

University of Cape Town

Odendal se definisie van "chronies" is die volgende:

> **chro'nies**, ook **kronies** b.nw. en bw. 1 Langdurig, slepend: *'n Chroniese kwaal. Hy is chronies aan die kla.* Ook in verswakte bet.: *Hulle wil chronies televisie kyk, vakansie gaan hou, bioskoop toe gaan.* 2 Ingewortel, verstok: *Chroniese dronkenskap* [G. *chronos* tyd] (2000: 128).

Bosman vertaal "chronic" as "chronies, langdurig, slepend".

*Encarta* beskryf "chronic" as "of long duration; continuing". Dié woordeboek gebruik die volgende voorbeeld om "chronies" te illustreer: "one which is inveterate, of long continuance, or progresses slowly, in distinction from an acute disease, which speedly terminates" (2002 http://dictionary.msn.com/find/entry.asp).

University of Cape Town

Die handeling om *SêNet* op te dateer – die instandhouding van die ruimte – vind chronies plaas.
Tensy die webmeester (sien 2.1) met verlof is, plaas sy een maal per dag materiaal, meestal ses dae per week. Onderbrekings op *SêNet* is aan die orde, maar die ruimte se bestaan is langdurig. Die webmeester plaas die materiaal een maal daagliks. Haar betrokkenheid by die ruimte hou verband met die fisiese tydsverloop tussen die opdateer van materiaal.

Odendal skryf die volgende oor chronologie:

> **chronologie'**, s. nw., ook **kronologie** Tydrekeningkunde; rangskikking van feite, voorvalle, ens., in tydsorde: *Kom ons bekyk die feite en omstandighede in chronologie*. **chronolo'gies** (2000: 128).

Op *SêNet* slaan die chronologie nie op onderwerp (sien Bylae A), alfabet (sien 3.1) of geordende (sien 1.4.2) struktuur nie. In wese is die ruimte eerder onderbrekend en

fluktuerend. Die aktiwiteit op die ruimte – die inhoudelike – is dekonstruerend (vgl. 3.1.2) van aard. Die briefskrywer se skeppingsproses is hérskrywend. Horlosietyd stu voort, maar die menslike rolspelers (sien hfst. 2) beïnvloed die taal (sien 3.1) van die ruimte.

In 'n kletskamer vind gesprekvoering meer gelyktydig plaas – as 't ware simultaan. *SêNet* is 'n nie-simultane ruimte.

Die definisie van "simultaan" lui soos volg:

> **simultaan'** b. nw. en bw. Gelyktydig: *Simultaan speel*, alleen teen 'n paar teëstanders tegelyk speel, bv. by skaak, dambord, ens. [L. *simyl* terselfdertyd] **simultaan: ~speler, ~wedstryd** (Odendal 2000: 979).

Materiaal wat gereeld geplaas word, verseker *SêNet* se fisiese voortbestaan. Hierteenoor het die inhoudelike van die ruimte 'n direkte uitwerking op die aard van *SêNet*. 'n Parallel is in dié opsig te trek tussen die ruimte en sy bewoners: die virtuele deelnemers aan die ruimte, die briefskrywers, bewoon menslike liggame wat konstante eienskappe vertoon. Hul fisiese lewe vertoon chroniese eienskappe, as die leser wil. Hul psiges, daarenteen, is nie-staties en vind op *SêNet* neerslag in die vorm van briewe. Hulle skep wanorde binne die geordende sisteem van die alfabet (sien 3.1). En *SêNet* vertoon daagliks dieselfde van buite; daar is geen verandering aan sy sigbare voorkoms op die rekenaarskerm nie. Slegs die titels van briewe en name van briefskrywers, verander hier. Dit is eers wanneer daar op die onderskeie briewe gekliek word, wat die ruimte wesenlik verander. Vir die navorser is hierdie konstante verandering 'n illustrasie van die achroniese wese van *SêNet*.

### 1.4.2 (Wan)orde/chaos

Ofskoon *SêNet* as ruimte by afsluiting van dié studie reeds drie jaar konstant bestaan, is die ruimte se neiging tot chaos 'n uitvloeisel van die soms wanordelike grondslag waarop

University of Cape Town

materiaal - binne hierdie chroniese voortbestaan - verskyn. Die webmeester as tussenganger is verantwoordelik daarvoor dat daar soms onderbrekings plaasvind in die plasing van skrywes, of dat daar dae oorgeslaan kan word waartydens die ruimte nie opdateer word nie. Die aard van die briewe en temas (sien Bylae A) op die ruimte is ook onvoorspelbaar. Die onvasstelbare tydsgees van die postmodernisme waarbinne die ruimte bestaan, dra by tot 'n soort anargie.

Stefik skryf oor die chaos en onvoorspelbaarheid van die Internet binne die postmodernistiese klimaat. Hy praat van die mens se reis na die "Internet edge" – iemand wat tas na die uithoeke van die heelal, terwyl die Big Bang aan die gang is – tesame met die Internet wat steeds groei en uitgebou word (1999: 19).

Van Heerden tref 'n onderskeid tussen die mens se vroeëre "Modernistiese strewe om te beheer en hiërargie te skep" en die Internet wat "beur ver voor die mens se inherente begeerte om orde en struktuur op te lê" (*Die Burger* 2001: 4). Deur die vergelyking te tref, stel hy as 't ware die Internet en die postmodernisme aan mekaar gelyk: albei is teenpole van orde.

Veranderinge hóéf nie noodwendig georden te word nie, meen Stefik . Want, skryf hy: "... creative times bring many changes" (1999: xi).

Dit is egter ironies dat die chaos en ongeordende leer van die postmodernisme byna soos 'n goed afgerigde weermag teen die sistematiese, gesistematiseerde en sisteembehepte samelewing in opstand kom (sien 3.5).

Dit is geen nuwe verskynsel dat tegnologiese skuiwe sosiale en regstelsels op intrinsieke wyses uitdaag nie, meen Stefik (1999: xii).

Baird, daarenteen, haal Moor aan: hierdie voortgesette ontwikkeling wat altyd etiese kwessies in nuwe gedaantes sal laat opduik, moet asof deur 'n Aristoteles benader word.

University of Cape Town

Daar word geargumenteer dat "oplossings" gevind moet word om rekenaarpersoneel te leer om verantwoordelik op te tree (2000: 11).

Hy verduidelik verder:

> This notion of process is consistent with Aristotle's idea that ethical decisions require informed deliberation ... (Baird 2000: 32).

Deur die voortdurende verwysing na die filosofie, word die verlede en sy karakters geïntegreer in die psige van die enkeling wat in opstand is teen die orde. Dit is asof die individu 'n obsessie met die geskiedenis ontwikkel in sy poging om weg te beweeg na 'n wêreld van rekenaars en vooruitgang.

Dit is ongetwyfeld so dat verandering plaasvind, in watter gedaante ook al: Die mens is ooggetuie van die begin van 'n ongekontroleerde, eksponensiële groei op die gebied van rekenaars. Drome en voorspellings kan nie oor die vooruitgang gewaag word nie. (Baird 2000: 35).

Hierdie groei is ook finansieel sigbaar. Postmodernisme is 'n produk van ongekende ekonomiese groei (Newman 1985: 60). Die deelnemers aan *SêNet* sou ook nie deel van die gemeenskap kon vorm as hulle nie toegang gehad het tot 'n rekenaar as finansiële uitgawe, met Internet-koppeling wat die koste verder verhoog nie.

In abstrakte sin word die chaos van die Internet met 'n oerwoud vergelyk (Abrahams 1995: 28–29).

Die chaotiese beeld van 'n doolhof waarin die leser nie sy pad wég van die Minotaurus sou kon vind nie, meld onwillekeurig aan wanneer die inhoud van die briewekolom ontleed word (2002 http://www.minotaur-websites.com/minomyth.htm).

University of Cape Town

Stefik gebruik ook die menslike liggaam om die veranderende Internet-wêreld mee te vergelyk:

> "Consider your liver," he said, "or the cells in your liver. They are bound together and depend on each other and on other cells in your body for survival. The world is becoming more like that, where our sense of individuality and interdependence is changing" (1999: xvii).

Dié beeld is nie noodwendig te bloederig en liggaamlik om as vergelyking te gebruik om die Internet-gemeenskap te beskryf nie. Binne die kuberruim het studente al 'n ander webwerf opgerig met die titel: "In a world of order, chaos rules" (2002 http://www.thinkquest.org/library/lib/site_sum_outside.html?tname=3120&url=3120/). Die chaos van die tyd is nie net op *SêNet* sigbaar nie.

University of Cape Town

Op *SêNet* is daar briewe waarvan die titel en/of die inhoud met die eerste oogopslag vir die leser maar min sin maak. Soms weer is 'n brief se titel dalk nog verstaanbaar, maar die navorser vind die skuilnaam van 'n briefskrywer 'n byna wanordelike keuse in kombinasie hiermee:

> *22 Junie 2001, OPWAAIEND ZOMERJURKEN - PART 2, Alexandra Solzhenitsyn*
>
> *3 Julie 2001, RAPUNZEL BLITZKRIEG, Scheherezade*
>
> *Did I ever mention that I do not mind spearheading a campaign? Even if there is a possibility of being labelled in the process?*
> *Good night, sleep tight, don't let the bed bugs bite ...*
> *Special bedtime lullabye: "The Declaration of Children's Rights:*
> *I'm a warrior.*
> *Bull's eye*

Newman skryf oor medeskrywers wat mekaar nie begryp nie (1985: 81). Op *SêNet* is daar inderdaad briefskrywers wat ander skrywers na die geordentheid van hulle denke vra:

*2 Julie 2001, YL JY?, Juf Non de Pluimvee*

*Liewe Alexandra*
*Soos ek reeds voorheen genoem het: Huh?*

Daar is briefskrywers wat die "chaos"-tekste 'n religieuse ondertoon laat kry:

*23 Junie 2001, EERSTE CHAOS-TEKS IN AFRIKAANS, Piet Pompies*

En daar is briefskrywers wat verveeld raak as daar "niemand is om mee te baklei nie". Die maatstaf vir "chaos" verskil duidelik:

*2 Maart 2000, NIEMAND OM MEE TE BAKLEI NIE, Chris Louw*

*Ag nee wat, al die pret het opgedroog vandat Dan Roodt nie meer vir julle skryf nie.*

Dit lyk asof *SêNet* soms hoogstens 'n eggo is van die Nederlandse skrywer, Hermans, se filosofie: "Er is maar een woord: chaos ..." (Van der Elst 1988: 377).

Sonder dat iemand hierop kommentaar lewer, is 'n verdere illustrasie van die ruimte se wanordelikheid (sien 1.4.2), die wisseling in volume van briewe. Geen twee dae lewer dieselfde kwota briewe op nie.

University of Cape Town

**1.4.2.1 Chaos en patrone**

*SêNet* is egter nie nét chaos nie. Dit kan nie, want die materiaal verskyn op gereelde grondslag en die onderwerpe (sien Bylae A) waaroor geskryf word, is tog nie volledig losstaande van die spesifieke dag of tydperk se gebeure nie.

Castells sien 'n patroon binne die chaos raak. Volgens hom stel die media van die hedendaagse mens die volgende voor: " ... an historical rupture with the typographic mind" (2000: 360).

Die rekenaar-era gee aanleiding tot "logical malleability" op twee vlakke: Sintakties, wat betref die hoeveelheid en variasies van moontlikhede en toestande. Semanties, daarin dat feilbare logika ("malleable logic") ontstaan, omdat die rekenaar enigiets kan voorstel. Rekenaars manipuleer simbole sonder om om te gee wat hierdie simbole voorstel.

> Thus, there is no ontological basis for giving preference to numerical applications over nonnumerical applications ... (Baird 2000: 26).

Indien die mens 'n mate van beheer wou uitoefen oor die Internet, is hy by sy tuisrekenaar self daarvoor verantwoordelik. In 'n ander vertrek kan 'n ander individu hipoteties sý betrokke rekenaar laat kommunikeer met eersgenoemde s'n – en so die "beheer" tot niet maak. Die rekenaar word gemanipuleer om die opdragte van die simboolbenutter uit te voer.

Sowel die chaos as die orde van *SêNet*, het perke. Daarvoor is die postmodernisme, die achroniese aard van briewe en die briefskrywers self verantwoordelik.

University of Cape Town

### 1.4.3 Tyd en plek op *SêNet*

> Met die ontwikkeling van die Internet moet mens telkens van voor af begin dink oor alledaagse konsepte. Soos *spoed, hoeveelheid, waarde, grootte, en mag* – onder vele andere (2001 Jordaan http://www.mweb.co.za/litnet/www/0603.asp).

Op 'n aanlyn-gespreksforum word die begrippe "tyd" en "plek" binne 'n postmodernistiese konteks gedekonstrueer.

Van Heerden skryf wat onder hierdie omstandighede onder die loep kom: "Gevestigde konsepte rondom die subjek – soos kopiereg – en konvensionele grense – soos landsgrense" (Van Heerden *Die Burger* 2001: 4).

Volgens Stefik is fisiese afstand op die Internet nie 'n faktor nie (1999: 13–14):

> Thus barriers within cyberspace – separate chat rooms, intranet gateways, digital envelopes, and other systems to limit access – resemble the effects of national borders, physical boundaries, and distance. Programming determines which people can access which digital objects and which digital objects can interact with other digital objects (Stefik 1999: 14)

Pearson se vooruitskouing van die toekoms strek verder as blote gesprekvoering in virtuele kamers:

> Future cities will exist not only as physical places, but will also have a digital presence in cyberspace (Pearson 1999: 85).

Castells praat van 'n nuwe kultuur wat binne die virtuele werklikheid ontstaan:

University of Cape Town

> The space of flows and timeless time are the material foundations of a new culture that transcends and includes the diversity of historically transmitted systems of representation; the culture of real virtuality where make-believe is belief in the making (Castells 2000: 406).

Die aard en karakter van kommunikasie word deur die veranderende dimensie van tyd en plek geraak:

> The potential integration of text, images, and sounds in the same system, interacting from multiple points, in chosen time (real or delayed) along a global network, in conditions of open and affordable access, does fundamentally change the character of communication. (Castells 2000: 406)

Natuurlik beïnvloed die feit dat mense vanuit alle oorde aan gesprekke kan deelneem, die verskeidenheid mense wat byeenkom:

> ... perhaps the most important feature of multimedia is that they capture within their domain most cultural expressions, in all their diversity. (Castells 2000: 403)

Hambidge skryf die volgende oor die effek van Internet-gesprekvoering:

> Ek lees die boodskap in Soho, New York in 'n Internet-kafee. Begin skryf aan my bydrae op my Compaq Armada.
> So word tydsgrense eweneens opgehef. Ek hoef nie te wag totdat ek in Suid-Afrika is nie. Ek kan vanuit Cambridge, Massachusetts my siening oor hibriditeit versend. So hibridies is hierdie ruimte dat my siening van die VSA – voorheen was jy in die vreemde, ver van huis en haard – opgehef word deur in te gaan op e-pos. Sodoende kan ek onmiddellik (die ses ure tydsverskil daargelaat) bewus wees van die jongste polemieke, skandale, rugstekery, et al (Hambidge 2000 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/16hambidge.asp).

University of Cape Town

Aangaande tyd en plek, spesifiek op *SêNet* en ander afdelings van *LitNet*, skryf Van Heerden:

> Die *LitNet*-skrywersberaad, waarvan die referate vanaand hier in boekvorm bekendgestel word (Van Heerden 2001), het egter skrywers soos Eben Venter uit Australië, Marita van der Vyver uit Frankryk, Breyten Breytenbach, op daardie stadium in die VSA, en Annesu de Vos uit Kanada, tesame met skrywers in byvoorbeeld Kaapstad en Pretoria binne dieselfde virtuele seminaarkamer byeengebring. Die gehoor was wêreldwyd en mense kon hul opinies in *SêNet* lug en boeke wat deur die "sprekers" geskryf is, by die virtuele boekuitstalling deur Kalahari. net, die elektroniese boekwinkel, koop (Van Heerden 2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp).

Oor *SêNet* skryf hy:

> Annesu de Vos wat uit Kanada opnuut virtuele burgerskap van Suid-Afrika gevestig het via *LitNet* se *SêNet* toon hoedat landsgrense verbrokkel en mense lyfloos oral teenwoordig en spraaksamig kan wees (Van Heerden *Die Burger* 2001:8).

University of Cape Town

Die briefskrywers lewer onvermydelik kommentaar op hierdie veranderende konsepte van tyd en plek:

> *27 Junie 2000, FROM CAPE TOWN TO LONDON IN 10. 9 SECONDS, Antonia*

'n Ander briefskrywer is minder subtiel. Hy woon in die Verre Ooste, reis in Asië, en wil sy verhaal onmiddellik aan *SêNet* vertel:

> *6 Julie 2001, TYPHOONS, EARTHQUAKES, SEX AND ASIA, Francois Williams*

Dít is dan die postmodernistiese, achroniese ruimte wat deur die navorser ontleed en daagliks deur die webmeester bekyk word.

University of Cape Town

# HOOFSTUK 2
# BETROKKENES BY SÊNET

## 2.1 Die Webmeester

### 2.1.1 Definisie

Die interaktiewe rol en funksies van die *SêNet*-webmeester word vervolgens ontleed.

'n Webmeester is 'n persoon wat 'n webruimte bestuur of beheer. 'n Webmeester sou 'n werknemer van 'n besigheid kon wees, of 'n webwerf in sy persoonlike hoedanigheid kon bedryf (Buys 2000: 27).

Richmond gee 'n uitgebreider definisie van die begrip "webmeester":

> A person who manages a web; a mediator between web authors and system administrator -- who ensures that applicable standards such as HTML validity and link liveness are met, optimises the web architecture for navigability, takes editorial responsibility for the content, quality and style of the site; finds, creates and installs tools to create web content and check consistency; develops and enforces the house style; liases with graphic artists; provides first level user support (2001 http://www.wdvl.com/Internet/Web/Jobs/Webmaster.html).

Die *SêNet*-webmeester wat in diens van *LitNet* staan, se verpligtinge is minder omvangryk as dié deur Richmond beskryf: Die minimum tegniese vaardigheid word vereis en slegs 'n elementêre kennis van die rekenaartaal HTML ("Hyper Text Markup Language") is nodig. Geen nuwe grafika word op die ruimte gebou nie en die blad se kopstuk bly deurentyd dieselfde. Die geskrewe materiaal (die daaglikse kwota "briewe") word slegs geprogrammeer deur aan te toon waar die paragrawe van mekaar geskei word en waar nuwe reëls begin.

University of Cape Town

Ten opsigte van die programmering geld wel spesiale "*LitNet*-konvensies" wat verder as die voor die hand liggende strek. Voordat die materiaal op die Internet verskyn, word die wyse waarop aanhalings-, koppel- en (sommige) ander leestekens op die skerm sal vertoon, deur middel van HTML-programmering verander.

Die *SêNet*-webmeester vervul 'n unieke rol deurdat sy daarvoor verantwoordelik is om die materiaal wat op die ruimte verskyn, deur te lees, die briewe vir *SêNet*-doeleindes te keur (sien 2.1.2 en 2.1.3), taalkundig te versorg, in HTML-formaat te programmeer en dit dan met behulp van 'n aanlyn-opdateerbewerker ("update/editing tool") ses dae per week op die Internet te laai.

**2.1.2 Keuring**

Hoewel die maatstawwe om te bepaal of materiaal op *SêNet* mag verskyn nie streng is nie, moet die webmeester wel faktore, soos byvoorbeeld laster (sien 2.1.3), in ag neem. Vraagstukke rondom sensuur (sien 3.7) het ook al opgeduik. Anders as wat op ruimtes soos *PoësieNet* en *NetFiksie* (sien 1.3.3.4) geld, is daar geen formele gehaltetoets wat 'n brief moet slaag om op die *SêNet*-ruimte geplaas te word nie. Hier let die webmeester slegs daarop dat laster (sien 2.1.3) nie plaasvind nie.

Die webmeester ontvang daagliks e-pos by senetsenet@mweb.co.za. Sy oorweeg elke e-pos wat na hierdie adres gestuur word as 'n moontlike brief. Die oorgrote meerderheid e-pos wat hier arriveer, word wel op *SêNet* geplaas.

Ofskoon die keuringsproses nie streng is nie, veronderstel die woord "keuring" wel afstandelikheid. Terwyl die webmeester 'n afstand tussen haar en die brief en/of briefskrywer moet verkry ten einde te kan bepaal of die materiaal swak smaak openbaar, moet sy terselfdertyd *SêNet* se grondbeginsel in ag neem, naamlik dat die blad 'n gespreksruimte vir alle *LitNet*-lesers bied.

University of Cape Town

Die navorser het tydens haar navorsingsjaar ook as *SêNet*-webmeester opgetree. In haar hoedanigheid as webmeester het sy ervaar dat haar afstandelikheid van die briefskrywer soms problematies kan wees, aangesien die menslike faktor ter sprake is en die grense van die Internet nie duidelik afgebaken is nie.

As webmeester het die navorser ook bemerk dat die postmodernistiese geneigdheid tot dekonstruksie nie net die brieweblad (die navorsingsonderwerp) nie, maar ook die webmeester beïnvloed. Op *SêNet* deug bykans enigiets; die webmeester hou haar soms blind vir die gehalte van bydraes. Die kanon (sien 3.4) op die Internet hou ook hiermee verband.

**2.1.3 Laster**

Daar word ses dae per week op *LitNet* se interaktiewe ruimte, *SêNet*, gekorrespondeer. Weens die geneigdheid van briefskrywers om mekaar persoonlik op die ruimte aan te val (sien 3.6.2), kan laster dalk 'n probleem wees.

Snyman skryf oor *iniura* dat dit tradisioneel die "wederregtelike, opsetlike skending" van een of meer van die volgende komponente van 'n ander is: "die *dignitas* (waardigheid), *fama* (aansien of goeie naam) of *corpus* (liggaamlike integriteit)" (1992: 465). Strafregtelike laster vorm deel van die eertydse *iniura* en is ter sprake as iemand se aansien, goeie naam en/of waardigheid deur 'n ander geskend word.

Die term "laster" perk vryheid van spraak in (De Waal 1998: 234). Dit kan ingewikkeld wees om te bepaal wanneer iemand lasterlik optree, omdat die een wat dit beoordeel, moet vasstel wat die balans is tussen die individu se reg tot 'n goeie naam en sy reputasie, en 'n ander se reg tot vryheid van spraak. Daar is voortdurende spanning tussen hierdie twee basiese menseregte aanwesig (Buys 2000: 330).

University of Cape Town

Die vloei van inligting op die Internet noodsaak die herevaluering van die reëls met betrekking tot laster. Binne die postmodernistiese tydsgees, is dekonstruksie van bestaande hiërargieë aan die orde van die dag (Hambidge 1995: 11). Buys skryf dat die interaktiewe aard van Internetgesprekvoering met die gepaardgaande blitsige reaksie, sake verder bemoeilik. Omdat die Internet toeganklik is vir 'n wêreldwye gehoor, is elke leser dus in staat om inligting te publiseer. Anonimiteit (sien 2.2.2.2) op die Internet kan volgens hom uitgebuit word deur lasterlike boodskappe daarop te plaas (2000: 331).

Dit is 'n groot verantwoordelikheid om te besluit of 'n spesifieke brief lasterlik is al dan nie. Ofskoon die *SêNet*-ruimte nie noodwendig die menings van sy skrywers en lesers onderskryf nie, is dit steeds nie vir enigeen van hulle toelaatbaar om 'n betrokke persoon se goeie naam aan te tas of die wet andersins te oortree nie.

Indien die webmeester vermoed dat die briefskrywer moontlik lasterlik optree, word die betrokke brief eers gestuur na die uitvoerende redakteur van *LitNet*, wat ook *SêNet* se eindredakteur is, wat dan bepaal of dit mag verskyn. As toegelate prokureurs, gebruik sowel die eindredakteur as die huidige webmeester in sodanige gevalle hulle regskennis as maatstaf om te bepaal of 'n brief geskik is vir plasing.

*LitNet* is 'n Internetjoernaal, met *SêNet* as die ruimte waar sy lesers hulle mening kan lug. As die ruimte hulle egter nie interesseer nie, of indien hulle briewe nie verskyn nie, kan die belangstelling in die webruimte in sy geheel daal. Van Heerden skryf hieroor:

> Skrywers op *LitNet* is geweldig besitlik oor wat hulle as hul vryheid van spraak sien; hulle eien hul kennelik groter vryhede toe as wat normaalweg in die papiermedia toegelaat word ... In watter mate is *LitNet* die bemagtiger van alle stemme – énige stem – en in watter mate moet die webmeesters 'n behoedende hand daaroor hou? Wanneer swig idealisme voor goeie smaak? (Van Heerden 2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp)

University of Cape Town

Hieruit blyk die soeke na die ekwilibrium tussen vryheid van spraak en die behoud van waardigheid.

Die lasterkwessie hou ook verband met tydsverloop op die Internet (sien 1.4.3). Hambidge (2000 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/16hambidge.asp) skryf oor hoe die snelle verloop van e-pos die mens se "bekende" tydsdefinisie verander. Die menslike subjek het op 'n aanlyn-briewekolom die geleentheid om onmiddellik te reageer. Sy potensieel emosiebelaaide woorde behoort egter deur die webmeester ondersoek te word ten einde laster te verhoed. Terselfdertyd sny die geskrewe woord en die taal (sien 3.1) nóú aan die wese van die briefskrywer. Uit die ondersoek na laster op die Internet het geblyk hoe die postmodernistiese tyd in staat is om die menslike subjek te herkonstrueer.

University of Cape Town

## 2.2 Die Briefskrywer

### 2.2.1 Definisie

"Die briefskrywer van *SêNet*" kan nie as 'n stereotipe gedefinieer word nie. Daarvoor is die stemme te uiteenlopend; hulle werklikhede te veelvoudig (sien 1.1.3). Die enigste ooreenkoms tussen briefskrywers is dat elkeen van hulle noodwendig 'n *LitNet*-leser is wat kies om interaktief by die ruimte betrokke te raak.

Ten einde te bepaal wie die briefskrywer is, sou hierdie navorser 'n psigoanalitiese studie van die onderskeie subjekte moes maak. Die psigoanalise hou noue verband met sowel die literatuur as die self-reflekterende aard van die postmodernisme: psigoanalise verander die literêre werk in 'n argeologiese ruimte met strata belangrike materiaal, wat opgediep en bekyk moet word (Freud 1913: 2) en " ... psychoanalysis derives from, but is not limited to, his own self-analysis (vgl. 3.6 – Maartens). Psychoanalysis also provides techniques of interpretations that are in themselves especially literary" (Willbern 1989: 158–159).

Indien beide 'n geskrewe stuk werk (in hierdie opsig die brief op *SêNet*) en 'n droom as uitvloeisels van die onbewuste beskou word, is dit insiggewend dat Freud vir Aristoteles aanhaal as skrywer van die eerste boek waarin die droom as objek van sielkunde hanteer is, naamlik *Artistoteles: Concerning Dreams and their Interpretation* (Freud 1913: 2).

Uit die navorsing het geblyk dat die (brief-)skrywer en brief nie losstaande van mekaar kan wees nie. Die identiteit (sien 2.2.2) van eersgenoemde word ten dele bepaal deur die materiaal wat op *SêNet* verskyn (sien hfst. 3; Bylae A). Die teenoorgestelde geld egter ook: die teks en die self is baie nóú gekoppel (vgl. 3.1; 3.6).

**2.2.1.1. Subjektiewe briefskrywer: eie agting as skrywer**

University of Cape Town

Val die "virtuele" (sien 1.3.3.3) *SêNet*-briefskrywer in dieselfde kategorie as 'n "werklike" outeur, dit wil sê iemand wat boeke in gedrukte vorm laat publiseer? Vind daar inderdaad verruiming van outeurskap binne die kuberruim plaas? Van Heerden skryf oor 'n roman op die Internet teenoor 'n roman in gedrukte vorm:

> Met 'n verwante projek, *Die Rooi Roman* (Botha en Van Heerden 1999), die aanlyn-roman wat ek en Jaco Botha met die hulp van verskillende skrywers geskep het ten einde die konsep van versplinterde outeurskap te toets, is die knie ten slotte tog gebuig voor papier toe Human en Rousseau die roman in boekvorm gepubliseer het (Van Heerden 2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp).

Hy bespiegel oor die Web as "speelplek, maar dat jy in papier arriveer, en dat jy daar as skrywer, as enkele naam, aankom" (Van Heerden 2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp).

Die navorser kan nie objektief bepaal of enige briefskrywer 'n outeur in dieselfde kategorie as 'n gepubliseerde romanskrywer val nie, want haar persoonlike smaak is

subjektief. Weens die ligte keuringsproses (sien 2.1.2) hoef geen "literêre" werk by die webmeester te arriveer ten einde goedgekeur te word om op *SêNet* te verskyn nie. Onder die briefskrywers bestaan die persepsie egter beslis dat hulle briewe publikasies is en dat hulle inderdaad "werklike" skrywers is. Sommige briefskrywers spel hulle skrywerskap blatant uit:

> *Wat 'n site vir 'n wannabe (of liewer gonnabe!) skrywer soos ek! (17 Februarie 1999, JISLAAIK!, Trisa Hugo).*

> *En ek is seker blêrrie baie slaapkamers vir skrywers "in the making". (10 Maart 1999, BLIKSEM! DIS MOS LEKKER LEES, Ivor Price)*

Soms is hulle meer subtiel oor hulle eie "skrywerskap", maar lê klem op hulle geïnteresseerd-wees in die literêre:

> *Miskien leef ek ietwat in 'n droomwêreld van my eie – weens my ongesonde obsessie met prosa en poësie skryf. (11 Februarie 1999, OP SOEK NA EKM DIDO, Ivor Price)*

Daar is briefskrywers wat hulleself nie "skrywers" noem nie, maar tog wel prosa of poësie in die vorm van 'n brief na *SêNet* stuur om as sodanig onder "briewe" te verskyn:

> *4 Julie 2001, LASLAP, Louw Pretorius*
> *23 Desember 2000, TWEE GEDIGTE VIR DIE KERSSEISOEN, Michael Whiteside*
> *18 September 2000, BLY OF GLY? ..., Marlize Hobbs*

'n Briefskrywer kan pertinent na homself as skrywer verwys. Die navorser kon egter geen prosa deur die briefskrywers op *SêNet* opspoor wat anders daar uitsien as briewe gerig aan mede-briefskrywers nie:

University of Cape Town

*1 Julie 1999, Ek is 'n beter skrywer as enige drol wat hier probeer. Ek is die beste ..., Mr Boer*

'n Ander briefskrywer toon meer selftwyfel, maar tog gedrewenheid om "werklik" te wil skryf (vgl. Van Heerden 1997: 162):

> *Die afgelope week of wat was daar heelwat klagtes hier op SêNet oor die skryfstyl, woordkeuse, onderwerpe, verwysingsraamwerk en wat nog van briewe hier op SêNet.*
>
> ...
>
> *En toon maar 'n bietjie geduld met almal van ons wat nog maar hier eksperimenteer en ons toonlere oefen: ons het almal nog baie te leer. Sonder julle geduld gaan ons egter nooit beter leer skryf nie! (24 November 2000, EK SKRYF SOOS EK WIL ..., Marietjie Luyt).*

In onderstaande word onderskei tussen briefskrywer en gepubliseerde romanskrywer, asook gewys op die ooreenkoms tussen die twee:

> *Eerstens, 'n ding wat my grensloos irriteer is die feit dat sommige kunstenaars en skrywers steeds dink dat, om anders of alternatief te wees, jy absoluut banaal en kras moet wees in dit wat jy aanbied, skryf of voorstaan.*
> *Nou, ek kry dieselfde gevoel oor sommige van ons briefskrywers! (3 April 2000, JULLE IRRITEER MY, Jaco Botha)*

Die volgende aanhaling uit 'n brief waar Die Tannie vir Heindrich Wyngaard skryf, dien as voorbeeld van die gelyke vlak waarop die gepubliseerde skrywer en die briefskrywer hulleself bevind:

University of Cape Town

*Ai, Heindrich. Dit ontstel die tannie dat die bruin skrywers nou so moet spook – jirre, as die bruin skrywers nie die mas opkom nie, wie sal? (15 Oktober 1999, HOU OP KLA, Die Tannie)*

Hierop reageer die "oerteks" (sien 3.3.1): hierdie navorser sou kon bespiegel dat die gepubliseerde skrywer die skrywerskap van die briefskrywer erken deur sý waarheid ten koste van háár waarheid te verdedig (sien 3.3.2; 3.3.3):

*16 Okober 1999, WYNGAARD REAGEER OP DIE ANTIE SE KLAGTES, Heinrich Wyngaard*

Die navorser het nie in hierdie ontleding ten doel om te bepaal of brief- en romanskrywer met mekaar vergelyk kan word nie. Tog: "Die wonder van die Web is dat daar plek is vir almal", aldus Van Heerden (2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp). Enige briefskrywer het wel op *SêNet* die geleentheid – of word deur die ruimte bemagtig, as die leser wil – om op gelyke vlak met enige ander briefskrywer te kommunikeer.

**2.2.2 Identiteit**

Wat is die identiteit van hierdie mens, hierdie briefskrywer op wie daar kommentaar op *SêNet* (sien 3.6) gelewer word deur middel van sowel dié ontleding as deur self-kommentaar? Hambidge skryf op *LitNet* se *SeminaarKamer* oor die briefskrywer wat 'n ander persona kan skep:

> Die dood van die outeur, in Roland Barthes se terme, is ... aanwesig. Die skrywer kan 'n persona skep ... wat deelneem aan letterkundige debatte as sou hulle "werklike" mense wees (Hambidge 2000 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/16hambidge.asp).

University of Cape Town

Van Heerden verwoord 'n ambivalensie met betrekking tot Barthes se doodverklaar van die outeur op die Internet.

> Dit is hierdie dramatiese doodverklaar van die outeur (Barthes) en die aanwys van taal as enigste bron wat, onder meer, aanleiding kan gee tot die aanklag dat die postmodernisme afsydig staan teenoor die realiteite van die verlede, en die postmodernistiese teks nie op verantwoordelike wyse kan omgaan met die gebeure van gister nie (1997: 161).

En hy meld die ironie: die viering van die "nuwe outeursfiguur sonder stabiliteit en omskryfbare identiteit; 'n partisaan; 'n onbekende gesig tussen seshonderd ander, in 'n wêreldstad; 'n ontliggaamde subjek wat koggel en swerf" (*Die Burger* 2001: 8).

Die webmeester kan interaktief toetree tot die gesprek, soos wat die vorige webmeester van *SêNet*, Izak de Vries, inderdaad gedoen het in reaksie op Chris Louw se die brief *LOS MY NAAM UIT*, op 11 Mei 2000.

Louw skryf in sy brief:

> *Ek wil ernstig beswaar maak teen die vervalsing van skrywersname op SêNet. Ek ken Faan van der Merwe persoonlik, en ek weet daar woon g'n 'Jan Chris' in die omgewing nie.*

Hierop reageer die webmeester tong in die kies, en heel persoonlik:

> *Chris*
> *Mea culpa.*
> *Die brief het – onder die naam Chrisjan Louw – gekom van 'n adres wat ek nie met jou assosieer nie. ('n Mens leer later skrywers se "vingerafdrukke" ken.)*

University of Cape Town

> *Aangesien Chris Louw 'n bekende (en gewaardeerde) bydraer tot SêNet is, wou ek nie 'n ander skrywer se skuilnaam as Chrisjan Louw opgee en sodoende verwarring veroorsaak nie.*
> *Groete*
> *Kazi, oeps! ek bedoel Izak*

Op 20 April 2000 vra Uilspieël se maatjie in die brief *CHANEL EN E* op *SêNet*:

> *Ek wil net weet of Chanel Britz nie dalk weet waar mens cheap E in die hande kan kry nie?*

Dié brief het ook reaksie van die redaksie tot gevolg gehad. Onderaan die brief skryf die uitvoerende redakteur persoonlik, en selfs bespiegelend oor die identiteit (sien 2.2.2) van die briefskrywer, die volgende:

> *Wel, Uilspieël se maatjie, daar's mense wat vermoed (hoor ons) dat Chanel 'n skepping van die LitNet redaksie is. Dis nie so nie; ons lei egter uit die stylverskille in haar briewe af dat sy (dalk) meer as een persona het ... maar 'n LitNet redaksielid is die dame nie. Kom sy dalk uit PRAAG se stal? – Uitvoerende redakteur*

Die postmodernistiese briefskrywer se identiteit skyn nie beskryfbaar te wees nie, maar die verwysing na die "onbekende gesig tussen seshonderd ander" (Van Heerden *Die Burger* 2001: 8) slaan ook op hierdie subjek se meerduidige, versplinterde identiteit (sien 2.2.2.1).

University of Cape Town

### 2.2.2.1 Versplinterde identiteit

Die briefskrywer se identiteit is nie ongekompliseerd nie. Oor "versplinterde outeurskap" skryf Van Heerden (2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp) op *LitNet*. Sou hierdie versplintering deurgetrek kon word na die identiteit van die briefskrywer?

Volgens Van Heerden word die "konvensionele grense van die eie ek" op die Internet verlê wanneer " ... eksperimentering met identiteit" plaasvind (*Die Burger* 2001: 4):

> Daar is "name" wat hulself hier ontplooi – dikwels op daaglikse basis. Dikwels gaan dit ook oor wie wie is, en daar is juis tans 'n gesprek aan die gang oor sommige bydraers wat hulself meer as een identiteit toeëien. Die moontlikheid word selfs geopper dat die redakteur van die webwerf dalk ál die briewe, of dan sommiges, self skryf. Daar is aantygings, doeblerings en ontkennings (Van Heerden in *Die Burger* 2001: 4).

Die brief waarna Van Heerden hier verwys, is getiteld *AK, SKUILNAME EN POSTMODERNISME,* soos op 6 Augustus 2001 geskryf deur Roof Bezuidenhout:

> *So Annesu en iemand anders gebruik die skuilnaam "AK". En Joan Hambidge gebruik ander skuilname, hoewel hulle nie skuilname is nie. Hoe weet ons Annesu is nie Piet Pompies nie? Hoe weet ons Piet Pompies is nie Dirk Deurnag nie? Hoe weet ons Dirk Deurnag is nie Kleinboer nie? Hoe weet ons die hele SêNet word nie deur Annesu geskryf nie? Of ons redakteur Etienne self?*
>
> *My allamapstieks, dis 'n royal postmodern fokkop!*

Die karakters in die postmodernistiese narratief kan bewus word van hulle eie fiksionaliteit (McHale 1987: 121). Roof Bezuidenhout se brief illustreer sy vrae of hy, of enige ander skrywer op *SêNet*, 'n werklikheid is. En dit is presies hierdie bewuswording

University of Cape Town

van die mens se eie twyfelagtige bestaan (in dié virtuele kamer wat daar nie is nie) wat in die postmodernisme ter sprake kom.

Die postmodernis se identiteit en hoe hy homself sien, beïnvloed die wyse waarop hy na die lewe kyk. Binne die konteks van die rekenaarwêreld is dit moeiliker om homself raak te sien:

> Die Internet bevestig die Ander. As die skerm nie wil oopgaan nie, is dit soos 'n sessie wat onderbreek is. Die persoon voel soos die *analysand* ver-vreemd, des te meer in die vreemde wanneer daar belangrike boodskappe gelees/versend moet word of inligting nie gevind kan word nie.
> Die dood van die outeur? Lank leef die subjek, al is dit net 'n Internet-konstruksie! (Hambidge 2000 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/16hambidge.asp).

'n Verdere faktor wat identiteit hier kompliseer, is die moontlikheid om 'n identiteit op *SêNet* te konstrueer:

> Sister Innocenta wat met wulpsheid kommentaar vanuit die klooster lewer, Piet Pompies wat nie 'n dag laat verbygaan nie, Francois Williams wat lesers met 'n skakel nooi na sy eie webblad, waar foto's en teks 'n eiesoortige identiteit konstrueer (Van Heerden *Die Burger* 2001: 4).

Stefik haal aan uit Arnold Mindell en Amy Mindell se Riding the Horse Backwards: 'n Groot identiteitskrisis ontstaan op die rand van die postmodernistiese afgrond. Aan die een kant van die denkbeeldige draad bly die ou identiteit agter. Aan die ander kant van die heining, verrys 'n nuwe identiteit. Dié denkbeeldige draad is egter heel besonders: dit beskerm en preservéér selfs die vorige identiteit. Die verlede en die ou "self" verdwyn nie volkome nie, maar bly bestaan om op kommentaar te lewer (1991: 1).

University of Cape Town

Hambidge lewer kommentaar op die identiteit van briefskrywers, en "die hibridiese aard" (van die identiteit van die briefskrywer) is "opmerklik uit die skep van identiteite, skuilname, *nom de plumes*, of wat ook al" (2000 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/16hambidge.asp).

Die HAT definieer hibridies as "wat 'n hibride is; gebaster ..." (1991: 386). Die twee identiteite – die vorige een wat nooit volkome agtergelaat word nie en die nuwe identiteit (Stefik 1991: 1) – se vermenging word deur hierdie woordkeuse benoem.

Hambidge skryf ook oor die briefskrywer wat 'n persona skep "wat deelneem aan letterkundige debatte as sou hulle 'werklike' mense wees. Daar is dus nou groter ruimte vir personasie-spel" (2000 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/16hambidge.asp). Sy bring die dood van die outeur hiermee in verband. Van Heerden skryf dat alles "hierdeur tot teks gemaak" word (1997: 32).

En dit is tog juis die teks waaroor dit op die *SêNet*-ruimte handel. Nogtans word die mees intieme staaltjies gedeel, wat vleis en been rondom die letters op die skerm giet en die "kleingeskiedenis" (sien 3.3.4) vertel.

Die outeur van elke brief op *SêNet* is lewend en vertel 'n eie kleingeskiedenis. Daar ís 'n hand agter die artefak, al word die leser deurentyd daaraan herinner dat hy te doen het met 'n mensgemaakte skepping, met geskrifte op die Internet. Daar is 'n knaende bewuswees van die "meta" (sien 3.6) en die "teks" (sien 3.1), van mens en gesprek.

Best behandel in haar miniskripsie die aanlyn-personae, wat onderskei word van die vlees-en-bloed-wese, die "werklike" mens. Sy vergelyk die "onbeliggaming" van die skrywer met 'n houtmarionet: 'n soort Pinnochio (1999: 17). Die houtpop word tot 'n menslike seuntjie getransformeer deur 'n selfverwesenlikingsproses wat ten nouste met die identiteit saamhang (Best 1999: 30).

University of Cape Town

Die problematiek met die identiteit vergroot: die een wat aandui ("signifier", d.w.s. die een wie se teks op die rekenaarskerm vertoon), hou nie noodwendig verband met die een wat aangedui is ("signified", d.w.s. die menslike skrywer wie se teks verskyn) nie (1999: 31).

Die vraagstuk rondom identiteit vergroot: dit handel hier oor onderskeidelik mens en teks, elk met 'n eie lewe, ook selfs al sou eersgenoemde dood verklaar kon wees.

Hambidge skryf die volgende oor hibriditeit met betrekking tot sowel mens as teks op *LitNet*:

> As ego-grense verskuif, privaatheid opgehef word, alles hier reg voor jou sit, moet dit implikasies hê op ons definisie van self, letterkunde, privaatheid, teks.
> Die self wat sowel lees as skep, is nie meer enkel nie, maar gesplete, meervoudig. Letterkunde word letterkundige praktyk, want verskillende seggings vorm deel van die diskoers. Privaatheid word opgehef, tensy dit 'n personaspel is. Interteks is nou inter-inter-teks (2000 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/16hambidge.asp).

Van Heerden vra wat die verband is tussen aanlyn-identiteit en werklike identiteit. Is alles maar 'n spel soos 'n mens in die postmodernisme sou verwag? (*Die Burger* 2001: 4).

Die vraag ontstaan of die leser sou kon vasstel wie die skepper van die teks was. Binne die wêreld van die Internet, met teks en lyf wat geredelik van mekaar geskei word, lyk dit of 'n mens dalk 'n buitestaander ("outsider"-figuur) sou kon ontmoet. Castells praat oor vroue en voorheen onderdrukte groepe (gemarginaliseerdes van die verlede) wat meer geneig is om hulself openlik uit te druk op die elektroniese medium (2000: 390). Van Heerden verwys ook na die postmodernistiese subjek as "'n eksentriek (ex-centric)" (*Die Burger* 2001: 8).

University of Cape Town

Tog bly die antwoorde op die vraag wie die briefskrywer is, hoogstens bespiegelinge. Van die briefskrywer se identiteit kan daar geen diepgaande analise gemaak word nie; dit bly die leser ontglip.

Die briefskrywer is nie noodwendig dié een wie se vingers op die sleutelbord rus nie. Hierdie persoon is waarskynlik nie wie hy voorgee om te wees nie, en as hy onder 'n skuilnaam skryf, weet die leser reeds dat die skrywer hom van sy vleeslike identiteit distansieer. Die skuilnaam skep op sigself "fiksie". Anders gestel: dit skep 'n "werklikheid" wat nie getoets kan word aan konkrete gebeure in die lewe van iemand wie se naam aan die leser bekend is nie.

Al wat uiteindelik duidelik is, is dat briefskrywer se identiteit noue verband hou met intertekstualiteit:

> Die skakels op 'n webwerf draai daardie gegewe werf ook na ander webwerwe en 'n spesifieke werf ontleen sy identiteit onder meer aan die ander bladsye waarmee dit skakel. Die identiteit van 'n werf berus op verwantskap (Shields 2000: 150): elke teks is ingebed in 'n groter ruimte van intertekstualiteit, en die outeur of bouer van daardie webwerf maak sekere keuses wanneer hy sy werf intertekstueel inbind. Hierdie keuses is dikwels van ideologiese aard en die dialogiese potensiaal van enige werf binne die palimpses van die www is iets wat met vrug ondersoek kan word (Van Heerden 2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp).

Weens die veelheid van realiteite in die postmodernistiese tyd (McHale 1987: 39), is niks hier meer heeltemal oorspronklik nie; werklikhede oorvleuel en vermeng. Dieselfde geld vir die verbasterde identiteit van die briefskrywer op *SêNet*.

### 2.2.2.2 Anonimiteit en skuilname

Die *SêNet*-briefskrywer kan anoniem briewe vir die ruimte skryf, weens sy keuse om

onder 'n skuilnaam te skryf.

Volgens Baird voel die anonieme spreker gemaklik om heel persoonlike inligting (sien 3.2; 3.3.4) met wildvreemdelinge te deel:

> In face-to-face interaction, we have visual and auditory clues about the person we encouter. In online interaction, however, the text-based content lacks many of the clues on which we normally rely, and our common sense may mislead us (2000: 98).

Vanuit 'n regsoogpunt kan anonimiteit probleme skep: ofskoon anonimiteit sny aan die individu se reg om hom anoniem oor 'n saak te mag uitspreek, kan dit lei tot gedrag waarvoor hy nie aanspreeklik gehou kan word nie, omdat dit nie duidelik is wie daarvoor verantwoordelik is nie. Anonimiteit kan dus beledigende en onwettige gedrag aanmoedig (Baird 2000: 13).

Baird praat van die onsigbaarheidsfaktor: "invisible abuse" kan plaasvind deur eenvoudig "send" te druk en materiaal te stuur aan die gesiglose aan die ander kant van 'n rekenaarskerm (2000: 30).

Die anonimiteit van die *SêNet*-briefskrywer skep soms probleme vir diegene wat aan die debat deelneem, soos blyk uit onderstaande brief:

> *Geen koerant sal 'n aanval of bedekte lasterlike toespeling onder 'n skuilnaam plaas nie. Daar is die gebruik dat die naam, adres en foonnommer verskaf word ... SKUILNAME OP LitNet, 31 Oktober 2000, Joan Hambidge)*

Tog lyk dit of die etiese reëls op die Internet verskil van dié van die gepubliseerde media:

University of Cape Town

> Online Communities should be allowed to set their own policies regarding the use of anonymous communication (Baird 2000: 100).

Uilspieël verkies om persoonlik op Hambidge se brief oor skuilname te reageer en doen dit aan die hand van 'n staaltjie in sy brief getiteld: *Uilspieël, 9 November 2000, SKUILNAME.*

Chanel Britz, 'n gereelde briefskrywer van *SêNet*, beskou die vryheid van anonimiteit as belangrik:

> *Die sewe dames en drie jong here van die Dekameron vertel nie die verhale onder hul eie naam nie, want soos die skrywer dit stel:*
> *Ek behoort hul regte name te verskaf as ek nie oor 'n goeie rede beskik het om dit nie te doen nie, wat daarop neerkom dat ek nie sou wou hê dat enigeen van hulle in die toekoms bloos oor die dinge wat hulle sê en waarna hulle luister in die hieropvolgende bladsye nie (Chanel Britz, 31 Oktober 2000, HEIL DIE DOOD VAN DIE OUTEUR!).*

Ander individue wat deel vorm van *SêNet* se "aanlyn-gemeenskap" huldig beslis sterk en uiteenlopende menings oor anonieme kommunikasie, soos blyk uit die titels en inhoud van briewe. Vergelyk in hierdie verband die volgende:

*"Ek wil ernstig beswaar maak teen die vervalsing van skrywersname op SêNet,"* skryf Chris Louw op 11 Mei 2000 in *LOS MY NAAM UIT!*

Vir Sonde Bok is skuilname nie 'n nuwigheid by skrywers en digters nie. Waar hy in sy brief na die begrip "skuilnaam" verwys, toon hy hoe moeilik dit raak om identiteit van naam te skei en hoe ingewikkeld dit kan wees vir die leser van 'n ruimte om sy persepsie oor die skrywer binne die ruimte los te maak van die naam van sodanige skrywer:

University of Cape Town

*Francois Williams hou dan nie van skuilname nie? Dis tog te jammer. Skrywers en digters het al 'n lang tradisie van Noms de Plumes, vegters van Noms de Guerres, en gewone mense van spotname en byname en allerhande vorme van mekaar (en self!) genoem. (SKUILNAME, 7 Julie 2001, Sonde Bok)*

Die skrywer Pantsula wil sy skuilnaam sý geheim hou:

*Kleinboer, ek sê, dalk kan ons 'n bier drink as jy jou mond hou oor my identiteit. (Pantsula, 23 Junie 2001, CHEERS).*

Gereelde besoekers aan die *SêNet*-ruimte het skuilname soos Sister Innocenta, Kleinboer, Sarel Sambok, Piet Pompies, z00m, Piranha, S Lettie Bagg en Ossewania du Plooy. Inligting aangaande die "ware" identiteit van 'n briefskrywer kan bekend wees aan die webmeester, wat die e-pos vanaf sy/haar persoonlike adres ontvang en dus kan sien dat die naam van die adres nie ooreenstem met die naam onderaan die brief nie. Die briefskrywers skep selfs soms 'n anonieme adres by 'n hotmail-, excite- of worldonline-adres, sodat selfs die webmeester in die duister is oor sy/haar ware identiteit.

Skuilname met seksuele konnotasies, soos "Tannie met die rooi koekie", duik ook op, wat aandui dat die ruimte eienskappe toon van 'n konvensionele kletskamer (waar flirtasies gereeld aan-lyn plaasvind) en dat die lyflike (sien 3.2) onafwendbaar deel vorm van die identiteit van die briefskrywer.

Van Heerden noem in sy rubriek, Net laat tuimel individu se Berlynse muur (*Die Burger* 2001: 8), dat die Internetgebruiker, waar hy hom ook al bevind, "'n protagonis sonder naam" is. Dit lyk of die briefskrywer se konkrete naam heelwat met sy identiteit te doen het:

Dikwels word oor die postmodernistiese subjek gesê dat hy nomadies is; dat hy sonder vaste voet deur die onsekerheid van 'n taalruimte swerf. Met vele

> skuilname ter hand handhaaf hy verskillende identiteite in 'n skynbaar ontembare Wilde Weste van moontlikhede waar verskuiling, doeblering en identiteitsversplintering deel van die terrein is. Sy lojaliteit, nasionaliteit en ankers hoef nie te bestaan nie. Sy hibriede energie is dikwels die voedingsbron van hierdie onafgebakende identiteit, sy wispelturige aandagspan en die ongekende emosie wat daarmee gepaard gaan (Van Heerden *Die Burger* 2001: 8).

Kommentaar op en gesprekvoering rondom skuilname, dui die obsessiewe bewustheid van die vraagstuk rondom identiteit van skrywer en leser aan, en is deel van die konsentrasie van problematisering van die postmodernisme (Hutcheon 1988: 88).

Die skuilnaam van die briefskrywer beskerm juis nié die briefskrywer se "ware" identiteit nie, maar problematiseer laasgenoemde inderdaad deur hierdie futiele poging.

**2.2.3 Skrywer/leser; leser/skrywer**

Met die briefskrywer op *SêNet* as sentrale punt, kan nagevors word hoe outeurskap binne die kuberruim lyk en wie telkens aan die woord is.

Daar is 'n toenemend problematiese verhouding tussen skrywer en leser in die postmodernistiese era (Newman 1985: 41). Die leser is nie meer net 'n passiewe deelnemer nie, soos wat die verteller nie meer net 'n passiewe waarnemer van die realiteit is nie (Newman 1985: 63). Deurdat die rol van die léés verander, kom die rol van die skrýf opnuut onder die loep (1985: 100). Die een beïnvloed die ander.

Ten einde die gesprek op *SêNet* te laat voortgaan, spreek dit vanself dat skrywer en leser daagliks rolle kan afwissel: iemand spreek hom uit oor 'n spesifieke onderwerp, iemand anders reageer die volgende dag daarop en die oorspronklike skrywer lees die reaksie en skryf 'n repliek op sy eerste brief.

University of Cape Town

'n Persoon sou ook 'n brief kon lees en glad nie daarop reageer nie. 'n Nie-skrywe sou onder sekere omstandighede egter 'n groter doel kon dien as 'n breedvoerige antwoord. Deur middel van die swye is reaksie ontlok en beide oorspronklike briefskrywer en stilswyende leser erken mekaar se kunstenaarskap.

Geen reaksie kan ook heelwat sê en sodoende juis reaksie op 'n skrywe wees.

> *19 April 2000, KINDERAGTIGE SNERT, Andries Cornelissen*
>
> *Ek het geen keuse nie as om te reageer op die kinderagtige snert wat ene Jaco kwytraak oor my vroeëre brief (onder Vervelige Debat). Dit is duidelik dat hy met oogklappe gelees het en die punt heeltemal gemis het.*

Die "leser", dit wil sê dié een wat 'n brief lees waarin 'n nuwe onderwerp geopen of 'n vorige debatspunt weer opgeneem word, vertolk 'n aktiewe rol. Hy lees en sy reaksie bepaal wat die oorspronklike briefskrywer gaan lees: 'n konvensionele brief, of 'n oop spasie, wat die oorspronklike briefskrywer dan tussen die lyne sal laat lees. 'n Mens sou dus tereg kon vra: wie is dan die skrywer? Die leser vertolk 'n interaktiewe rol – en die normale norme word op die kop gekeer. Onder bekende omstandighede sou 'n mens 'n boek oopmaak, dit lees en interpreteer; dan die boek toemaak en steeds as leser die teks en/of skrywer toelaat om agterna nog met die leser daarvan te doen te hê. In die geval van *SêNet*, kry die leser die geleentheid om tot die gesprek toe te tree. Die leser word dus die skrywer.

Om te bevraagteken en te ondergrawe, is volgens Van Heerden net soseer die taak van die leser as dié van die skrywer. Hy haal Sarup aan wat van mening is dat die leesproses sy status as passiewe aktiwiteit verloor het. Die leesproses is nou 'n "performance" (1997: 29).

University of Cape Town

'n Massamedium, soos byvoorbeeld die televisie, is 'n eenrigtingkommunikasie-stelsel, terwyl die kommunikasieproses dit juis nie is nie. Daar bestaan interaksie tussen leser en skrywer ten einde die boodskap te kan interpreteer (Castells 2000: 363). Op *SêNet* kry die leser en die skrywer die openbare geleentheid om rolle te ruil.

Tog is daar sedert die verskyning van die heel eerste boek sekerlik van die leser verwag om die teks tot 'n meerdere of mindere mate te interpreteer. Die tydsgees van die postmodernisme bring nie soseer formele veranderinge teweeg nie; dalk is daar eerder 'n verskuiwing in die dinamika van die letterkunde (Newman 1985: 16).

Volgens Newman beweer Ehrmann dat die skryf- en die leesproses albei nodig is om die moontlikheid van betekenis van 'n teks te laat manifesteer (1985: 81). Die verskuiwende identiteit van leser en skrywer is dus van belang ten einde die teks tot sy reg te laat kom.

Binne die postmodernisme is die teks (sien 3.1) altyd van groot belang. Die tydelike "suspension of belief as well as of disbelief" (McHale 1987: 33) word in die postmodernistiese era binne 'n metafiksionele (sien 3.6) konteks geplaas: die leser is heeltyd bewus daarvan dat hy besig is met 'n proses van lees, net soos wat die skrywer bewus is daarvan dat hy skryf.

McHale praat van die skep van 'n sogenaamde heterotopia ("zone"), 'n konsep wat ontstaan het by Michel Foucault (1987: 44). 'n Heterotopia dui op die skakel van ongelyksoortighede wat normaalweg nie saam sou staan nie. By die interpretasie van die teks, by die vraag wie leser en wie skrywer is, word individue wat mekaar hoegenaamd nie ken nie, byeengebring. Hulle is heterogeen en uiteenlopend. Tog beïnvloed die een die ander. Die een lees die ander en word self die skrywer.

Namate hierdie aaneenlopende roman (m.a.w. die briewe, as die leser wil) ses dae per week geplaas word en die proses van konstante uitdying meer en meer deel word van die briefskrywers se alledaagse lewe, word die sone gewoon meervoudig.

University of Cape Town

Vanweë die "betrokke raak" van die leser by 'n representasie, word weersin by hom/haar gewek wanneer die representasie derepresenteer, oftewel uitgevee, word. Die irritasie en frustrasie kan op emosionele vlak aanleiding gee tot 'n reaksie – en die leser-/skrywerrol wissel opnuut.

Die *SêNet*-ruimte is op sigself interaktief: dit reageer op wat die massamedia oordra (lg. manifesteer bv. in die vorm van parodieë wat deur briefskrywers van wêreldgebeure neergepen word [sien 3.4.2)], skrywers en lesers reageer op mekaar, en verder reageer die ruimte op die self (sien 3.6).

Die volgende opeenvolging van briewe (waaruit slegs relevante gedeeltes aangehaal word) demonstreer die wisselspel tussen leser en skrywer, hoe slegs een opmerking 'n debatsonderwerp kan raak, hoe meerdere lesers by 'n onderwerp betrek kan word, waarvan die ontstaan te danke is aan die oorspronklike aantoon van reaksie (voorafgegaan deur die lees en interpreteer van 'n brief) deur een (of meerdere) leser(s):

> *1 Desember 1999, 'n "JA" VAN BREYTEN, OFTEWEL JAN AFRIKA, VIR DIE GROOT BETOGING ..., Jan Afrika*
>
> *2 Desember 1999, AMPIE COETZEE OOR DIE GROOT AFRIKAANSE BETOGING, Ampie Coetzee*
>
> *Maar dis juis hier waar die probleem lê.*
> *Die Afrikaners met Afrikaanse harte (in die soortring van die ou Patriotters) kan nie die enigste opstellers van die petisie en die enigste betogers wees nie ...*
>
> *7 Desember 1999, HOU 'N PAARTIE VIR AFRIKAANS, NIE 'N BETOGING NIE, Koos Kombuis*

University of Cape Town

*8 Desember 1999, GOOI PETROL OP DIE TAALVUUR, Jaco*

*Nee, kyk! Gaan my verstand te bowe dat ons as Afrikaanssprekendes nooit kan saamstem oor iets nie!*

*9 Desember 1999, 'N OPE BRIEF AAN MINISTER KADER ASMAL, Dan Roodt*

*U aanmerkings aangaande die taalkwessie ...*

*11 Desember 1999, SOOS 'N KLOMP OUD-NASIONALISTE, Sizwe Bantoe*

*Mnr Dan Roodt en ander Groot Kokke-Torre se oproep tot 'n Groot Afrikaanse Betoging en sulke twak wek kommer en grens aan die belaglike ...*

*Ek bly maar anoniem aangesien julle uitsprake vreeslik militaristies klink en mens bang maak.*

*12 Desember 1999, MR ROODT, I AM OFFENDED, Koos Kombuis*

*As a South African whose second language is English, I am offended, infuriated and disappointed in you, and apart from that I am beginning to wonder whether your continuing hate speech against other South Africans is not perhaps unconstitutional.*

*14 Desember 1999, WAT WORD VAN VRYHEID VAN SPRAAK?, Carel van der Merwe*

*Dit raak darem baie dik vir 'n daalder as Koos Kombuis nou Dan Roodt se vryheid van spraak bevraagteken ...*

University of Cape Town

*23 Desember 1999, SJANGAAN OP MY KONDOOMPAKKIE ...?, Kleinboer*

*Dis nie vir my 'n obsessie om Afrikaans op my bierblik te sien nie.*

...

*Ek gaan Afrikaans in niemand se keelgat probeer afdruk nie. Dis soos 'n blowjob. As iemand my taal vrywillig wil besig, is ek dankbaar.*

*5 Januarie 2000, DIE BETOGING – 'N STUIWER IN DIE ARMBEURS, Ernst Marais*

*Dan, Sarie Marias is 'n uitstekende keuse vir 'n vryheidslied. Koos, We are marching to Pretoria is die lied waaronder die Empaaier se soldate gemarsjeer het in hulle aantog om die Empaaier se vlag in Pretoria te plant.*

*13 Januarie 2000, DIE OPTOG IS SIMPEL EN OUTYDS, Susan Samuel, Antonia Steyn, Reep Verloren van Themaat, Nicola Davies*
*Vier jong Suid-Afrikaners*

*As jong Suid-Afrikaners, met weinig herinneringe aan apartheid, ons seksuele ontwaking oordonder deur VIGS-waarskuwings, werksmoontlikhede godsonmoontlik en ontstellend min Afrikaanse skrywers van ons generasie wat wérklik inspirerend skryf, klink Dan Roodt & Jan Afrika se optog simpel en embarressingly oudtyds.*

*18 Januarie 2000, KOOS KOMBUIS HET OOK GEDINK DAN IS COOL, Juanita van Rensburg*

*Hopelik is die vier jong briefskrywers nou beter ingelig en sal hulle nie antwoord met iets soos "Maar wie is Ampie Coetzee, Joan Hambidge en Charles Malan anyway" nie.*

University of Cape Town

*19 Januarie 2000, VIER KLEIN KROKODILLETJIES?, Hettie Scholtz*

*Wat veel meer pla as die sogenaamde oningeligtheid van die vier jong Suid-Afrikaners ... is die duiselingwekkende hoogte vanwaar hy (Dan Roodt) op hulle neerkyk, hul mening met méning afskryf.*

*26 Januarie 2000, OOR VIER JONG SUID-AFRIKANERS, Hendrik Martin*

*Dis nie dat ek 'n lansie vir hulle wil breek nie – maar ek sou graag 'n literêre werk van sê, Reep Verloren van Themaat (een van die jong Suid-Afrikaners) wil lees. In Afrikaans, waar hy oor die issues van vandag skryf – of miskien het hy dit al gedoen. Maar die onus rus op sy geslag om hulle frustrasies en gewaarwordinge te verwoord.*

*30 Januarie 2000, IN ANTWOORD OP CHRIS LOUW, Johann Rossouw*

*1 Februarie 2000, DIS NIE POLITE NIE, Chris Louw*

*3 Februarie 2000, CHRIS LOUW PRAAT MET ERVARING, Breyten Breytenbach*

*Ek het my voorgeneem om nie (verder) deel te neem aan die gemor en gepor en gepoer rondom Afrikaans nie. Op enkele uitsonderings na (ek dink bv. hier aan Johann Rossouw se bydraes) is dit net bloot klipgooiery of kinders wat verskriklik moedig teen die kleinhuisiemure krap.*

*5 Februarie 2000, 'N OPE BRIEF, Dan Roodt*

*PRAAG, WAT IS PRAAG?*

University of Cape Town

*10 Februarie 2000, KOMMER OOR DIE STIGTING VIR AFRIKAANS, Bekommerd*

*Die gerug doen die rondte dat die Stigting vir Afrikaans, 'n leidende organisasie wat uitstekende werk vir Afrikaans doen, geherstruktureer gaan word en dat sy lyfblad, Afrikaans Vandag, in dié proses kan verdwyn.*

Dit is duidelik dat die skuiwende identiteit (sien 2.2.2) van leser en skrywer die ruimte dinamies hou. Tog: die diskursiewe situasie tussen skrywer en leser word alleen as betekenisdraend gesien binne die lees-aksie. Die teks is betekenisloos totdat die leser betekenis daaraan verleen. Die leser is die aktiveerder van die kontekstuele netwerk, omdat die skrywer alleen bestaan wanneer die teks gedekodeer word. Laasgenoemde vind op *SêNet* plaas deur middel van wedersydse reaksie.

Die reaksie verleen die betekenis; die betekenis verleen nie meer alleen die betekenis nie. Binne die postmodernisme word die semantiese waarde van die woorde sodanig gedekonstrueer dat ook dít minder gewig dra.

Op *SêNet* is die "wie" van die skrywer en leser (die identiteit van dié een op die ruimte wat reaksie toon) egter wel die sneller tot die "wat" van die ruimte (die inhoud). Die identiteit van die briefskrywer bepaal die materiaal op *SêNet*.

University of Cape Town

# HOOFSTUK 3
# POSTMODERNISME EN DIE WEB: TENDENSE VAN GESPREK OP SÊNET

## 3.1 Taal

Interaktiwiteit op die *SêNet*-ruimte vind plaas in die vorm van die geskrewe woord – die "taal". 'n Definisie van die begrip "taal" is nie ongekompliseerd nie. In hierdie studie word na "taal" verwys as 'n kommunikasiewyse deur middel waarvan 'n groep mense hulself vir ander verstaanbaar uitdruk, en ook na "taal" as 'n abstrakte ordening van die mens se onbewuste (Lacan, aangehaal deur Bowie 1991: 3). Op *SêNet* is daar nog 'n verdere "taal" ter sprake: die "taal" van die rekenaar. En op hierdie ruimte manifesteer die "taal" van die menslike psige opnuut in die vorm van die geskrewe materiaal, naamlik die briewe, wat op dié Internetruimte ingebed is. Hier kom al drie "tale" byeen.

### Taal en proses

Die geskrewe Westerse alfabet is rondom 700 v.C. in Griekeland ontwikkel. Die neerskryf hiervan het die brug gebou tussen die gesproke woord en die taal, en terselfdertyd is die proses van "spraak" van die spreker geskei (Castells 2000: 355).

"Taal" en "proses" is egter nie meer losstaande van mekaar nie. Newman verduidelik dit aan die hand van 'n beeld: 'n man kyk metafories deur die eeue heen by 'n venster uit op 'n tuin. In die postmodernistiese (sien 1.1.1) tyd is die "venster" nie deurskynend of soos 'n spieël nie. Dis bloot 'n membraan wat mens en natuur skei, maar terselfdertyd verbind. Nie mens of natuur bestaan meer apart van hierdie kykproses nie. Taal beïnvloed die mens; die mens beïnvloed taal (1985: 66).

Op *SêNet* is dit duidelik dat die geskrewe taal aanleiding kan gee tot gespreksonderwerpe aangaande die wese van die briefskrywer, byvoorbeeld oor sy kultuur (sien 3.1.4). 'n

University of Cape Town

Verdere "proses" ontvou ook op *SêNet*: skrywer aktiveer leser, en opnuut skrywer (sien 2.2.3). Die postmodernistiese "proses" is eerder dekonstruerend van aard. Die onderwerp waaroor geskryf word, sowel as die briefskrywer (uit wie se psige die "taal" ontspring) word gekontamineer met daaglikse herskrywing. Taal en proses word vermeng.

Sake kan egter verder gevoer word: die geskrewe woord geskied op 'n ruimte wat deur rekenaartaal gekonstrueer is. Hier verloop tyd verskillend en plek sien anders daar uit (sien 1.4.3) as in die "werklike" realiteit. Die gesprek verloop vinnig en briefskrywers se "ongekende emosie" (Van Heerden *Die Burger* 2001: 8) is aan die orde. Die "taal" van die rekenaar verander die proses van praat. En die proses van gesprekvoering verander die "taal" van die briefskrywer.

*SêNet*-briewe wat oor die geskrewe "taal" en taalkwessies handel, is onder andere:

*15 Maart 2000, DIE SABC EN AFRIKAANS, e-Kleilat*
*19 Julie 2000, DIE KONTEKSTE WAARIN AFRIKAANS GEBRUIK WORD, Michael Whiteside*
*4 Julie 2001, LEARNING A LANGUAGE IN GENERAL; READING AFRIKAANS IN PARTICULAR, Rosie*

In hierdie studie word die materiaal op die *SêNet*-ruimte ontleed. Dieselfde stof wat die webmeester daagliks in HTML-formaat "herskryf", word beskou. Op *SêNet* verkry die begrip "taal" meer as een betekenis. Die postmodernistiese werklikheid (sien 1.1.3) word ook sodoende veelvoudig.

### 3.1.1 Taal en postmodernisme

Hierdie ontleding handel oor *SêNet* vanuit 'n postmodernistiese oogpunt. Die postmodernistiese beskouing kompliseer 'n bespreking oor die begrip "taal". Die postmodernis is selfbewus en terselfdertyd ambivalent oor "taal" (Waugh 1984: 2).

University of Cape Town

Die postmodernis hunker nostalgies (sien 3.3.5.2) na die modernistiese geloof dat taal 'n stewige onderbou daarstel (Thiher 1984: 97). Tog kan taal nie die realiteit voorstel nie, aldus Bertens (Van Heerden 1997: 27). Selfs al sou taal die wêreld kon beskryf, kan dit nie die wêreld bereik nie (Thiher 1984: 93).

Thiher skryf dat taal slegs homself voorstel en ook slegs na die self (sien 3.6) verwys (Thiher 1984: 96). Tog bly die postmodernis "op soek na betekenisgewing, ondanks sy taaltwyfel" (Van Heerden 1997: 57).

Roodt skryf dat die postmodernistiese "talige bemoeienis" die aard van ons menslike interaksie geweldig beïnvloed (2000: 47). Dit is op *SêNet* sigbaar, waar geskrewe, konkrete taal die primêre kommunikasiemiddel in dié virtuele interaksie is. Die struktuur en grafika van hierdie gespreksruimte is deur HTML daargestel en die briewe word ook in hierdie taal gelaai (sien 2.1). Die postmodernistiese tydperk maak die Internet-tegnologie moontlik. Die "taal" word op hierdie manier ook deur die tydperk bepaal.

University of Cape Town

### 3.1.2 Taal en dekonstruksie

Binne die postmodernis se "talige" wêreld (Hambidge 1995: 12), kry die menslike subjek beslag in die teks, in woorde. Op *SêNet* reageer briefskrywers elke dag op die vorige dag se briewe. Vandag se opinie dekonstrueer gister s'n.

Newman skryf oor 'n postmodernistiese "inflasie van diskoers", waar die dekonstruksie van taal die realiteit demistifiseer (1985: 100). Op *SêNet* vind dekonstruksie op verskillende maniere plaas. Dit geskied deurdat elke briefskrywer se waarheid (sien 3.3.2) daagliks gister se oerteks [hier populêr gebruik (sien 3.3.1)] herkonstrueer.

'n Briefskrywer dekonstrueer byvoorbeeld Afrikaans in sy Standaardvorm:

*21 Junie 1999, POëSIE WAT DIE KLIERE ROER, Marius Visser*

*... ek sal dit nogal like as die regular soorts hier 'n lys kan maak van hulle favourite afrikaanse poetry – nie omdat dit serious diep en intellectual is nie, maar daai wat jou regtig emotional maak en stuff doen vir jou glands. Is daar sulke goed in afrikaans? En if not why not? Beter vrae as wie of wat is 'n afrikaner ...*

Die dekonstruksie kan subtiel opstandig (sien 3.5) plaasvind, of speels (3.1.5), soos in die volgende brief waar die begrip "taal" gedekonstrueer word deur dit te laat slaan op die kommunikasiemiddel van die rekenaar, nie van die mens nie:

*3 Maart 2000, 'N ANDER BLIK OP DIE TAALDEBAT, Jaco Botha*

*Vir my is daar op hierdie oomblik net een taal, en dit is Java ...*

In die proses van dekonstruksie, herkonstrueer "taal" uiteindelik die mens (Newman 1985: 13). Die briefskrywer skryf, maar word in die proses self gelees (sien 2.2.3).

'n Gereelde bydraer skryf 'n vers oor 'n persoonlike kleingeskiedenis (sien 3.3.4) en inkorporeer daarby haar opinie oor taal en dekonstruksie in die brief op 2 Januarie 2001, *KOM ONS PRAAT DEKONSTRUKSIE*, deur Anna-Marie R (uit die oog van 'n vrou). Dekonstruksie van taal as postmodernistiese eienskap, word dus ook deur die postmodernistiese briefskrywer hanteer deur metakommentaar (sien 3.6) daarop te lewer.

### 3.1.3 Taal en seks

Die "taal" van die postmodernis se onbewuste kom op *SêNet* tot uiting in die geskrewe "taal" waarin die briefskrywer kommunikeer. En vir die postmodernis hou taal as ordening van die onbewuste en gedagtes oor seksualiteit met mekaar verband (Lacan

University of Cape Town

1973: 153). Die postmodernistiese briefskrywer gebruik ook konkrete taal om oor seks te skryf (sien 3.2).

Die *SêNet*-briefskrywer – bewoner van daardie ruimte wat ooreenstem met en verskil van sowel die "kletskamer" (sien 1.3.3.2) as die "virtuele gemeenskap" (sien 1.3.3.3) waar gesprek van persoonlike aard en flirtasie dikwels plaasvind – skryf gereeld oor die seksuele. Die Internet as tegnologiese struktuur binne die postmoderisme, huisves virtuele omgewings waar sodanige gesprek kan plaasvind. Binne die postmodernistiese tyd word die norme tot "aanvaarde" gesprekstemas gedekonstrueer en vind sodanige korrespondensie geredeliker plaas. Op *SêNet* spruit die gesprek oor seks uit die "taal" van die postmodernis.

Bowie haal aan uit Lacan: "There is no such thing as a sexual relationship" (1991: 3).

Volgens Bowie glo Lacan dat hoewel twee mense in 'n fisieke verhouding tot mekaar kan staan, taal so 'n groot lading tussen hulle plaas, dat dit 'n god word. Vir Lacan word die Ander en die Een dus geskei deur God (Bowie 1991: 154).

Dit is egter duidelik dat Lacan dié opmerkings oor seksualiteit nie op konkrete vlak bedoel nie, maar veral gemoeid is met die konstruksie van die subjek, asook die verskillende ritmes en intensiteite van verrukking waartoe die seksuele objek toegang het (Bowie 1991: 151). Taal en seks hou vir Lacan noue verband met mekaar.

Maar hoe hou die taal van die Internet met seks en die lyflike verband? Tyd op die Internet (sien 1.4.3) sien anders daar uit as elders. Dit verloop vinnig. Taal op die Internet is 'n nuwe vorm van "orality" (Castells 2000: 392): 'n informele, spontane, ongekonstrueerde geskribbel. Soos Castells dit uiteensit: 'n skrywende telefoon, waar mense so vinnig tik as wat hulle met mekaar sou gesels. Op die Internet word ook verskeie media wat vroeër in gerieflike kompartemente in die menslike brein geskei is,

University of Cape Town

nou gemeng: die tong, die vingers, die tegnologie, asook die struktuur en orde van skrif. Die taal en die lyflike word deur die Internet met mekaar vermeng:

> As De Kerckhove writes, 'The message of the medium of cyberspace is touch, body, identity. These are precisely the three areas of our being that pessimistic critics say we are losing to technology' (Castells 2000: 392).

Seks kan 'n speelse (sien 3.1.5) onderwerp van bespreking op *SêNet* word:

> *25 Junie 2001, JAGSHEID, Sonde Bok*
>
> *Die woord "jags" is wel mooi. So ook die gemoedstoestand.*
>
> *26 Junie 2001, JAG EN HENGEL, Sarel Sambok*

Daar is ook briewe met 'n meer pertinente seksuele konnotasie:

> *24 April 2000, LIEFDE EN TWIS, Don de Molenaar*
>
> *Wat is die Afrikaans vir: "make love, not war"?*
> *"Naai, man! Moenie baklei nie!"*

Die opvolgende brief is ook tong in die kies:

> *28 April 2000, DIE VEELBESPROKE LIEFDE, Carel van der Merwe*
>
> *Ek het altyd gedag "make love, not war" is "moenie met messe steek nie".*

So moeilik soos wat dit is om leser en skrywer (sien 2.2.3) op *SêNet* los van mekaar te hou, net so is dit ook om die onderwerpe "taal en seks" en "seks en taal" (sien 3.2.1) te

University of Cape Town

(kan) skei. Tog lyk dit vir die navorser in hierdie projek asof die postmodernis se "taal" (soos op alle vlakke in 3.1 beskryf) baie nou met die seksuele verband hou. Dit vind neerslag in die konkrete teks van *SêNet*.

**3.1.4 Taal en kultuur**

'n Gesprek oor die taal wat 'n mens praat, handel dalk uiteindelik oor die mens wat die taal praat (Newman 1985: 66). Die taal en skryfwêreld van die Internet, van *SêNet*, kan mense se konkrete leefkultuur beïnvloed.

Jordaan vertel iemand se verhaal in *LitNet* se rubriek getiteld Tekens van die tye:

> My grandmother just came close to death, which makes me acutely aware of how irresponsible I am as a grandson. And a brother. And a son, and a husband, and a father. I spend time and energy maintaining a website while I neglect the people that matter most in my life (2001 http://www.mweb.co.za/litnet/www/0701.asp).

Dié vertelling is subjektief – en die postmodernistiese kultuur is juis nie 'n massakultuur met 'n uniforme waarheid (sien 3.3.3) nie.

Verskillende media gaan ook verskillende kulture beïnvloed. Die gereelde besoeker aan die *SêNet*-ruimte gaan nie noodwendig terugkeer as hy hom daar ontuis voel nie, net soos 'n persoon wat televisie kyk van kanaal sal verwissel as die program hom nie interesseer nie. Die moontlikheid om op die Internet te "surf" veroorsaak dat die postmodernis sy eie ingewikkelde tapisserie weef; 'n koppige mosaïek skep soos hy dit wil (Castells 2000: 370).

Sommige briefskrywers sien die Internet as "positiewe" stimulant vir die Afrikaanse woord:

University of Cape Town

*21 Januarie 1999, LEKKER GELEES, Lien Roux-de Jager*

*Dis in die moeilike ekonomiese en politieke tye nodig dat die Afrikaanse woord vertroetel word, dat daar met hom rondgespeel word, sodat hy nie net aan die lewe kan bly nie, maar kan groei en gedy.*

Sien ook: *25 Januarie 2000, AFRIKAANSE LIEDERE, Wim Ferreira*

Selfs die skuilnaam word ingespan om die brief se inhoud te onderstreep:

*5 Mei 2000, LEKKER AFRIKAANSE VERMAAK ..., Jan Konterdans*

Gesprekke vind plaas oor die konkrete kultuur van 'n groep mense: die sogenaamde Afrikaners. Die gesprek rondom die taal wat 'n groep mense praat, het uitgebrei om te handel oor die mense wat dié taal praat (en hulle kultuur), soos verwoord in onderstaande brief:

*10 Mei 2000, DIE "LOST GENERATION" ..., Uilspieël*

*Ons, die kanonvoer van apartheid ...*
*Die groot debat oor die "taalstryd" het gelukkig nou uitgekring na 'n debat oor identiteit, oor Afrikaans-wees.*

"Kultuur", soms deur die individu gesien as dít wat onder die skone kunste ressorteer, is 'n volgende tema onder bespreking:

*11 Mei 2000, STATE OF THE PERFORMING ARTS ..., Charles J Fourie (Playwright)*

University of Cape Town

*It is with shock that one reads about the events that led to the chaos at the State theatre (Sunday Independent, 7 May). This creates more suspicion about the state of our performing arts.*

Kontemporêre "skone kunste", soos byvoorbeeld die film, word ook van tyd tot tyd bespreek:

*19 Julie 2000, ROMANCE SHATTERS BOX OFFICE RECORDS, Walter Gelderblom*

Ook die interpretasie van die woord "kultuur" van die briefskrywer bly subjektief en onafgebaken vanweë die veelheid waarhede, asook die meervoudigheid van die postmodernistiese skrywer op die ruimte. Dit is egter duidelik dat die briefskrywer oor sy eie subjektiewe kulturele ervarings skryf en dat die "taal" van die menslike leefwêreld tot uiting kom binne die geskrewe teks.

**3.1.5 Taal en spel**

Die *SêNet*-briefskrywer speel graag en speel doelbewus met die taal as geskrewe woord. Van Heerden haal Ihab Hassan aan, wat een van die karaktertrekke van die postmodernisme as "speels" beskryf (Van Heerden 1997: 39).

Daar is op die Internet ook wat te lese oor die spel van die postmodernisme, soos gestel teenoor die doelgerigte modernisme:

"Roth divides Appropriations of Kojève into two categories: militant modernism, playful postmodernism ..." (2002 http://www.vcsun.org/~battias/class/600/ex/kojeve.pdf)

University of Cape Town

Dit lyk of die geloof bestaan dat die modernis orde skep om so sy eie angs te probeer verdryf, en of die postmodernis hierdie skep van struktuur verontagsaam omdat die modernistiese argument nie vir hom water hou nie (2002 http://media-in-transition.mit.edu/science_fiction/profiles/card.html).

Spel word deur eiesoortige reëls voortgestu. En die geskrewe woord binne die postmodernistiese tyd bevraagteken die dichotomie van realiteit en fiksie (Waugh 1984: 29). Die postmodernis se "werklikheid" word as 't ware 'n rollespel, waar elkeen sy eie realiteit moet vertolk en "uitspeel".

Op *SêNet* vind spel gedurig plaas. 'n Ernstige tema kan ligter aangebied word deur woordspel, soos blyk uit die titel:

*26 Junie 2001, AIDS EN AIDS, Gerrit Brand*

Die (woord-)speletjie kan grens aan die parodie (sien 3.4.2), soos in die titel van die brief hieronder. Die titel van 'n bestaande romantitel word omvorm om by die gees van *SêNet* aan te sluit. Een van die briefskrywers se skuilname is "Kraakbeen" en met hierdie kennis tot die leser se beskikking, verkry die titel 'n verdere dimensie:

*23 Januarie 2001, ONE FLEW OVER THE KRAAKBEEN'S NEST, Anna-Marié R (scream)*

Algemene taal-"speletjies" word gespeel wanneer briefskrywers lyste maak van woorde wat hulle interesseer, soos in:

*20 April 2000, 'N LYS KOEL AFRIKAANSE NUUTSKEPPINGS, Peter Louw*

'n Skrywer kan ook doelbewus 'n Anglisisme in 'n titel gebruik om aandag op speelse wyse te trek:

University of Cape Town

*20 April 2000, OOR ROLMODELLE EN IDOLE, Uilspieël*

'n Woordspel kan ook stuitig aangebied word:

*17 Februarie 2000, WOORDEBOEK, Incognito*

*... die skeppende moontlikhede van Afrikaans ...*
*G-string: snakstringetjie/tergtoutjie/gatsnaar*

Die briefskrywer se taalspeletjies bring heelwat onderwerpe intertekstueel (sien 1.2.2.4) met mekaar in verband. Die postmodernis se onskeibaarheid van sy "werklikheid-in-woorde" (Hambidge 1995: 12) word opnuut hierdeur geïllustreer.

University of Cape Town

**3.2 Seks**

Die seksuele op die Internet word nie net deur "taal" by die studie betrek nie. Tydsverloop (sien 1.4.3) op die Internet, onder andere, kan seks ter sprake laat kom. Van Heerden skryf oor "websurfing":

> Hierdie proses is by geleentheid in erotiese terme gesien, en daar is gewag gemaak van die estetika van vertraging (Shields 2000: 157) – daardie oomblikke dat jy talmend, selfs smagtend, voor jou rekenaar sit en wag nadat jy op 'n "hot button" gekliek het. Met dié erotiese afwagting in gedagte kan skakels as skalkse beloners beskryf word wat nuuskierigheid en begeerte bevredig. Rekenaars is nie altyd die tegnologie van snelheid nie, en selfs in die tekortkominge van tegnologie – die stadige aflaai van webinligting (Shields 157) – sien kuberentoesiaste iets boeiends (2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp).

*SêNet*-briefskrywers skryf graag en dikwels oor seks, al hou dit nie verband met ander temas in hulle briewe nie:

*14 Februarie 2001, ORGASMOTRON, Dirk Deurnag*

*23 Junie 2001, "SPILSGEIT" EN DIE TAALKWESSIE, Repelsteel*

Vir verdere voorbeelde oor seks as geskrewe onderwerp, sien 3.2.1.

Sonder dat die leser ooit 'n aanlyn-gemeenskap hoef te besoek, kan hy van die behoefte aan liggaamlike interaktiwiteit op die rekenaar bewus word deur die "Help"-figuurtjie in die Windows-programme dop te hou: daar word byvoorbeeld 'n interaktiewe kat, of skuifspeld, of towenaar aangetref. Die basiese strewe na die fisiese lewe soos die mens dit ken, word hierin weerspieël. Die lyflike skyn 'n onversadigbare versugting na die ander se liggaam te hê.

**3.2.1 Seks en taal**

Die *SêNet*-skrywer se "taal" ontspring vanuit sy liggaam. Die mens se fisiese lyf verkry in die postmodernistiese tyd dikwels 'n nuwe betekenis. Die bekende kern "hou" nie meer volkome nie (Van Heerden 1997: 49). In hierdie studie word die term "seks" in 'n wyer sin as die konvensionele gebruik. Die begrip "seks" word vir doeleindes van hierdie afdeling aangewend om eerder "plek van bevrugting" voor te stel; 'n omgewing waaruit "taal" voortvloei.

Liggaam en teks is intertekstueel aan mekaar verbonde. Hambidge se Judaskus sny postmodernisties aan "Die teks as liggaam" en "Die liggaam as teks" (1998: 19).

'n Biologiese funksie van die mens se liggaam, die seksuele, kan nie binne 'n Internetgemeenskap (sien 1.3.3.3) geïgnoreer word nie. Taal as gesproke of geskrewe woord word hier in die vorm van woorde gebruik; woorde het 'n fisiologiese oorsprong

vanuit die menslike lyf. Best skryf dat dit misleidend is om die kuberspasie as "onliggaamlik" te beskryf (1999: 8).

Roodt gebruik die (ideaal van 'n) elektroniese (universiteits-)omgewing as voorbeeld van die verband tussen virtuele en liggaamlike werklikheid: die beswaar teen 'n "virtuele" universiteit sou volgens hom, kon wees dat die behoefte bestaan aan menslike interaksie, wat nie deur 'n virtuele werklikheid vervang kan word nie. Na sy mening is die buitemuurse aktiwiteit (en die verkeer van mense se liggame in geselskap met mekaar) by 'n universiteit moontlik belangriker as die opdoen van kennis (2000: 52).

Die lyflike op die Internet hoef egter nie direk met die seksuele verband te hou nie; laasgenoemde is maar één uitvloeisel van die liggaam se smagting na konkrete interaksie. Die liggaam dra ander belangrike inligting tussen twee mense: lyftaal, gesigsuitdrukking, klere en liggaamsversierings is ook boodskappe wat op 'n ander wyse as letters gelees word. Die Internetgebruiker vind op innoverende wyses plaasvervangers vir bogenoemde nie-verbale kommunikasie. So byvoorbeeld vervang "emoticons" die fonetiese woord en weerspieël die stand van die liggaam (Best 2000: 9). Ook Pearson (1999: 86) skryf hieroor.

Kleingeskiedenis (sien 3.3.4) en woordspel (sien 3.1.5) kan met die seksuele gekombineer word:

*5 Februarie 1999, LÊ OP MENSE, Fanie de Villiers*

*My baas het gesê ek moet meer op mense lê (om dinge gedoen te kry). Ek gaan hom nie sê dat ek gisteraand vir die eerste keer ooit op 'n Indiërvrou gelê het nie. Hy sal nie verstaan nie, en sekere dinge moet geheim bly.*

Daar word speels of ironies met die lyf omgegaan:

University of Cape Town

*30 Junie 2000, DAT DIE LIEFDE VAN LYF TOT LYF KAN SPRING, Kleinboer*
*4 Julie 2000, 'N KAS IS VIR ONDERKLERE, Koekie Ziervogel, Johannesburg*
*3 Julie 2001, PERCY GLIP ALWEER IN ..., Kleinboer*

'n Briefskrywer kan oor die problematisering van geslagsrolle en oor onduidelike seksuele oriëntasie skryf, soos in die volgende briewe:

*29 Junie 2000, GATVOL: 'N MANLIKE PERSPEKTIEF UIT 'N VROULIKE OOGPUNT, Jaco*
*2 Julie 2001, WARRIOR LOVERS EN GENDER ..., Martjie*

*Too bad dat julle nie meer oor gender wil praat nie, Marlize en Kleinboer. Daar's dinge aan die kook in daai afdeling.*

*24 September 2000, ANNA-MARIE, LET'S ROCK! ..., S Lettie Bagg*

'n Briefskrywer kan openlik "postmodernisties" verwys na seks as tema in een van haar vorige briewe:

*19 Februarie 2001, INTELLEKTUELE SEKS ..., Anna-Marié R (Seks Is)*

*Baudrillard (post-modernis) beweer dat seks vervang is deur seks-simulasie wat oral verteenwoordig is in alles in die samelewing (kyk om jou rond in tydskrifte, advertensies, etc). Seksualiteit het nie meer 'n private, persoonlike issue gebly nie: dit is oop en aangemoedig, verpligtend want dit is oral d. m. v. seksuele kodes ingebou in die samelewing en die wêreld wat draai (om seksualiteit) (moontlik om van al die seksuele "tension" ontslae te raak). So postmodernisties gesproke: as ALLES seksualiteit is = NIKS is seksualiteit.*

University of Cape Town

Die *SêNet*-skrywer se liggaam kry beslag in woorde op hierdie ruimte. Weens die sterk seksuele ondertoon as die lyflike hoegenaamd op *SêNet* ter sprake, en weens "seks" as somtyds openlike gesprekstema, kan die navorser in hierdie projek hierdie twee begrippe, naamlik "taal" en "seks" soos normaalweg verstaan, mekaar op die ruimte sien voed. Die identiteit van die briefskrywer (sien 2. 2. 2) hou met veel meer verband as sy naamgewing, wat ook in woorde beslag kry. Die liggaamlike mens bepaal ook die teks wat op *SêNet* beslag kry.

### 3.2.2 Moraliteit en die lyflike

In die postmodernistiese tyd word bestaande waardes op die kop gekeer en afgemaak as elitisties of onderdrukkend. Van Heerden haal Bertens en D'haen aan wat skryf dat die etiese bevrediging vir die individu dikwels daarin gevind word dat hy sosiale, morele en seksuele inperkinge van die jare vyftig kan afskud (1997: 25).

Newman koppel literêre vryheid aan die toestemming wat die postmodernis het om homself seksueel uit te spreek (1985: 157).

Oor moraliteit op die Internet, sê Van Heerden:

> Kuberentoesiaste het egter gou daarop gewys dat die Internet en www as tegnologie nie as "sleg" gebrandmerk moet word nie: dit gaan hier oor menslike keuses en nie eienskappe wat inherent aan die tegnologie is nie (Herman en Sloop 2000: 81) ...
> Dit is die mens, eerder as elektronika, wat die boggel dra (Van Heerden 2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp).

Dit is inderdaad so dat die *SêNet*-skrywer oor seks skryf. Dalk is die vryer, postmodernistiese tyd dalk die rede vir die groot hoeveelheid briewe oor die onderwerp. Die postmodernis sien hoe waardes binne die tydsgees gedekonstrueer word. Die

University of Cape Town

persoonlike moraliteit van die briefskrywer is slegs 'n faktor in dié ontleding om te toon dat die "norme" van die verlede hier bevraagteken word.

**3.3 Die oerteks teenoor die eie waarheid**

Spanning tussen die oorspronklike teks (sien 3.3.1) en die reaksie daarop (sien 3.3.2) is op *SêNet* aan die orde van die dag. Die "oerteks" (sien 3.3.1) kan hier beteken: die waardes (sien 3.2.1) van vroeër, of enige mens as gepubliseerde skrywer (sien 3.4), om enkele voorbeelde te noem. Die "oerteks" is die voorafgaande. Die opstand van die briefskrywer is daartéén, ongeag wat die voorafgaande was en hoe dit daar uitgesien het.

Indien daar wrywing tussen standpunte bestaan, word debat gestimuleer. As daar op *SêNet* geen vaste waarheid (sien 3.3.3) is nie, kan dit 'n dryfveer word vir die skep van 'n volgende brief met 'n ander beskouing/mening. Die proses verloop soos volg: sodra 'n brief verskyn, is daar reaksie, word repliek gelewer, en is daar opnuut reaksie.

> Dié hinkepink rondom die Web is iets wat ons nog lank besig sal hou, maar dit is 'n noodsaaklike debat wat ook 'n klein webwerf soos *LitNet* raak (Van Heerden 2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp).

Briefskrywers begeer om hul eie verhaal te vertel (sien 3.3.4), en ervaar ambivalensie teenoor die teks waaroor hulle hul geskiedenis skryf (sien 3.3.5).

Die stryd tussen 'n aanvaarde waarheid – in dié geval 'n geestelike waarheid – en 'n briefskrywer se waarheid, blyk uit die titels van onderstaande briewe:

> *7 September 2001, WAT IS DIE WAARHEID?, Kleinboer*
> *3 November 2000, THE QUESTION OF LIFE BEFORE AND AFTER DEATH, Francois Williams*

University of Cape Town

Die wrywing kan in 'n godsdienstige debat ontaard en ontolgiese vrae stel na die aard en wese van hoe die briefskrywers onderskeidelik glo:

*22 Mei 2000, WAAR WAS DIE KERK?, Jacobus D'Oliviera, Kaapstad*
*22 Mei 2000, OM TE WROEG OF NIE TE WROEG NIE, Christina Landman*
*24 Mei 2000, AAN DIE CHRISTELIKE LANDVROU, Hardus Lywig, Kaapstad*
*4 November 2000, KLEINBOER & DIE POSTMOD DOMINEE, Piet Pompies*
*30 Augustus 2000, JESUS WAS 'N AKTIVIS, Alexandra Solzhenitsyn*
*22 Junie 2001, JANNIE EN GOD, Stephanus 2*

*Nee, Jannie, ek dink jy's verkeerd!*

*DIT WAT JY NIE MET JOU SINTUIE KAN WAARNEEM NIE, kan/mag seker bestaan, maar jy maak DIT praat, straf, liefhê, skep, Bybels skryf, reëls neerlê ens, ens ...*

Die vraag ontstaan wat elk van die komponente waartussen die wrywing ontstaan, naamlik "oerteks" en "eie waarheid", in wese is.

### 3.3.1 Die oerteks

In die letterkunde kan die oerteks as primordiale gegewe met die parodie en intertekstualiteit verbind word. Die navorser kies doelbewus hier 'n "literêre" illustrasie, weens *LitNet* se aanvanklik hoofsaaklik letterkundige fokus. In die gedig *Kroniek van Kristien*, byvoorbeeld, verwring en verbind Opperman twee oorspronklike (oer-)tekste – dié van 'n Noorweegse sendeling en Rooms-Katolieke non – en rekonstrueer 'n eie wêreld (Grové 1974: 143–144).

Vir die doeleindes van *SêNet*, word die begrip "oerteks" eenvoudig as die oorspronklike teks gebruik. Die oerteks kan wees die skrýwer van 'n teks wat reeds op papier

University of Cape Town

gepubliseer is of dit kan die téks wees wat reeds bestaan, naamlik 'n brief op *SêNet*. Die oerteks is die eerste teks, totdat dit deur 'n volgende vervang word. Die maatstaf waarmee bepaal word watter teks die oerteks is, is subjektief.

Erkenning aan die oerteks kan geskied deur 'n naam te ironiseer, soos in onderstaande brief met Dan Roodt gebeur het:

*5 April 2000, AL LÊ DIE STRATE NOG SO ROODT, Hans Bosch*

Gepubliseerde skrywers – albei oertekste binne dié konteks – kan op *SêNet* met mekaar in gesprek tree:

*24 Maart 1999, KOMBUIS SÊ DITSEM BREYTEN, Koos Kombuis*
*1 April 1999, SOU DIE OU DAN ROODT VAN DIE NUWE EEN GEHOU HET?, Joan Hambidge*
*17 April 1999, GAAN ONS VERSINK IN MIDDELMATIGHEID?, Dan Roodt*
*15 Maart 1999, BREYTEN BREYTENBACH EN AMPIE COETZEE VRA REAKSIE, Breyten Breytenbach en Ampie Coetzee*

*Breyten Breytenbach en Ampie Coetzee vra reaksie op die volgende brief oor Mbeki en "die Afrikaner". Gee jou opinie deur nou te skrywe aan ...*

Die oerteks op *SêNet* is van verbygaande aard. Briefskrywers raak beledigend teenoor die oorspronklike en die mens word persoonlik by die debat betrek (sien 3.6.2):

*16 Maart 1999, LOS DIT BREYTEN, Jannie Bester*

*Kom nou Breyten, jy's 'n skrywer, los dié kak. Dis nou nie dat ek wil sê dat 'n skrywer hom van sy gemeenskap moet afsonder en onaangeraak en verhewe moet wees nie ...*

University of Cape Town

Die postmodernis se eie waarheid kom in opstand (sien 3.5) teen die oerteks. Die debat duur voort.

### 3.3.2 Die eie waarheid

Elke *SêNet*-skrywer skep 'n ander waarheid as dié van die voorafgaande, die "oerteks", en dekonstrueer daardeur die ander skrywers se briewe.

Die konstruering van 'n eie waarheid wat afwyk van dié van die massa, is algemeen binne die postmodernistiese tyd (Newman 1985: 17). Ten spyte van die moontlikheid dat 'n eie waarheid nie 'n groot impak op die universum en die groter kultuur en samelewing het nie (Newman 1985: 47), is die postmodernis se opstandigheid (sien 3.5) algemeen binne die tydsgees en elke individu moes leer om onafhanklik te dink (Newman 1985: 72).

Voorbeelde van briefskrywers se eie waarhede in kontras tot die voorafgaande, blyk uit die volgende:

*30 April 1999, 'N BURGER VAN AFRIKA, Magmoed Martin*

*Dit het my heeltemal onkant gevang toe ek die eerste keer LitNet besoek het, en bewus geword het van die debat rondom die Afrikaner-kwessie. Dit het my onmiddellik gebring by die vraag: wat is 'n Afrikaner?*

*Ek glo dus nie dat ons Afrikaner-nasionalisme moet debatteer nie, maar eerder moet bou aan 'n Afrika-identiteit.*

*12 Mei 1999, AFRIKANER-INDIVIDUALISME IS WAAROOR DIT GAAN, Dan Roodt*

University of Cape Town

*20 April 2000, AFRIKAANS OF AFRICANISM, Uilspieël*

*Die Groot Afrikaanse Taaldebat – GAT? – raak nou erg polities, en dit is ook goed so. Dit gaan immers nie oor die taal nie, maar eerder oor die politiek. Nou goed, dan praat ons politiek.*

Die *SêNet*-ruimte is self onder bespreking (sien 3.6) wanneer 'n ander waarheid as dié van 'n spesifieke briefskrywer gehuldig word:

*7 Maart 2000, BEKGEVEG OP 'N ELEKTRONIES MISHOOP WYS PRAAG SE WARE KLEURE, Hannelie Booyens*

Die eie waarheid kan hanteer word asof dit die universele waarheid is:

*19 September 2001, SY'S DIE MOOISTE BABA! ..., Piet Pompies*

Die briefskrywer beweer hierin dat sy in dieselfde kategorie kan meeding met meer gevestigde sangers, soos Valiant Swart en Piet Botha wat meer CD's vrygestel het. 'n Ander briefskrywer verskil:

*21 September 2001, TE VROEG OM ZOID MET SWART EN BOTHA TE VERGELYK, BdB*

Betekenis is nie 'n universele, ewigdurende waarheid nie, maar 'n hoogs individuele proses waaraan almal in die kuberruim en in die briewekolom deel het. Vir die *SêNet*-bewoner is sy eie "resensies", opmerkings oor kuns, of die lewe van kunstenaars, vandag se waarheid. Alle bekende tradisies is juis daar om kommentaar op te lewer.

University of Cape Town

### 3.3.3 Geen universele waarheid

Daar kan gevra word waar die briefskrywer se drang om die voorafgaande te bevraagteken, vandaan kom. Die tydsgees bied hier 'n antwoord: die postmodernistiese mens het geleer dat logiese redevoering hom nie bring by 'n "universele waarheid" ten opsigte van vraagstukke soos die doodstraf, genadedood, aborsie, die reg om te sterf en kloning nie (Baird 2000: 73). Die samelewing het sodanig kompleks geword dat bevraagtekening as 't ware die "antwoorde" bied.

Die postmodernis beveg 'n ander se reg om op tydlose, universele waarhede aanspraak te maak; en die wyse waarop dit gebeur, is om alle waardes te tematiseer en selfs formeel vas te stel. Objektiwiteit, neutraliteit en onpersoonlikheid – die kenmerke van 'n universele, algemene waarheid – word in die postmodernistiese skryfwyse bevraagteken (Hutcheon 1988: 90; 92).

Deur die universele waarheid te bevraagteken, is die slotsom nie die "abyssal infinite regress to absence or utter groundlessness" (Hutcheon 1988: 92) nie. Die verlede het wel bestaan. Die postmodernis, dié een wat menings lug en vrae stel in die briewekolom, wil weet: Hóé ken ons vandag die verlede, en wát ken ons?

Die tydsgees voorsien 'n invalshoek waardeur die *SêNet*-leser by geen finale bestemming – 'n universele waarheid – gaan uitkom nie. En die subtiele krag van die postmodernisme is geleë in sy weerstand teen die opbou van mag, wat verkry word deur waarheidsaansprake te maak (Ryan aangehaal deur Van Heerden 1997: 19).

Op *SêNet* het die leser te doen met weersprekende menings wat almal alternatiewe verhale vertel. Die gevolgtrekking waartoe die besoeker aan die ruimte kom, is meervoudig. Die universele waarheid word herskryf, deurdat oerteks en eie waarheid teen mekaar in opstand (vgl. 3.5) is.

University of Cape Town

### 3.3.4 Die kleingeskiedenis

*SêNet*-briefskrywers vertel graag persoonlike verhale; hulle herskryf die vorige dag se briewe met hul eie alledaagse gebeure. Vergelyk byvoorbeeld 'n briefskrywer wat homself met sy verjaardag gelukwens:

> *9 Desember 1999, SPEEL DIE GAME, Henning Pieterse*
>
> *Lekker verjaar self!*

Gibson skryf waar die begrip "kleingeskiedenis" (Van Heerden 1997: 44) sy oorsprong vind:

> The other consensual aspect of the concept of Postmodernism has its basis in the philosophical contribution of Jean Francois Lyotard who has argued that our postmodern epoch is characterized by the loss of a grand, legitimating narrative (*métarécrit*). Instead of one grand narrative there are many little stories (*petites histoires*), which are all of equal importance and value and exist alongside each other without any possibility of coming to terms with each other (1999: 186).

Op *SêNet* vra die briefskrywer: Het my stem enige waarde op hierdie ruimte? Dié vraag word ook gestel deur Fokkema, soos aangehaal deur Gibson:

> The question is, however, "do they have any significance?" (Fokkema 1990: 31). In other words, the meaning of a fact remains empty unless a cognitive interest, an emotional impulse or an ideological commitment constructs a system which makes that fact into a "event" and, at the same time, into a narrative (1999: 186–187).

University of Cape Town

Daar kan ambivalensie met die oerteks (sien 3.3.5) blyk as dit op gelyke vlak geplaas word met die tekste van al die briefskrywers: hulle kan die meesternarratief probeer doodskryf deur hul eie kleingeskiedenis op 'n gegewe dag neer te pen.

'n Briefskrywer se geskrewe kleingeskiedenis op *SêNet* kan bekroon word deur 'n virtuele monument daarvoor op te rig. 'n Briefskrywer skryf 'n brief met die titel:

*5 Mei 2000, 'N STANDBEELD VIR MARTIE MEIRING*

Kundera skryf in *The Book of Laughter and Forgetting* oor die verweef-raak van kleingeskiedenis en die geskiedenis soos dit opgeteken staan as die "universele waarheid":

> At a time when history still made its way slowly, the few events were easily remembered and woven into a backdrop, known to everyone, before which private life unfolded the gripping show of its adventures. Nowadays, time moves forward at a rapid pace. Forgotten overnight, a historic event glistens the new day like a morning dew and thus is no longer the backdrop to a narrator's tale but rather an amazing adventure enacted against the background of the over-familiar banality of private life (1978: 10).

University of Cape Town

Die *SêNet*-skrywer kan bewus wees van die vervlietendheid van sy eie kleingeskiedenis, en kom in opstand daarteen as mede-briefskrywers hulself voordoen om namens 'n ander skrywer te praat:

*24 Maart 1999, SEGSMANNE ASSEBLIEF?, Fanie de Villiers*

*Mooi, nog 'n klip is in LitNet se bos gegooi ... Breyten en Ampie se brief. ... Het nie die kapasiteit om nou iets sinvols tot die debat toe te voeg nie, behalwe om te onthou wat André le Roux in sy digbundel Struisbaai-blues geskryf het: g'n NG-predikant sal kak praat by my graf nie. Ek voel instinktief dieselfde oor*

*segspersone wat my as 'n nommer in hul afvaardiging wil insleep net omdat ek in die omgang Afrikaans praat.*

*24 Maart 1999, JA, JA, JA BREYTEN, Elise Groenewald*

*Ek is baie bly om uiteindelik die geleentheid te hê om te sê wat ek al die afgelope paar jaar gewens het ek kon vir die "volksleiers" uitskreeu: "Speak for yourself! "*

...

*Dankie vir die geleentheid om my sê te sê!*

Van Heerden skryf in sy rubriek van *Die Burger*, getiteld Ons maak dit self, hetsy feit of fiksie:

> Anders as diegene wat die verlede in breë kwashale wil skilder, is die skrywer dikwels die optekenaar van die kleingeskiedenis, die skynbaar insidentele, die marginale (*Die Burger* 1997: 4).

Die uiteenlopende temas (sien Bylae A) waaroor die briefskrywers dit het, vergestalt die insidente en "kleingeskiedenisse" van elkeen. Dit lyk of dié optekening van die eie geskiedenis die doel van die briefskrywer kan wees.

Waugh voorsien probleme ten opsigte van jong skrywers (vgl. 2.2.1.2) wat slegs die "kleingeskiedenis" vertel. Hulle werk kan as kortstondig en onnoemenswaardig geag word (1984: 11–12).

Die kleingeskiedenis van die individu sou egter kon saamsmelt met dié van ander: wat saak maak, is die gedeelde realiteit (McHale 1985: 37). Die gesamentlike realiteite skep

University of Cape Town

dan as 't ware 'n veelkleurige mosaïek wat meer gewig kan dra as die enkeling se enkelvoudige vertelling.

Op *SêNet* knoop tekste gesprekke aan met ander tekste; met materiaal elders op *LitNet*, maar ook met ander kunsvorme. Daar vind 'n herskrywing plaas van oorspronklike gedigte en verhale, of parodieë op toneelstukke. Die brief, *DIE STUK TONEEL (IN TWEE BEDRYWE)*, op 8 Junie 2001 deur Dirk D, is 'n voorbeeld van 'n parodie (sien 3.4.2).

Hoe hanteer die briefskrywer werklikheidsgebeure wat die menslike kondisie raak? Dit wil voorkom of die briefskrywer sin maak van gebeure deur na homself binne die wêreld te kyk. Ilda Jacobs se brief op 14 September 2001, dien as voorbeeld:

> *UIT WASHINGTON: ILDA JACOBS OOR DIE AANVAL OP AMERIKA ...*
>
> *My mees belaglike vrees was altyd dat iemand die Koeberg kernkragstasie naby Melkbosstrand sou opblaas.*
> *Vandag is vrees in my kop geaktiveer, die onmoontlike het waar geword ... "The United States of America is under terrorist attack, ' het 'n bekommerde gesig op ABC-televisie aangekondig. Skielik was ons almal die ekstras in 'n surreële fliek. In die flieks word die hoofstad van die eerste wêreld, Washington DC, aangeval deur vreemde wesens of reusagtige missiele of kernkragwapens. Nie een van ons sal weer dieselfde wees na 11 September nie. Flieks is nie veronderstel om waar te word nie.*

Die maatstawwe van wat as "aktuele gebeure" geag word, vermeng met die briefskrywer se kleingeskiedenis. Vir een briefskrywer is 'n werklikheidstelevisieprogram 'n aktuele gebeurtenis om oor te skryf:

University of Cape Town

*31 Augustus 2001, BIG BROTHER, Francois Williams*

"Aktuele" gebeure kan ook op humoristiese en speelse wyse kommentaar van die briefskrywer weergee. 'n Parodie kan geskep word op gebeure wat in die media aandag getrek het:

*8 Februarie 2001, NIGERIESE SELFOONBEDRYF, Piet Pompies*

Die kleingeskiedenis vorm kennelik 'n groot komponent van briewe wat op *SêNet* gelees kan word. Briefskrywers kan intieme detail van hul lewens bespreek (sien 3.2), hulle kan daarop aandring om hul eie verhaal op *SêNet* te plaas (sien 3.4), en deur middel van hul verhaal kommentaar op die self lewer (sien 3.6).

### 3.3.5 Ambivalensie met oerteks

In die postmodernisme, en op *SêNet*, is daar 'n knaende ambivalensie met die "oerteks" aanwesig: daar is 'n versugting na die "oorspronklike", maar ook na die skep van die eie waarheid. Uiteindelik is dit eerder hoe elkeen die "oerteks" tot sy eie voordeel kan beheer (sien 3.3.5.1) en interpreteer. Deur middel hiervan erken die postmodernis die bestaan van die oerteks, maar interpreteer dit soos hy wil. Oor hierdie teenstrydigheid skryf Hutcheon:

> I have been arguing that postmodernism is a contradictory cultural enterprise, one that is heavily implicated in that which it seeks to contest. It uses and abuses the very structures and values it takes to task (1988: 106).

Die dualisme oor elke verandering, die stryd tussen die ou en die nuwe, die ambivalensie oor die kommentaar wat daarop gelewer word, is nie vir Stefik ongewoon nie.

University of Cape Town

> Such a conflict can evoke resistance, a pushback, as people seek stability and attempt to protect the status quo (Stefik 1999: 3).

Stefik skryf oor die ambivalensie en chaos (vgl. 1.4.2) in 'n veranderende wêreld en trek dit deur na die virtuele omgewing van die Internet (1999: 6). Vir Castells is die rekenaaromgewing allermins neutraal en gee aanleiding tot uiteenlopende gevoelens (2000: 364).

Vir die *SêNet*-briefskrywers lyk dit of die oerteks (sien 3.3.1) daar is om kommentaar op te lewer, hetsy positief of negatief. Voorbeelde hiervan is:

> *4 Oktober 2000, JEANNE GOOSEN – OBJECTIVE OR NOT? ..., Francois Williams*
> *2 Oktober 1999, MURMELWOORDE VAN BREYTENBACH, Johan Spies*
> *4 November 2000, ANTJIE KROG IS MEER AS CLICHÉ'S, Herman Wasserman*
> *13 Julie 2000, MEESTER BREYTEN SE OPENINGSREDE BY DIE SKRYWERSBERAAD, Tinkerbell van Tonder*
> *17 Julie 2000, 'N SALUUT AAN FRANCOIS PIENAAR, Koos Kombuis*
> *12 Oktober 2000, STATISTIEK: KOOS 29, ANNESU 9, Iemand wat lees*

Indien die briefskrywer in opstand is teen voorafgaande, is die rede daarvoor dalk dat die vorige teks soveel gewig dra dat magteloosheid daarteen aanleidend tot die opstand is. Die briefskrywer ervaar 'n onvermoë om hom los te maak van wat was.

Op *SêNet* word die magsposisie en nostalgie by die oerteks deur middel hiervan bygebring (sien 3.3.5.1 en 3.3.5.2).

### 3.3.5.1 Die oerteks en beheer

Op *SêNet* word die vorige dag se waarheid telkens herskryf en "verbeter".

University of Cape Town

Stefik sê daar word in elke era dinge voortgebring wat nuut is en waarvan die toekoms onvoorspelbaar is (1999: xv). En telkens wil 'n nuwe uitvinding op 'n vorige een verbeter, die oorspronklike onttroon en van sy magsposisie ontneem. Stefik verwys na die magsbalans in die musiekbedryf wat op die Internet omver gewerp word (Stefik 1999: xiii).

'n Ander wyse om die begrip "persoonlike beheer" te beskou, is om te praat van "teen die vaderteks" (Van Heerden 1997: 87). Die vaderteks bestaan dus, maar daar is 'n opstand (sien 3.5) en 'n gevoel dat die subjek in beheer wil wees. Hutcheon skryf hieroor:

> The postmodern, then, effects two simultaneous moves. It reinstalls historical contexts as significant and even determining, but in so doing, it problematizes the entire notion of historical knowledge. This is another of the paradoxes that characterize all postmodern discourses today (1988: 89).

University of Cape Town

Die magsgedrang blyk op verskillende maniere op *SêNet*: 'n briefskrywer gebruik 'n foutiewe aanspreekvorm wanneer sy in gesprek tree met 'n algemeen bekende professor op *SêNet*:

> *26 Mei 1999, O, DIE EKSAMEN LÊ VOOR, Shantelle Long*
>
> *Mnr, Van Heerden, as u 'n aanbeveling kan maak of leiding kan verskaf wat dalk lig kan werp op "ikoon, aanhoudende beweging en deur 'n treinvenster" ...*

Dit lyk of gereelde briefskrywers eerder in die bres sal tree vir die "kleingeskiedenis" in die samelewing as vir 'n beter gekwalifiseerde persoon – 'n meesternarratief:

> *23 Junie 2001, DIE VULLISVERWYDERAAR MEER HELDHAFTIG AS DIE DOKTER?, Sonde Bok*

*26 Junie 2001, DIE WAARDE VAN DIE DOKTER EN DIE JOERNALIS, Sonde Bok*

Die eie waarheid staan opponerend tot die waarheid van die ander, en Gibson skryf oor die magsbetrokkenheid by die verteller van die spesifieke narratief:

> Narration might seem principally to be a mode of activity in which a subject takes another, others, the world as the object or objects of knowledge and claims possession of them. (1999: 25–26).

Uiteindelike beheer is die doelwit, maar net die volgende dag dekonstrueer die nuwe kleingeskiedenis die oorspronklike teks. 'n Hunkering na 'n ander bedeling kan ontstaan.

**3.3.5.2 Die oerteks en nostalgie**

Hutcheon praat van 'n nostalgie wat merkbaar is in die tyd van die postmodernisme. Dié nostalgie slaan op die vorm, konteks en selfs waardes van die verlede (1988: 89). Die *SêNet*-skrywer ken 'n "nostalgie" wat aansluit by die "eie waarheid", in kontras tot die "waarheid van die oerteks".

Odendal se definisie van die nostalgie bestaan uit twee woorde: "heimwee" en "verlange"
.

Die Internetruimte http://www.thesaurus.com/roget/VI/833.html, gebruik die volgende as beskrywend onder die hofie "nostalgie" (lg. as subhoof onder die titel "passive affections"): berou, verlange, "mal du pays" ("homesickness"), verbittering, "heartburning", "cast a longing lingering look behind", "leave an aching void". Die digter Dryden word selfs hier aangehaal om nostalgie in 'n frase poog vas te vat: "'tis pity, 'tis too true; sigh'd and look'd and sigh'd again".

University of Cape Town

Die woord "nostalgie" vind sy oorsprong in "nostos", die terugkeer huistoe. Die teruggryp na die verlede is een komponent van nostalgie (Doane 1987: 3).

Die nostalgie vorm deel van 'n onwerklike realiteit – 'n virtuele realiteit – omdat dit die mens laat staatmaak op die geheue van dit wat nooit was nie. Die onmag om omver te werp (sien 3.5), is egter hierin opgesluit, want hoe kan 'n stelsel ondermyn word as dit nie bestaan (het) nie?

Ten spyte van die tegnologiese vooruitgang hunker Gibson na die literêre verlede. Sy vraag is of perfekte ordening gaan saak maak as die inhoud van die teks slegs deur spesialiste gelees word:

> Isn't a future imaginable in which the 'classics' and related texts, at least, will be available in more or less perfect form, in multiple (or hypertext) editions produced to the very highest scholarly standards; but a future in which there is a steadily diminishing sense of who is to read these texts (let alone their opulent footnotes and accounts of variants) and why? If the experts' knowledge and elaboration of an ever-growing range of scholarly contexts for literary works is becoming awesome, is anyone sure that it matters, except to one set of specialists or another? (1999: 2).

Hierdie vraagstuk hou verband met die spanning tussen oerteks en eie waarheid (sien 3.3), asook met die kanon (sien 3.4) op *SêNet*.

**3.4 Kanonisering**

Hoe lyk die orde en struktuur van die "literêre" op *SêNet*? Is 'n kanon hier ter sprake? Oor die kanon van die Afrikaanse digkuns, skryf Brink in <u>Groot Verseboek 2000</u>:

University of Cape Town

> ’n Halfeeu lank het D. J. Opperman se *Groot Verseboek* so min of meer die kanon van die Afrikaanse poësie bepaal. Die uitgangspunt vir sy keuse het hy in sy *Verantwoording* só opgesom: “Hierdie bloemlesing wil die mooiste Afrikaanse gedigte in een band saamvat, maar tegelykertyd die gedigte so kies en rangskik dat dit enigsins ’n beeld van die ontwikkeling van ons poësie gee. Die klem val dus op die estetiese, hoewel ander faktore – soos die historiese en die strewe om die bloemlesing so verteenwoordigend moontlik te maak – sekere toegewings meegebring het” (2000: i).

Brink problematiseer Opperman se uitgangspunt deur vrae te stel aangaande “wie bepaal die mooiste” en “waarvan, en “vir wie kan ’n bloemlesing verteenwoordigend wees”. Hy noem “subjektiwiteit” as gevaar en lig veral die probleem uit van die “konsep gesag” (2000: i).

Dit lyk of daar vrae bestaan oor of daar hoegenaamd gekanoniseer word, hoe dit moet plaasvind, en wie die reëls moet bepaal? In die rubriek Internet daag gevestigde tradisies uit skryf Van Heerden die volgende oor estetiese norme met betrekking tot kanonisering op die Internet:

> Of dit gaan oor estetiese norme (wat is goeie skryfwerk en wie besluit daaroor?); etiese oorwegings (waarom skep die Internet die sfeer waarin normaal aanvaarde grense oorskry word?) (*Die Burger* 2000: 4)...

Newman stip gedragsriglyne vir die postmodernistiese skrywer uit (1985: 176–177). Deur hipotetiese reëls neer te lê, gee hy te kenne dat die postmodernistiese tyd nie noodwendig gelyk gestel word aan anargie (vgl. 1.4.2.1) sonder enige riglyne nie. Die tye het verander en saam daarmee die norme.

University of Cape Town

### 3.4.1 Publikasie op die Internet

Die vraag ontstaan hoe publikasie as kanoniserende struktuur, op die Internet lyk en in watter mate dit met *SêNet* saamhang.

Volgens Buys kan publikasie in regsterme plaasvind deur 'n doen of 'n late. 'n Lasterlike stelling wat bekend gemaak word, of inligting wat weggelaat word terwyl dit 'n persoon se situasie in perspektief kon stel, het albei met publikasie te doen. Selfs die regsimplikasies wat normaalweg uit 'n lasteraksie (sien 2.1.3) sou voortvloei, word by publikasie op die Internet ingesluit (2000: 335).

Wat *SêNet* betref, lyk die situasie met betrekking tot publikasie anders. Publikasie vind plaas wanneer iemand se e-pos in briefvorm op *SêNet* geplaas word. Elke briefskrywer het die geleentheid om te "publiseer". Sommige briefskrywers is gevestigde skrywers met gepubliseerde materiaal in gedrukte vorm agter hul naam, maar daar is ook nuwelinge wat nog nooit gepubliseer het nie (vgl. 2.2.1.2).

Op die Internet het mense wat buite die virtuele werklikheid nie met mekaar kan meeding nie, 'n gelyke grond waarop hulle dit kan doen (Stefik 1999: xii). Op *SêNet* kan mense wat nie dieselfde magsbasis het om op te steun nie, teen mekaar "meeding", met mekaar in gesprek tree, en gelyke aandag verdien.

Van Heerden beskou die wese van die Internet en dié van die postmodernistiese tyd as soortgelyk:

> Die spontane, dikwels onverantwoordelike, direkte ongebreidelde en speelse aard van vele web-aktiwiteit is soortgelyk aan die klimaat waaruit die postmodernisme ontstaan het (*Die Burger* 2000: 4).

University of Cape Town

Hambidge ervaar die onmiddellikheid en die gebrek aan keurders op die Internet as problematies:

> Maar nie alle menings het ewe of gelyke waarde nie. Dit is juis dan een van die opvallendste probleme van die sogenaamde Internet-gesprek of -debat. Dit illustreer die implikasie van die postmodernisme: die gemiddelde deelnemer kan nou onmiddellik sy stem "hoor" of sy brief "sien" (2000 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/16hambidge.asp).

Roodt beskou publikasie op die Internet in 'n negatiewe lig:

> Danksy die "onbeduidende breuke" waarvan Deleuze praat, betree ons telkens op die Internet 'n nuwe ruimte met sy eie reëls wat in geen chronologiese of ander samehang staan teenoor dit wat hom voorafgaan nie. Een van die belangrikste eienskappe van die Internet is dat dit oor weinig, indien enige legitimiteit beskik. Soos die meeste wetenskaplikes of navorsers sal kan bevestig, is publikasie op die Internet van nul en gener waarde. Trouens, soos ek dit verstaan, kan Internetpublikasie ook werk as 'n klad op jou naam, omdat dit neerkom op 'n soort erkenning dat jy nêrens anders kán publiseer nie (2000: 48).

Oor publikasie op die Internet vra Hambidge uiteindelik: " ... in welke mate word 'n teks op die Internet 'erken' en dra dit dieselfde akademiese gewig as die gepubliseerde teks?" (2000 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/16hambidge.asp).

### 3.4.2 Die parodie

Op *SêNet* word daagliks "gepubliseer". Hier word die oorspronklike teks ook elke dag gedekonstrueer (sien 3.3). Die parodie sluit hierby aan.

Hambidge skryf oor die parodie:

University of Cape Town

> Parodie kan ten beste beskryf of gedefinieer word as 'n skilder wat peuter met die verf van 'n ou skildery – net om uit te vind dat dit verskillende lae bevat. Ten einde 'n eie stempel te laat, is dit beter om daaroor te verf (1995: 19).

Die parodie breek grense af tussen die "hoë" en "lae" vorme van kuns en die letterkunde. Dit teer op die reeds bekende, selfs beroemde, oerteks, en produseer 'n nuwe of sekondêre teks wat dikwels tot gevolg het dat die eerste uiting gekontamineer word. Daar is 'n groot vrees in die nuwe werk opgesluit: die "anxiety of *non*-influence" (Newman 1985: 87).

Hambidge skryf verder:

> Parodie is sekerlik die belangrikste uitvloeisel van die postmodernisme en terselfdertyd die ingewikkeldste modus van hierdie beweging. Die "inter-art traffic" van die postmodernisme word in die parodie goed geïllustreer (1995: 19).

Die parodie is geen eenvoudige stylfiguur nie, en ofskoon slegs voor die hand liggende voorbeelde daarvan hier uitgelig word, vind die leser daagliks herskrywing op *SêNet*, gewoon as gevolg van elke dag se kwota briewe wat die vorige dag s'n vervang.

Die dekonstruksie van 'n reeds bestaande toneelstuk, *Die Toneelstuk* (Breytenbach 2001), word met 'n humoristiese ondertoon op *SêNet* omvorm:

- *8 Junie 2001, DIE STUK TONEEL (IN TWEE BEDRYWE) ..., Dirk D*

'n Ander briefskrywer parodieer mede-briefskrywers. Vergelyk in hierdie opsig die volgende:

*26 Junie 2001, KONING VIS EN ANDER METAFORE, Koorstig*

University of Cape Town

*Francois ou maat. Hierdie is 'n parodie en kan nie ernstig vertolk word nie.*

*26 Junie 2001, VIR GAT – 'N BRILJANTE NUWE TV PROGRAM, Braampie Boshof*

*Hier volg die eerste aflewering van ons briljante nuwe TV spel: "Kletskaskenades" ...*

*23 April 1999, 'N ANDER SOORT PLETTERVAT, Kleinboer*

*Oor naweke soek mens 'n kroeg met M-Net vir Super 12 se plettervatte. In die week kliek jy op die werk se Internet vir die Joan en Dan show.*

Sosiale kommentaar oor aktuele gebeure word deur *SêNet*-briefskrywer óórgeskryf:

*3 Julie 2001, WINNIE SE HOED: GAT – RESENSIE VERVOLG ..., Dirk D*
*12 Junie 2000, HANSIE SE GEHEIM ..., Kans Kakie (II)*

Nuwe briewe word byna daagliks op die Internet geplaas en elke hérskrywing kry as 't ware wêreldwye publisiteit.

**3.4.3.1 Kanon as standaard**

Oor die wyse waarop die Internet die kanon beïnvloed, skryf Van Heerden op *LitNet*:

Die nuwe stemme van vandag moet egter ook die gevare wat aan spoed van enige aard verbonde is, verreken. Daar is veel te sê vir versperrings; vir frustrasie; vir hekwagte; vir suurdeeg. Maar daar is ook voordele in groter demokrasie en

University of Cape Town

> uitdagings aan die kanon (Van Heerden 2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp).

Hambidge kritiseer *LitNet* se aanslag met betrekking tot "publikasie":

> Dit is dus nou gouer, selfs makliker om te "debuteer" op *LitNet*. Die ou-wêreldse snobisme van D J Opperman en ander hekwagters het plek gemaak vir 'n loslit, sê-sommer-aanslag. Die implikasies van die postmodernisme, naamlik die verdwyning van grense tussen hoë en populêre letterkunde, het aangebreek. Daar word dikwels ook 'n nuwe skrywer aangekondig en by die lees van die verhaal wonder 'n kritiese leser of die verhaal werklik so goed was. Maar volgende week is daar 'n nuwe inval, 'n ander stem (2000 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/16hambidge.asp).

University of Cape Town

Op *SêNet* was die kanon al dikwels onder bespreking. Die redaksie het hom by twee geleenthede daaroor uitgespreek, die eerste keer met 'n strenger "standaard" as wat daarop gevolg het:

> *16 Mei 2000, 'N MEESTER MET DIE NAAM LUCAS MALAN, Koekie Ziervogel, Johannesburg*
>
> *– Die gediggie word geplaas met die grasieuse en meelewende toestemming van Lucas Malan. Ons wil egter daarop wys dat die prys wat Lucas vir die beste gedig gewen het, nie die uiteinde van 'n kompetisie was waarvoor hy ingeskryf het nie. Die LitNet redaksie het, nadat gedigte oor 'n aantal maande heen verskyn het, 'n kenner versoek om die beste gedig aan te wys. – Uitvoerende redakteur*

*17 Januarie 2001, ANNA-MARIE EN DIE "HOER VAN 'N DEBAT", Ester*

*PoësieNet het pas 'n nuwe blaadjie omgeslaan – ons sal van 1 Februarie gedigte in twee kategorieë plaas: gepubliseerde en ongepubliseerde digters (kyk maar hoe NetFiksie lyk). Ons hoop dat ons dan minder streng sal wees. Ons mikpunt is om een of meer gedigte per dag te laai. Ronel de Goede (ook bekend as Ronel Foster) sluit nou by Johann Lodewyk Marais as mederedakteur van PoësieNet aan – sy sal dinge bykomende woema gee. En biekie skiet gee wat standaarde en ongepubliseerde digters betref. Stuur dus jul skryfsels aan ...*
*en, terloops, niks verhinder jou om jou gedig op SêNet te publiseer nie (al verkies ons dat jy dit aan PoësieNet voorlê). 'n Sê bly 'n sê, al rym hy ...*

Die briefskrywers het dit ook dikwels oor die standaard van die briewe wat geplaas word:

*23 Junie 2001, SARA SE (SIC!) LIMERIEK, Coenraad Walters*

Sara se limiriek het darem te veel reëls om gesond te wees, en daarby dra "hoeës" aan 'n e te veel. Maar die stel rymende koeplette oor Onse President is nogtans plesierige leesstof: dankie, Sara!

Hierop reageer die "oerteks" – en dekonstrueer die kritiek:

*2 Julie 2001, HOESIT METTIE HOËS, Sara*

*Hallo Coenraad*
*Van die rymreëls onthou ek min uit my leerdae, so sê ek maar vroegtydig enigiets wat nie die regte koeplette en resepte het om as iets digterliks te "pass" nie, is sommer 'n rêp.*

University of Cape Town

Die kanon is 'n voordurende tema van bespreking op *SêNet*. Dit kan ook nie werklik anders nie: weens die briefskrywer se eie agting as skrywer (sien 2.2.1.2), word sy identiteit sodanig hierdeur op die ruimte bepaal, dat die ordening van sy skryfsels ook hierdeur geraak word.

**3.4.3.2 Kritiek teen die kanon**

Op *SêNet* trek briefskrywers te velde teen die vaste kanon. Die beswaarlik noemenswaardige keuringsproses (sien 2.1.2) val in die smaak van die briefskrywers. Hulle verkies om ongesensureerd (sien 3.7) te skryf. Die opstand (sien 3.5) binne die ruimte blyk uit onderstaande briewe.

Francois Pieterse skryf dat hy dit teen die Afrikaanse kanon het en noem ook in sy eerste paragraaf dat die Modernisme verby is:

*5 Augustus 1999, DIE AFRIKAANSE KANON SKIET SKEEF, Francois Pieterse*

Carina Diedericks skryf hoe sy sien dat die monopolie van 'n groot Afrikaanse kanoniseerder dalk nie vir ewig sal voortbestaan nie, omdat hy deur 'n jonger kanoniseerder uit Nederland uitgedaag word:

*24 April 2000, 'N STRAIT-JACKET VIR AFRIKAANS, Carina Diedericks*

*Dr John Kannemeyer se bydrae tot die Afrikaanse taal is van onskatbare waarde. Met sy deeglike studies, analises en biografieë, het Kannemeyer die taal en letterkunde in 'n driedimensionele vorm gegiet. En niemand is meer dankbaar as die tientalle skoliere, studente, onderwysers, dosente, leeskringdames en pseudo-intellektuele wat nou, danksy Kannemeyer, kitskenners geword het van ons literatuur nie.*

University of Cape Town

*Toe kom die Nederlandse hofdigter, Gerrit Komrij ...*
*Die Kannemeyer troon wankel.*

In onderstaande briewe is briefskrywers heftig gekant teen enige poëtiese keuring op *PoësieNet* (sien 1.3.3.4):

*20 Januarie 2001, NUWE POËSIEBELEID, Anna-Marié R*
*20 Januarie 2001, POËTIESE REVOLUSIE, Anna-Marié R (on my knees)*
*20 Januarie 2001, MENE MENE TEKEL UPHARSIN, Estelle Olwage*

Die navorser kan bespiegel dat briefskrywers kritiek uitspreek teen orde (vgl. 1.4.2) en teen 'n vaste kanon, omdat hulle persoonlik hierdeur geraak voel. Die postmodernis begeer om te dekonstrueer en ervaar opstand (sien 3.5) wanneer sy agting met betrekking tot sy eie identiteit (sien 2.2) aangetas word.

University of Cape Town

## 3.5 Opstand

Op *SêNet* is daar 'n voortdurende opstand teen dit wat was, dit wil sê teen die vaderteks. Dit blyk uit die daaglikse herskrywing daarvan (sien 3.3). Daar is ook 'n opstand teen 'n vaste kanon (sien 3.4). Binne die postmodernistiese tyd is hierdie gedrag nie ongewoon nie.

### 3.5.1 Opstand en die postmodernisme

Waugh skryf oor die kompleksiteit van die postmodernistiese opstand: die postmodernis se samelewing en keuses is divers en gekompliseerd; die "vyand" waarteen hy in opstand is, is dikwels onsigbaar. Die postmodernis se werklikheid is meervoudig (sien 1.1.3) en moeilik om af te baken. Die opstand word hierdeur beïnvloed (1988: 10).

Dié ondermyning en bevraagtekening van 'n universele waarheid wat die massa glo, is nie uniek aan die postmodernisme nie. Die obsessionele bewustheid met die tyd (die wat en die hoe van die geskiedenis) is egter kenmerkend van die postmoderisme (Hutcheon 1988: 88). As die massakultuur op'n gegewe stadium dus onverskillig raak as gevolg van die deurweking van die massamedia op die psige van die hedendaagse mens, is die postmodernis se natuurlike reaksie om opstandig hierteen op te tree.

Dit is duidelik dat *SêNet* ook die politieke klimaat weerspieël: weens al die invloede en skielike toestroming van kennis met die "val van die mure" in Suid-Afrika, is dit asof al die briefskrywers bewus geraak het daarvan dat hulle polities korrek moet optree. Dit blyk uit onderstaande brief se metakommentaar (sien 3.6) op hierdie korrektheid:

> *5 Julie 2001, DIE POLITIES-KORREKTE SPUL HIER BY SÊNET, Ntombazana*
>
> *Hallo julle almal: in die besonder TaalTannie, Nompontjana, Dab'lamanzi en al die ander closet inheemse-taal-sprekers ...*

Daar is meer as een "soort" postmodernisme (Van Heerden 1997: 42–43), en een van die ooreenkomste tussen al die soorte, is dat geen "feit" meer as vanselfsprekend aanvaar word nie. Van Heerden haal Bertens in dié verband aan:

> If there is one common denominator to all these postmodernisms, it is that of a crisis in representation; a deeply felt loss of faith in our ability to represent the real, in the widest sense. No matter whether they are aesthetic, epistemological, moral or political in nature, the representation that we used to rely on can no longer be taken for granted (1997: 43).

Weens die rebellie teen 'n enkelvoudige waarheid binne elke soort postmodernisme, manifesteer 'n opstand binne elkeen van die soorts, hoewel in verskillende gedaantes.

University of Cape Town

**3.5.1.1 Die opstandige**

As 'n mens inderdaad van die standpunt af uitgaan dat die briefskrywers van *SêNet* "skrywers" (sien 2.2.1.2) is, sou 'n mens hulle dalk binne die opstand-kultuur kon vergelyk met die Beat-skrywers van die VSA in die vyftiger- en sestigerjare. Die *SêNet*-skrywers glo graag dat hulle "anti-establishment", "anti-polities", en "anti-intellektueel" is – in stryd met kulturele en morele waardes (Abrams 1995: 14–15).

En diegene wat in opstand is, beïnvloed op hul beurt weer die kultúúr van die opstand. Analogies hiertoe, haal Castells Umberto Eco aan wat oor die effek van die gehoor op televisie bespiegel: "Does the Audience have Bad Effects on Television?" (2000: 363)

Hierdie opmerking kan beskou word as die konvensionele wat op sy kop gekeer word – die herskryf van hierdie oorbekende vraag: het die televisie 'n negatiewe impak op die kyker? Castells neem egter die vraag letterlik op. Hy skryf dat daar, afhangende van die sosio-kulturele omstandighede, 'n verskeidenheid kodes, reëls en interpretasies bestaan (Castells 2000: 363). Die gehoor, die kyker of die skrywer wat betrokke is by 'n massamedium, bepaal wat binne dié ruimte gebeur. Die *SêNet*-skrywer bepaal dus hoe die opstand op *SêNet* lyk.

Die volgende is voorbeelde van briewe wat oor die opstand handel:

*12 Mei 2000, "LES STRUGGLEURS / MISÉRABLES", Jan Groentjie*

*Waar kom al die closet strugglers nou so ewe skielik vandaan?*

*10 Mei 2000, SONJA, WHOSE SKIN IS IT ANYWAY?, Clinton V du Plessis*

Sou dié opstand op *SêNet* as eiesoortig beskryf kon word? Waarskynlik nie, want die weg is reeds gebaan deur skrywers wie se boeke in 'n vorige bedeling verban is, soos

byvoorbeeld Etienne Leroux se *Magersfontein o Magersfontein* of André P. Brink (1973) se *Kennis van die Aand.* Dit is nie vir Suid-Afrikaners iets nuuts om te vra vir beter omstandighede vir ander landsgenote nie. Maar op *SêNet* geskied dit heel openlik in onderstaande briewe:

*11 Februarie 2000, RESPEKTEER MEKAAR SE TALE, Johann Lodewyk Marais*
*13 Februarie 2000, TOON TOG DIE NODIGE RESPEK, Alma Vermaak*

*'n Bietjie selfondersoek kan pynlike insigte oplewer. 'n Eenvoudige toets is om jouself af te vra of jou interaksie soos volg verloop: "Maria, bring asseblief vir my 'n koppie tee," waarop die verwagte antwoord dan is: "Goed, mevrou." ... "Maria" weet maar te goed dat, ofskoon sy op die voornaam aangespreek word, dit haar nie veroorloof word om haar gelykheid as mens te bevestig deur jou op haar beurt ook op die voornaam te noem nie.*

*Ek het op 'n slag vir 'n baas gewerk wat so met my gemaak het.*

Die uniekheid van die opstand binne *SêNet* is daarin geleë dat die hoeveelheid skrywers wat in opstand is, soveel meer is as die (gepubliseerde) skrywers wat in die verlede téén die norm geskryf het, asook in die obsessionele bewustheid van dié opstand.

### 3.5.1.2 Waarteen die opstand

Die opstand kan gemik wees teen die "oerteks", of teen dinge soos dit in 'n vorige bedeling was. Du Plessis, wat onderstaande brief skryf, is 'n bruin skrywer en besluit vir die doel van hierdie brief dat die koerant, *Die Burger,* nog funksioneer soos onder die Apartheidsregering. Die nasionale media dien vir hom as spreekbuis vir die witmens en daarteen verset hy hom:

University of Cape Town

*9 Februarie 1999, DIE TAAL EN DIE BOEK VERSUS DIE TAAL EN DIE BOEK, Clinton V du Plessis*

*Kom ons vergeet van die gemoedelike gatkruipery en wees eerlik. Die debat in Die Burger is grotendeels, met die uitsondering van die uwe se deelname daaraan, 'n gesprek tussen wit mense en dan in besonder tussen wit skrywers.*

Uilspieël se maatjie het dit ook teen die nasionale pers en skryf 'n brief waarin hy sy ongelukkigheid uitspreek dat dié 'n groot borg van die Klein Karoo Nasionale Kunstefees sou wees:

*30 April 2000, KKNK GEKAAP DEUR NASPERS, Uilspieël se maatjie*

Willem de Vries se opstand is pertinent en uitgestip. Hy skryf oor drie strominge in die verset van "sy generasie", al is dit "baie moeilik om oorkoepelend te praat van 'my generasie'":

*10 Februarie 2000, IN OPSTAND TEEN VERSET, Willem de Vries*

*My generasie is gatvol vir die sondes van die vaders. Ons "nuwe" regering is al ses jaar aan die bewind!*

*Ons verset is baie meer gefragmenteer as vorige generasies s'n, dit is baie moeilik om oorkoepelend te praat van "my generasie". Daar is hoofsaaklik drie strominge wat ek wil herken.*

*Ons is in opstand teen verset ...*

University of Cape Town

*In aansluiting hierby is daar, tweedens, die groot element van sosiale onbetrokkenheid as reaksie op die vorige geslag se betrokkenheid by politiek, by alles en nog wat ...*

*Ten slotte en neigend na die minderheid is die gematigde rewolusionêres van die nuwe geslag ...*

Freddie Marais se opstand is nie aggressief nie, maar blyk uit sy taalgebruik. Die tegniek wat hy aanwend om téén die stelsel te praat, is om die "nuwe" stelsel, waar taalgebruik deug nes die briefskrywer wil, aan te prys:

*23 Februarie 1999, WAT 'N GREAT PLEK OM ALLES TE MIX, Freddie Marais*

*Skitterend en puik en loslit en meertalig (en kultureel) – wat 'n great plek om alles te mix.*

Dan is daar 'n brief as opstand téén die opstand:

*22 Junie 2001, AAN KOOS KOMBUIS – WAKE UP AND SMELL THE COFFEE, Gerrit Brand*

*As Purisme haar sin gekry het, sou Afrikaans nooit bestaan het nie. Daarom dat ek ook pleit vir n Standaardafrikaans wat haar nie op hoge afstand van haar sprekers rein wil hou nie, maar waag om vuil te word: "dirty Dutch", so to speak. Sy is klaar vuil, want deur die jare het die grond van Afrika en die kruie van die Ooste op haar wit rok afgegee en nei "Kouwater Omo" of apartheid kon die damn spot ooit weer daaruit kry nie ...*

*Tsama sentle*

University of Cape Town

Gerrit Brand se opstand is gemik teen 'n "alternatiewe oerteks" – 'n gepubliseerde skrywer wat hom nie hou by die sogenaamde "Standaardafrikaans" nie. Die opstand is byna die voltooiing van 'n sirkel, want die versugting is hier juis na 'n "oerteks" se manier van Afrikaans praat. Hierdeur stel die brief homself ook oop om gedekonstrueer te word, soos vanselfsprekend op die ruimte gebeur.

**3.5.1.3 Hoe die opstand daar uitsien**

Hoe lyk die opstand? Is dit anargisties? Is dit 'n "doodswyg". Is dit ligte verset wat slegs uit 'n woordkeuse in 'n titel of skuilnaam blyk? Is dit 'n deelname aan die debat? Newman beskryf die postmodernistiese opstand as "an ahistorical rebellion without heroes against a blindly innovative information society" (1985: 10).

Soms kan 'n opstand gewoon plaasvind deur nie te bespreek of terug te praat nie – deur as 't ware te "laat gaan" om in opstand te kom teen 'n huidige denkraamwerk [To shift gears, Mirek had to let go of the steering wheel. (Kundera 1978: 5) ]. Jean Jordaan skryf op *LitNet* in sy rubriek getiteld *VeriSign*, oor so 'n verskynsel wat op die Internet plaasgevind het:

> ... die oudste en gewildste publieke poslys vir bespreking van domeinnaam-beleid was nog altyd te vinde op 'n bediener by NSI. Die gesprek neig toe om bietjie warm te word vir VeriSign – en hulle het dit summier gesluit. Daar was geen kans vir bespreek of terugpraat nie. Die argiewe van die lys het ook oornag van die Net af verdwyn (Jordaan 2000 http://www.mweb.co.za/litnet/www/01.asp#1).

*SêNet*-briefskrywers se opstand blyk egter op verskillende maniere. Marlize het 'n strategie uitgewerk om "die revolusie" te "lei":

> *25 Junie 2001, CHAOS, REBELLIE EN REVOLUSIE, Marlize*

University of Cape Town

*Ek sou voorstel dat Chanel die revolusie lei. Sy het dit in haar om 'n sukses daarvan te maak. Piet Pompies kan vir ons 'n "plan van aksie" opstel, in samewerking met Michael Whiteside, want Michael het 'n "feeling" vir die goed.*

...

*Chaos is nodig. Die pendulum moet swaai. Chaos is nodig voor stabiliteit moontlik kan wees. Maar dit moet "goed georganiseerde chaos" wees, anders gaan dit nie slaag nie ...*

Charles Fourie se benodigdhede vir 'n opstand is 'n "made in Africa mentality":

*1 Mei 2000, NEEDED: A MADE IN AFRICA MENTALITY, Charles J Fourie*

Maja lewer kommentaar daarop dat die opstand nou al so geredelik plaasvind dat die opstandiges hul eie klieks vorm, wat volgens haar dan weer baie "establishment" raak in hul pogings om teen die prikkels te skop:

*ENGELS-LOOKING YUPPIE EN YANK DOEN DIT IN AFRIKAANS, Maja*

*Tussen hakies, Chanel, dis deesdae vreeslik "establishment" om "anti-establishment" te wees, as jy verstaan wat ek bedoel.*

Jacobus D'Oliviera se manier om opstand te laat blyk, is om te skryf oor die feit dat ander mense oor die doen en late van 'n taalstryder swyg:

*20 April 2000, KEER HOM, Jacobus D'Oliviera, Kaapstad*

*Die manewales van Dan Roodt en sy ideologiese flenterpeloton kon as komieklik afgemaak gewees het as dit nie so gevaarlik was nie.*

*Dan Roodt is meer as net 'n vyand vir Afrikaans.*

University of Cape Town

*Luister maar hoe word hierop geswyg.*

Die verset op *SêNet* kan satiries geskied. Newman praat van die soorte "humor" binne die postmodernistiese tyd (1985: 77–78).

Barend Boomslang gebruik die akroniem PASOP as humoristiese verset teen die bestaande organisasie, PRAAG, wat hom vir taalregte beywer:

*24 Maart 2000, PASOP GESTIG, Barend S Boomslang*

*Ons het pas 'n nuwe subversiewe organisasie gestig en wil graag lede werf. Die organisasie se naam is PASOP. Dit staan vir People Against Supporters of PRAAG.*

Chanel Britz, wat volgens bespiegeling betrokke is by PRAAG, reageer satiries hierop:

*26 Maart 2000, DIE DRAADSITTERS, Chanel Britz*

*In reaksie op die stigting van PASOP, stel ek 'n splinternuwe splintergroep voor: Draadsitters Of Suidelike Elitiste.*

Die weduwee Viljee skryf satiries (soos reeds uit haar naam blyk) oor die koerant *Die Burger*, wat skynbaar 'n "cheesy" inhoud het:

*26 Julie 2000, Red Die Cheese Burger, Die weduwee Viljee, Villiersdorp*

'n Briefskrywer reageer, asof uit die oogpunt van 'n voormalige brigadier, op die toestand van die voormalige weermag:

University of Cape Town

*22 Desember 2000, AIDS IN THE ARMY, Brigadier (Sir) Jonathan H. Bonniface-Jones (ret.)*

*I say, old chap. There were days of yonder when only officers of high rank had aids. The army was good then, we creamed the fascists.*

Die opstand neem alle vorme aan. Soms sien die leser die opstand in die vorm van die opskrif of inhoud van 'n brief. Die opstand kan subtiel geskied of in kru taal uitgespel word. Die opstand is in ieder geval aanwesig vanweë die voortdurende dekonstruksieproses. Die interaktiewe ruimte is in wese opstandig.

University of Cape Town

**3.6 Metakommentaar**

Die *SêNet*-skrywer lewer voortdurend op homself en die ruimte kommentaar. Binne die postmodernistiese tyd sou die leser in die lig van die vrae wat die skrywer stel, hierdie gedrag kon verwag:

> Binne die postmodernisme is ontologiese vrae aan die orde van die dag: hoe lyk my wêreld? Deurgetrek na *SêNet*: hoe sien my nuwe virtuele wêreld daar uit? Hoe verskil die virtuele wêreld van die werklike wêreld? Hoe tree ek op in hierdie virtuele ruimte? Wie is ék in hierdie nuwe ruimte? Hoe verskil my rol in hierdie ruimte van my rol in die gewone lewe? (Van Heerden *Die Burger* 2001: 4)

Waugh se primêre definisie van metafiksie is die volgende:

> Metafiction is a term given to fictional writing which self-consciously and systematically draws attention to its status as an artefact in order to pose questions about the relationship between fiction and reality (1988: 88).

Die aard van hierdie vrae is subjektief en reflekterend op die self. Newman skryf hieroor:

> Self-reflexivity is nothing new, and in any case does not hold within itself a new image of man. It is nothing more or less than another subordinated technique. The journey into the interior is not quite the assembly line we have made it (1985: 44).

Van Heerden bring die postmodernistiese romankuns met metakommentaar in verband en bespreek Abraham H. de Vries se Nag van die Clown vanuit 'n postmodernistiese oogpunt:

> Dit is 'n selfbewuste bundel wat binne 'n selfbewuste literêrpolitiese klimaat verskyn (1997: 13)

Hilfer vind die humor in die metafiksionaliteit (die kommentaar op en spottery met die "self", in die geval van *SêNet*) nie vreemd nie:

> Metafiction, that is to say fiction about its own fictionality, overlaps with as well as incorporates black humour (1992: 127).

University of Cape Town

Die briefskrywers lewer kommentaar oor wat op die ruimte gebeur. Voorbeelde hiervan is:

> *WAT 'N VERVELIGE SPUL, Jack Fury*
>
> *Lyk my wat rondom die bloedskandelike gebroedery en die groot Afrikaanse boek en poem – en ander dergelike verwantskappe met die ou taal en skrywers wat politicians wil word en sulks ...*
>
> *Julle Afrikaanse skrywers is vervelig! Kom by man! Die bloed het gevloei, die gevaar is verby ... julle gaan aan soos 'n klomp gemolesteerde kindertjies!*

*8 April 2000, VERVELIGE DEBAT, Andries Cornelissen*

*Ek skryf hierdie brief omdat ek nie iets gesien het wat nuut is in die debat oor Afrikaans en sy / haar voortbestaan nie.*

*16 Maart 1999, DIS NET WINDEIER-GESPREKKE, Moriti*

*Miskien moet 'n mens eerder probeer bydra tot konstruktiewe gesprek sodat Suid-Afrika werk op die ou einde, maak nie saak hoe aanloklik dekonstruksie mag lyk nie. Hierdie windeier-gesprekke oor wie wie anders moet verteenwoordig, is myns insiens in elk geval onoplosbaar. En 'n mens se belange hoef definitief nie verteenwoordig te word deur mense wat dieselfde taal praat nie. Miskien dikwels die teenoorgestelde.*

*24 Mei 2000, JULLE RAAK REGTIG VERVELIG, Jaco Botha*
*13 Augustus 2000, EK GENIET DIE DEBAT BAIE, Libra*
*22 Augustus 2000, IS SÊNET DIE JERRY SPRINGER SHOW VIR INTELLECTUALS?, Anna-Marié R*
*22 September 2000, DIE DEBAT IS NOU BELAGLIK, Jaco*
*8 Januarie 2001, KORING EN KAF OP LitNet, Gerrit Brand*
*16 Januarie 2001, GEKKESPUL, Plat, maar diepe Afrikaner*
*16 Maart 2001, 'N SÊNET-JUNKIE GEE RAAD, Konsul Tante*
*17 Maart 2001, WEIRD SÊNET, Andries Bezuidenhout, Brixton*
*23 Mei 2001, SÊNET SE PAARTIE, Kolstert*
*26 Mei 2001, WELCOME TO THE ZOO (OF SÊNET), Anna-Marié R (eek-paradys-horing-voëltjie)*
*26 Mei 2001, OM SIN TE MAAK VAN SÊNET, Ossewania du Plooy*
*12 Julie 2001, SÊNET: SIRKUS, SOAPIE, SITKOM OF TEATER VAN DIE ABSURDE?, AP KOGELMANER, DURBAN*

University of Cape Town

Stefik skryf oor hoe 'n politikus die positiewe én negatiewe van die Internet in kommentaar daarop, voorspel het:

> Gore went on to predict that the Net would bring prosperity, jobs, new products, and a surge in American exports. But he also forsaw foreign competition and the need for timely investment (1999: 8).

Die (meta-)gesprekvoerders ervaar ambivalensie (sien 1.2.2.3). Die Internet, met al sy "gesprekke" kan mense laat glo dat daar net leë woorde en beloftes heen en weer vlieg. Woorde wat geen duik maak nie. Tog is dit juis die ironie: die metakommentaar, sou die navorser verwag, word juis gelewer om verandering teweeg te bring. Net: op *SêNet* vind die verandering in elk geval plaas.

### 3.6.1 Doel

Waarom sou 'n briefskrywer homself oor *SêNet* uitspreek op dié briewekolom? Watter doel dien hierdie kommentaar?

Metakommentaar in 'n ongeordende en energieke tyd, het 'n definitiewe doelwit: dit dien as spieël vir die self. Die Internet leen hom ideaal tot metakommentaar, in teenstelling met die televisie waar frustrasie ervaar word as gevolg van die eenrigting-aard van die kommunikasie (Castells 2000: 270).

Waugh skryf hieroor:

> Metafiction thus converts what it sees as the negative values of outworn literary conventions into the basis of a potentially constructive social criticism. It suggests ... that there may be as much to be learnt from setting the mirror of art up to its own linguistic or representational structures as from directly setting it up to a

University of Cape Town

hypothetical 'human nature' that somehow exists as an essence outside historical systems of articulation (Waugh 1988: 11).

Van Heerden beskryf metakommentaar as "problematiserend":

> In hierdie verband sou "problematisering" 'n meer gepaste term wees – dié skeppende tekste wil, met hul metahistoriese vrae, problematiserend omgaan met opvattinge oor geskiedskrywing en die verskille of ooreenkomste tussen skeppende werk met 'n historiese kode aan die een kant en historiografiese tekste aan die ander (Van Heerden 1997: 158–159).

Die doel van die metakommentaar is gekompliseerd en die metakommentaar dien ook as kompliserende faktor. Die postmodernis wat vir *SêNet* skryf, kyk in 'n verwronge spieël. Hy sien die geskrewe teks, maar hy sien ook die oorsprong van die teks – die "taal" (sien 3.1). En die "taal" en die "self" is onlosmaakbaar verbind.

University of Cape Town

### 3.6.2 (On)skeibaarheid van mens en debat

Op *SêNet* betrek leser dikwels skrywer (sien 2.2.3), die woord betrek die lyf (sien 3.1.2 en 3.2), en die debat betrek die mens. Sodanig dat die een die ander konstrueer en wórd.

Opvallend dat kommentaar op (moontlik) persoonlike aanvalle wat geloods is, dikwels in politiese konteks genoem word. Op die webwerf http://www.sadtu.org.za/press/2001/24-8-2001.0.htm, verskyn 'n persverklaring waarin SADTU hom sterk uitspreek teen skynbaar persoonlike aanvalle vanaf die regering:

> SADTU Media Release Date of issue: Friday, August 24, 2001
>
> "Play the ball not the man – privatization benefits elites says SADTU."

> The South African Democratic Teachers Union (SADTU) condemns in the strongest terms the recent low level of personal attacks directed at the leadership of our national trade union federation COSATU. The union believes a genuine debate on privatization and the restructuring of the economy within a globalised world still needs to be held. The government seems to be "playing the man and not the ball" (2001 http://www.sadtu.org.za/press/2001/24-8-2001.0.htm).

En in die VSA het Al Gore hom tydens 'n verkiesingsveldtog gedistansieer van enige persoonlike aanvalle:

> Bush vs Gore: *Scenes from the first presidential debate of the 2000 election campaign*
>
> Gore: I *reject* that charge unequivocally. Throughout my public career – my sixteen years in Congress and my seven years as Vice President – I have *never* used negative personal attacks, nor will I in this campaign, though Governor Bush's visit to Bob Jones University, which discriminates against minorities and calls the Pope a "devil," was shameful ... (2001 http://www.theatlantic.com/unbound/polipro/pp2000-03-08.htm).

Op *SêNet*, wat as ruimte a-polities staan, kan die leser egter sien hoe die debat die mens raak en, uiteindelik, die mens die debatspunt word. Die volgende dien as voorbeelde van hoe een mens 'n debatsonderwerp kan oorheers:

> *6 Junie 2000, OPE BRIEF AAN BOETMAN, Annesu de Vos*
> *7 Junie 2000, ANNESU SE OPE BRIEF, Leopold Scholtz*
> *9 Junie 2000, NIE N SPOILT BRAT BRIGADE NIE, Annesu*
> *9 Junie 2000, BESTE ANNESU, Leipoldt Scholtz*
> *9 Junie 2000, BESTE ANNESU, Kobus de la Porte*
> *9 Junie 2000, OPE BRIEF AAN SUSSIE ANNESUSSIE, Ouboet van die Kaap*

University of Cape Town

*10 Junie 2000, OOR LEOPOLD OOR DE VOS, Jacobus D'Oliviera*

*12 Junie 2000, ANNESU, MINDER PC, MEER EWEWIG ASSEBLIEF!, Ernst Marais*

*12 Junie 2000, DIE SAW, MK EN ANNESU DEBAT, Michael Whiteside*

*14 Junie 2000, VIR ANNESU, BOETMAN EN KIE, Rudolph*

*16 Junie 2000, ANNESUGRANT, Rudi Oosthuizen*

*3 Augustus 2000, ANNESU, ANNESU, Chanel Britz, 3-8-2000*

*3 Augustus 2000, DANKIE ANNESU, Kleinboer*

*3 Augustus 2000, ANNESU EN HAAR SUS EN DIE ANDER KULTUSFIGURE, Munyaka*

*4 Augustus 2000, ON THE LOSS OF A MINOR POET – (c), Annesu de Vos*

*4 Augustus 2000, UIT DIE HUIS VAN YS – (c) Annesu de Vos*

*4 Augustus 2000, ANNESU'S WORLD: COMING SOON TO A THEATRE NEAR YOU, Stephan*

Die vraag ontstaan of die briefskrywer sy waarheid kan verkondig sonder om persoonlik te raak of die ruimte te annekseer.

'n Debat ontstaan rondom Joan Hambidge, kanoniseerder en literêre figuur:

*3 Julie 2001, ONSE JOAN: LETTERKUNDIGE, OF KOLLIG-BEFOETERDE DESPOOT?, Willemien*

*4 Julie 2001, WHO WILL REVIEW THE REVIEWER?, Omnivagus*

*The Post-Modern Avenger strikes again!*

*9 Julie 2001, DIE PROF EN DIE BEATNIKS POETS, Sara*

*... en daar loop ek toe in die prof se vloerwasoefening vas ...*

University of Cape Town

*Ek peins 'n bietjie oor die prof se eie skryfsels ...*
*Al die tekstuele uitlegte, kruisverwysings, intertekste, venynige bykommery van gewese geliefdes, binnekringverwysings na mede-skrywers en byhalery van hulle boeke se karakters, om nie die allerbelangrikste boodskappe (in hakies) van die outeur self te vergeet nie (ter wille van die oningewydes en ander idiote), en natuurlik die ewige advertensies van haar ander boeke ...*

*Die genre wat intellektuele paniek saai.*

*10 Julie 2001, JOAN HAMBIDGE ANTWOORD, Joan Hambidge*

*10 Julie 2001, MA' DIS DAN SO MOOI, Liesch*

*In 'n land waar so min mense durf om enige 'kuns' of literatuur uit plaaslike bodem te kritiseer aangesien ons Afrikaanses dan immers 'n moerse happy family is en sale van kak produksies in Oudtshoorn móét volpak ter wille van die taal (en heelwat middelmatige Afrikaanse skrywers onregmatig verhef word tot ikone) is Joan Hambidge se stem altyd welkom.*

Bogenoemde "debatstema" sluit ten nouste aan by kanonisering (sien 3.4) op die Internet. Die opstand (sien 3.5) teen die kanon is diep genoeg gewortel dat briefskrywers hier sukkel om mens en orde te skei.

Die persoonlike debat op *SêNet* kan erg aggressief raak, in die gees van die postmodernisme:

Rather what is distinguishing about Post-Modernist self-consciousness is its *aggressiveness;* the dynamic in which the author both involves and skeptifies the

University of Cape Town

> reader – almost as if the reader were not really there – *evoking the audience as cultural enemy* (Newman 1985: 41).

Die persoonlike aanval kan meer as een mens – 'n groep – betrek. Dit blyk uit die volgende:

> *3 Julie 2001, DIE KWANSUISE AFRIKANER, Francois Williams*
> *7 Augustus 2001, ALL WOMEN ARE WHORES, sister innocenta*

Kan die briefskrywer nog mens en onderwerp skei? Aardskuddende gebeure word triviaal deurdat dit na die briefskrywers persoonlik deurgetrek word:

> *21 September 2001, SÊNETTERS SE VSA-KOMMENTARE, Swyser*

Dit is duidelik dat een mens die dryfkrag agter 'n gesprekstema op *SêNet* kan word. Hieruit vloei talle ander afwisselende eienskappe op die ruimte: opstand (sien 3.5), wrywing tussen "oerteks" en "eie waarheid" (sien 3.3), en die lyflike (sien 3.2) waarbinne die mens woon wat in debatstema ontaard het.

**3.7 Sensuur**

Oor sensuur op *LitNet* skryf Van Heerden self:

> Nog 'n voorbeeld: Skrywers op *LitNet* is geweldig besitlik oor wat hulle as hul vryheid van spraak sien; hulle eien hul kennelik groter vryhede toe as wat normaalweg in die papiermedia toegelaat word. Wanneer ek – as outeur van *LitNet* – wil uitvee of herskryf, dawer die uitroepe van sensuur op *SêNet*. MC Botha se brief, wat 'n besonder venynige aanval was op Breyten Breytenbach ná Breytenbach se openingsrede op die *LitNet*-skrywersberaad, is 'n kwessie wat ons nog lank sal bybly. In watter mate is *LitNet* die bemagtiger van alle stemme – énige

University of Cape Town

> stem – en in watter mate moet die webmeesters 'n behoedende hand daaroor hou? Wanneer swig idealisme voor goeie smaak? (Van Heerden 2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp).

Sensuur is kennelik 'n onderwerp waaroor die postmodernis in die rekenaarwêreld kan besin. Op *SêNet* word uiteenlopende opinies hieroor gehuldig.

**Sensuur: NEE**

Newman skryf dat sensuur binne enige medium bepaal word deur die aard van die betrokke medium (1985: 158).

Die doel van televisie as medium kan wees om "our amusement and pleasure" (Castells 2000: 361). Tog word die kyker voor 'n keuse gestel as 'n ouderdomsperk ter sprake kom. Hy word gewaarsku oor die potensiële kykstof.

Die gevaar daarvan om die leser oop te stel sonder 'n waarskuwing, word deur Castells beskryf as:

> This normalization of messages ... does have a fundamental impact: the leveling of all content into each person's frame of images (Castells 2000: 361).

Die postmodernis ken hierdie gelykmaking en afstomping. Die briefskrywer (sien 2.2.1), ervaar eerder 'n opstand (sien 3.5) as wat hy ontneem word van die vryheid om alles te sien.

Van Heerden skryf oor die voordele van vrye spraak:

> In hierdie paar voorbeelde is die toutrekkery rondom die Web af te lees. Elkeen van hierdie debatspunte sou die koorspennetjie onder die tong warm laat gloei –

University of Cape Town

veral wanneer in ag geneem word dat *LitNet* nie 'n gemeenskap modelstoomtrein-entoesiaste bedien nie, maar onrustige mense wat – heel tereg – kritiese vrae stel. Ons moet hierdie vrae probeer beantwoord, maar terselfdertyd onsself weer daaraan herinner dat ons in die Vroeë Vonktydperk leef en dat ons betrokke is by 'n medium en tegnologie wat sy eie kragte en sy eie swakhede nog nie na waarde kan skat nie. Om hierdie rede kan *LitNet* as toetssteen vir die Web se skades en skandes, maar ook sy geweldige voordele en wonderbaarlikhede, dien (Van Heerden 2001 http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp).

Briefskrywers wat negatief op sensuur reageer, is volop. Die volgende dien as voorbeelde:

*10 Maart 2000, TAALDEBAT HET NIE SENSUUR NODIG NIE, Kallie Kriel*

*Sonder om Hannelie Booyens se reg op privaatheid te misken, vind ek dit tog jammer dat sy dit nodig geag het om haar brief van PRAAG se webwerf te laat verwyder. Dit kom neer op selfsensuur. Alle standpunte moet in die taaldebat betrek word, ook Hannelie se standpunt.*

*28 Mei 2000, ONS IS BLY ONS KAN PRAAT EN ONS GAAN WRAGTIG NOOIT WEER SHARRAP NIE, Uilspieël se maatjie, Brixton*
*4 September 2000, OLDER GENERATION, LOG OFF PLEASE, Annesu*
*4 September 2000, SENSUUR, O SENSUUR!, Anna-Marié R ready to EXIT*
*Enkele seksuele verwysing uitgesny — Uitvoerende redakteur*
*22 Junie 2001, OOR KRUHEID OP SêNet, Neels Jackson*
*22 Februarie 2001, SENSUUR, Stephan*
*Stephan, die strekking van jou brief en argument is geensins verander deur die sin wat ek weggelaat het nie. Groete, Izak.*
*1 Maart 2001, LitNet UITSLUITLIK VIR M-WEB VERBRUIKERS?, Anoniem*

University of Cape Town

*2 September 2000, SENSUUR? WEER?, Leon*

Die briefskrywer op *SêNet* skryf wat en waaroor hy wil. Wêreldgebeure en mede-skrywers beïnvloed die temas waaroor geskryf word, maar die briefskrywer wil nie voorgesê word waaroor hy dit behoort te hê nie. Dit lyk of die wanorde van die ruimte hom aanstaan. Iemand doen 'n voorstel aan die hand om die ruimte tematies te orden:

*25 September 2001, VERBETERING VAN SÊNET, Pippen Joubert*

*Die blad / werf se waarde sal aansienlik verhoog kan word deur die toevoeging van skakels tussen die bydraes, sodat 'n mens 'n bepaalde argument kan volg sonder om honderde onnodige / irrelevante / tydrowende bydraes te moet navigeer. Dit sal ook maak dat meer mense met beperkte tyd bydraes sal kan lewer, wat net die sinvolheid van die debatte kan verhoog. Op die oomblik het diegene met baie tyd / aansienlike deursettingsvermoë / hoë frustrasiedrempels 'n onregverdige voorsprong.*

'n Gereelde briefskrywer reageer sarkasties:

*3 Oktober 2001, FLIPPEN' PIPPEN, Anna-Marié R*

*Vir Pippen oor jou verbeteringe van SêNet:*

*Probeer jy nou die volgende sê?*

*1. jy is 'n ondersteuner van "the scientific method"? (Ja-a, kyk nou net waar het hierdie redenasie onse wetenskaplikes met die AIDS vraagstuk laat beland.) Bydraes tot argumente behoort dus geselekteer te word volgens "sinvolheid".*

University of Cape Town

*2. dat daar 'n standaard universele model van die definisie van " onnodige / irrelevante/ tydrowende bydraes" bestaan. (Klink amper soos een van die internasionale definisies van AIDS.) Ek neem aan jy is 'n lid van die "Illuminati".*

*3. dat mense met "beperkte tyd" die sinvolheid van debatte kan verhoog?*

*4. dat die huidige deelnemers aan SêNet nie as "besige, geïnteresseerde mense" beskou kan word nie? (Kan ons onsself dan moontlik definieer as draadtrekkers met te veel tyd op hande?)*

*Ek dank jou wel vir die kompliment dat ons hier aansienlike deursettingsvermoë en hoë frustrasiedrempels het: dié dat ek jou briefie so met geduld en insig be-antwoord.*

Dit lyk of die briefskrywer eerder op soek bly na die "heterokosmos" (McHale 1987: 56) as na orde of na inperking.

**Sensuur: JA**

Op *SêNet* spreek sommige briefskrywers hulle ook ten gunste van sensuur uit. Voorbeelde hiervan is:

*4 September 2000, SENSE OF SENSUUR, Magriet*

*Die voor- en nadeel van kuberbriewe is dat hulle direk gestuur word en nie eers in 'n koevert lê sodat jy 'n tweede keer kan dink of jy dit regtig wil stuur nie. Iets wat jy skryf as jy gedrink, getrek, gerook is, wil jy moontlik nie stuur as jy babelas is nie.*
*Die direkte, vinnige kommunikasie is wonderlik, maar die wag voor die mond kuier soms elders.*

University of Cape Town

*24 November 2000, HIERDIE VLOEKERY, Klara Majola*
*25 November 2000, VLOEK IS BAIE KÔMIN, Johann*

Die volume briewe ten gunste van sensuur is egter heelwat kleiner as dié daarteen. Die briefskrywer weier om ingeperk te word. Hy is opstandig (sien 3.5) en tog voordurend aan die kommentaar lewer op die "self" (sien 3.6) – op homself en die "self" van die *SêNet*-ruimte. As sensuur hier toegepas word, kan dit gesien word as inperking van sy wil om te dekonstrueer. En sensuur op die *SêNet*-ruimte sou kon aanleiding gee tot die afsterf van die "bekende" postmodernistiese gevoel hiervan. Oormatige sensuur sou selfs aanleiding kon gee tot *SêNet* se dekonstruksie. Die dekonstruerende wese van *SêNet* is juis die ruimte se mees lewegewende faktor.

University of Cape Town

## SLOT, GEVOLGTREKKING

Die *SêNet*-webruimte is 'n omgewing binne die postmodernistiese klimaat. Die ruimte is ingebed in die sosio-literêre webwerf, *LitNet*: 'n joernaal wat slegs op die Internet bestaan. *SêNet* is by uitstek *LitNet* se interaktiewe orgaan. *SêNet* word beïnvloed deur faktore wat 'n effek op *LitNet* het – soos die Suid-Afrikaanse omgewing waaruit die meeste van dié ruimte se materiaal ontspring, of die ambivalensie wat met die tydsgees gepaardgaan. *SêNet* verskil wesenlik van *Die Burger* se briewekolom, of van die kletskamer op die Internet. *SêNet* toon ooreenkomste met 'n "virtuele gemeenskap" in dié opsig dat dieselfde besoekers gereeld hier vergader en dat fisiese besoeke tussen briefskrywers al plaasgevind het. Die chroniese verskyning van nuwe materiaal hou nie die chaotiese neiging van die ruimte in toom nie: die hérskrywing dekonstrueer hierdie begrip sodat die wese van die omgewing veel eerder achronies word. *SêNet* is 'n unieke ruimte wat nie volkome ooreenstem met ander gespreksomgewings nie. Dié ruimte is geleë op die Internet, wat tyd, plek en taal beïnvloed. Hierdie studie is 'n wyse waarop die postmodernistiese manier van kyk 'n mens kan help om die Internet te begryp.

Die webmeester van *SêNet* speel 'n aktiewe rol in die plasing van materiaal en die versorging van bydraes. Die belangrikste keuringsproses is die voorkoming van laster op die ruimte. Daar is nie 'n kwaliteitstoets wat bydraes hoef te slaag om op *SêNet* te verskyn nie. Briefskrywers "bevraagteken" daagliks die vorige dag se "waarheid" - die materiaal wat reeds op die ruimte verskyn het – deur nuwe skrywes. Op *SêNet* word grense ondersoek en voortdurend herdefinieer. Briefskrywers ag hulself soms as ware outeurs – diegene wat boeke in gedrukte formaat gepubliseer het. Die versplintering van die briefskrywer se identiteit is sigbaar aan 'n verskeidenheid skuilname, en die logiese verloop van die ruimte – die afwisseling van leser en skrywer – stel ook vrae aangaande 'n vaste identiteit van die deelnemer.

In hierdie ontleding is bevind dat die dekonstruerende aard van dié webruimte 'n postmodernistiese Internetgemeenskap kan voed. Deur daaglikse herskrywing van die

University of Cape Town

materiaal wat reeds op die *SêNet*-webruimte verskyn het, word die ruimte lewend gehou. Die dekonstruksie van voorafgaande briewe toon die opstandige geaardheid van die briefskrywer. Die opstand binne dié ruimte is teen die vaderteks, en teen norme wat voorheen aan die orde was. Die postmodernis wat briewe vir *SêNet* binne die rekenaarwêreld met sy eiesoortige taal skryf, het 'n obsessionele bewustheid van die self. Die skeppingsdrang van die subjek is groot, maar terselfdertyd doelbewus nie ingeperk nie. Die vrye verloop van tyd en plek op *SêNet*, is 'n verdere stukrag vir impulsiewe en emosionele gedrag wat neerslag vind in die materiaal op die ruimte. Uit die dekonstruksie van alles wat was, vloei ook ander postmodernistiese karaktertrekke, soos die skryf van parodieë. Die chaos en wanorde op die ruimte is intrinsiek deel hiervan.

In die gees van die paradoksale postmodernisme: *SêNet* word letterlik gebóú deurdat die briefskrywers daagliks dekonstrueer, hérskryf en afbreek.

University of Cape Town

## BYLAE A: *SÊNET*: TEMAS

Die *SêNet*-webruimte toon 'n neiging van chaos en wanorde. Die navorser kan nie volledig verslag doen oor die temas daagliks onder bespreking nie, want daarvoor is die verskeidenheid gewoon te groot en uiteenlopend. Hiermee eerder 'n oorsigtelike waarneming van tematiese tendense gedurende elke jaar van die tydperk waaroor navorsing gedoen is. Hierdie opsomming geskied deur die navorser in haar hoedanigheid as webmeester:

**1999**

- Die taal Afrikaans;
- Wie is die Afrikaner;
- Hoe lyk die Afrikaner;
- Algemene gesprek oor taal en literatuur;
- Gesprek tussen "bekendes" en "omstredenes": Dan Roodt, Jan Afrika, Koos Kombuis, Joan Hambidge, Johann Rossouw, Hein Willemse, Ampie Coetzee;
- Diegene wat aanmeld as "iemand wat wil skryf";
- Skuilname: aan die begin skryf heelwat van die briefskrywers nog onder hul eie name. Sommige van hulle skryf in 2001 steeds op gereelde basis briewe vir *SêNet*, maar nou skryf hulle onder skuilname.

University of Cape Town

**2000**

- Die webmeester merk ook van April en Mei 2000 dat daar "nuwer" stemme tot die debat toetree. Nie meer net "bekendes" soos genoem nie. Marginale figure oorheers progressief die debat;
- Chris Louw en die Boetman-debat;
- Zimbabwe-gesprekke: die politiek van Afrika;
- Die NG Kerk en skuld;

- Behoort die Afrikaner om verskoning te vra en steeds skuldig te voel vir alles van die verlede;
- Emigrasie - en die debat raak persoonlik, byvoorbeeld op Annesu de Vos gerig;
- Kommentaar op teaters en die skone kunste in die land se situasie;
- Sensuur op *SêNet*;
- Die "Afrikaanse Debat" heropen: wie is die Afrikaner, moet Afrikaans by Nederlands gereken word, moet geveg word vir Afrikaans op etikette;
- Die rol van die kritikus en van kanonisering;
- Skuilname op *LitNet*;
- Plaasmoorde

**2001**

- Godsdiens, veral: Christenskap, Buddhisme;
- Woordspeletjies;
- "Toneelstukke" en "dramas" wat satires is op gebeure, soos Nigeriese selfoonbedryf, of *Die Toneelstuk*;
- Vigs;
- M-Web se beleid: *LitNet* slegs vir intekenaars beskikbaar;
- Ontgroening by Afrikaanse universiteite;
- Resensies oor "alternatiewe" Afrikaanse musiek: Brixton Moord & Roof, Abelarde Sanction, Karen Zoid, musiek in Mellville;
- Mbeki: vliegtuig, drama rondom Winnie Mandela, Vigs-kwessie;
- Big Brother;
- Die terreuraanval op die VSA: reaksie en teenreaksie

Dit lyk of die debat dalk na 'n groter openheid beweeg. Geestelike sake, wêreldgebeure, musiek en die verhale van marginale briefskrywers toon 'n "swaai" in die gesprek. Saam met daaglikse dekonstruksie vind verruiming moontlik plaas.

University of Cape Town

## BYLAE B: SÊNET: SUBJEKTIEWE WAARNEMING DEUR ONTLEDER

Die virtuele werklikheid van die Internet is 'n vreemde plek. Voeg daarby die begeerte van 'n mens om haarself kunstig in woorde uit te druk - en 'n soort waansin ontstaan. Die woorde van die skrywer van briewe op die ruimte *SêNet* soek by uitstek 'n plek om heen te gaan.

Daar is heelwat "sukkelende skrywers" - mense wat meen hulself het talent, terwyl niemand anders noodwendig hierdie opinie huldig nie. Hulle hunker na erkenning en na publisiteit, maar die uitgewer spreek die finale woord: mene, mene, tekel ...

Hulle word orals elders te lig bevind.

Toe kom *SêNet*.

Op hierdie veilige en verraderlike ruimte konstrueer elkeen haarself met woorde soos sy dit wil. Hier is geen skanse nie, behalwe vir 'n kliniese skerm. Wie sou 'n vreemdeling in die oë kyk en met eerste oogopslag sê: "Jy is 'n fokken idioot!"? Die Internet is 'n *whole different ball game*. Analogiese sinne aan dié een word daagliks heen en weer tussen briefskrywers geslinger. Die skrywers se woorde nooi mekaar oor en weer uit, of skop deure in mekaar se gesigte toe. Solank die vae en troebel grense van laster nie oortree word nie, is almal veilig om (Net) te Sê wat hulle wil.

Dan is daar die biologie van woorde, wat elkeen plotseling en onkant betrap. Eers kom hulle toevallig van 'n vroulike of manlike persoon; skielik kry hul lyf. Genderpolitiek betree die arena, sonder dat iemand daarna vra. En mense het 'n hunkering daarna om mekaar te leer ken - dié eienaars van die strottehoof en glottus en keel en lippe waaruit die woorde sou kom wat nou op die skerm voor hulle staan. Die *grande histoire* maak nie meer soveel saak nie; dis die *petite histoire* waarom alles wentel. Dís die sjarme van die gereelde besoeker aan die ruimte: die besoeker weet wat hy te wagte gaan wees wanneer hy op die betrokkene se (skuil-)naam kliek.

University of Cape Town

Die een versugting na erkenning verslaaf die ander se versugting na (h)erkenning. Die briefskrywer kom tuis.

En die Internet in sy omvang bekruip die mens van agter af.

Die briefskrywer laat hang haar woorde slap soos wilgers in die poele van 'n wildvreemdeling se primordiale dieptes. Dit word so werklik soos die virtuele werklikheid wat elkeen se brein daagliks skep, interpreteer en op die doek van die lewe gooi: kyk, hierdie ronde voorwerp is 'n bal op die sand; voel, ek skop dit na die seuntjie terug; hoor hoe hy lag; kyk, daardie verbyganger se borshare loop soos 'n rifrughond s'n tussen sy ribbes af; ens. ad infinitum ...

Die ruimte word so werklik en so onwerklik soos die woorde op die skerm. Dis dreinerend, dis uitmergelend. Dit noop die briefskrywer om telkens te onttrek, soos haar eie woorde haarself binnenooi en met die eb en vloed op die strand uitspoeg. Tot sy weer terugkeer. Want, om Van Gogh te parafraseer: "Of dit nou hoog- of laaggety is, die see bly die see."

Dis 'n ineensmelting van grense; waar begin die een briefskrywer se woorde, waar hou 'n ander s'n op? En dis 'n tragiese blufspul: die een mens weet deurentyd dat die ander haar slegs tydelik laat vergeet dat sy die "werklike" lewe op haar eie moet leef. Waarom anders hou die een ná die ander aan om telkens weer (in verskillende gedaantes) op te duik en agter ou woorde met nuwe baadjies in te koes?

Maar dis nie ware liefde nie. Daar's nie die gevoel en die reuk van 'n ware boek nie. Daar's geen warm asem in jou nek nie. Dis woorde op 'n skerm. Met die druk van 'n knoppie skuif jy na die volgende sfeer van jou tuis-collage op die Internet.

University of Cape Town

En dís dalk eerder die grootste weersin, walging en afkeer wat teenoor 'n ruimte soos *SêNet* opgebou kan word, ook vir die bewoner van hierdie omgewing. Buite die ruimte heers die snobistiese debat: "Wat is kuns? Wat is 'n intellektuele debat?"
Binne die mure van hierdie kamer wat nie bestaan nie, is daar net die groot onbevrediging. Dit lyk soos ware publisiteit; dit is dit allesbehalwe. Dit lyk soos ware, betroubare vriende; hulle is elkeen net daar vir persoonlike gewin.

Maar hierdie besef dring geleidelik deur, anders as die vinnige vloei van tyd op die Internet. Teen die tyd dat die meeste gereelde besoekers agterkom wat met hulle gebeur het, is dit te laat.

*Ek volg jou in die strate na 'n Internetkafee*
*Ek weet nie wie jy is nie, ek sal die kuberruim betree*
*Vir 'n flikkering van herkenning, vir 'n oogknip-samesweer*
*Daar's 'n warning op my skerm, jy's die virus in my sfeer*

*My vingers op die toetsbord, 'n verlenging van die self*
*Ek soek jou in die chat rooms, al die kamers waar ek delf*
*Ek staan kliphard en skree maar almal loop by my verby*
*Niemand hoor my stem nie, dis soos tyd wat oor my gly*

*In 'n generated wêreld, waar almal wonder wat is eg*
*Sien ek mense wat delete word, en skielik is jy ook weg*
*Dis 'n cybersong ... vir jou*
*Ek weet nie wie jy is nie, daarom soek ek na jou*
*Stuur vir my iets van jouself om in my main frame in te bou.*

I. VLAM, *Cybersong*

University of Cape Town

**BIBLIOGRAFIE**

Abrahams, R.; Jas, F. & Russell W. 1995. The WEB Empowerment Book. Springer-Verlag. New York.

Abrams, M. H. Fifth Edition 1988. A Glossary of Literary Terms. The Dryden Press. United States of America.

Badenhorst, P. 2002. Misdaad. In: *Die Burger*: 14 Januarie 2002: 8.

Baird, R. M.; Ramsower, R; Rosenbaum, S. E. 2000. Cyberethics. Social and Moral Issues in the Computer Age. Prometheus Books. New York.

Best, A. 1999. The Puppet-Boy Pinocchio: Real Imaginings / Imagined Realities. SAN322S Mini-thesis, Supervisor: Alison Best (A. Spiegel). University of Cape Town. Cape Town.

Bosman, D.B.; Van der Merwe, I.W.; Hiemstra, L.W. 1984. Tweetalige Woordeboek. Tafelberg. Kaapstad.

Bowie, M. 1991. Lacan. Harvard University Press, Cambridge, Massachusetts.

Brink, A. P. 2000. Groot Verseboek 2000. Tafelberg Uitgewers. Kaapstad

Brink, A.P. 1973. Kennis van die Aand. Human & Rousseau. Kaapstad.

Buys, R. 2000. Cyberlaw @ SA. Van Schaik Publishers. Pretoria.

Castells, M. Second Edition 2000. The Information Age: Economy, Society and Culture. Volume I, The Rise of the Network Society. Blackwell Publishers. Oxford.

University of Cape Town

De Waal, J.; Currie, I.; Erasmus, G. 1998. The Bill of Rights Handbook. Juta & Co. Kenwyn.

Doane, J.; Hodges, D. 1987. Nostalgia And Sexual Difference, The Resistance to Contemporary Feminism. Methuen. New York.

Fransman, M. 2002. Morkel planloos oor armes. In: *Die Burger*. 17 Januarie 2002: 10.

Freud, S. 1913. The Interpretation of Dreams. George Allen & Unwin, Ltd. London.

Gibson, A. 1999. Postmodernity, ethics and the novel - from Leavis to Levinas. Routledge. London.

Grové, A.P.(samesteller). 1974. D.J. Opperman – Dolosgooier van die woord. Tafelberg Uitgewers. Kaapstad.

Hambidge, J. 1995. Postmodernisme. J. P. van der Walt. Pretoria.

Hambidge, J. 1998. Die Judaskus. Perskor-boekdrukkery. Johannesburg.

Hambidge, J. 2000. Hibriditeit en die Internet. http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/16hambidge.asp, afgelaai op 15 Oktober 2001.

Hilfer, T. 1992. American Fiction Since 1940. Longman Literature in English Series. London.

http://dictionary.msn.com/find/entry.asp, afgelaai op 7 Januarie 2002.

http://forums.delphiforums.com/dictionary, afgelaai op 4 November 2001.

University of Cape Town

http://iafrica.com/chat/online/afrikaans/index.htm, afgelaai op 24 Januarie 2002.

http://media-in-transition.mit.edu/science_fiction/profiles/card.html, afgelaai op 21 Oktober 2001.

http://members.aol.com/Cybersoc/is2cyberdude.html#Internet, afgelaai op 5 November 2001

http://members.aol.com/Cybersoc/is2intro.html, afgelaai op 5 November 2001

http://www.capecourtesy.com/pages/general-cape-town.htm, afgelaai op 14 September 2001

http://www.dictionary.com, afgelaai op 7 Augustus 2001.

http://www.egafrikaans.co.za, afgelaai op 24 Januarie 2002.

http://www.google.com

http://www.minotaur-websites.com/minomyth.htm, afgelaai op 14 Oktober 2001

http://www.mirc.co.uk/translations/afrikaans.html, afgelaai op 24 Januarie 2002.

http://www.mweb.co.za

http://www.mweb.co.za/litnet

http://www.mweb.co.za/litnet/boeke/default.asp.

University of Cape Town

http://www.mweb.co.za/litnet/deaar/default.asp.

http://www.mweb.co.za/litnet/filmfundi/vorige.asp.

http://www.mweb.co.za/litnet/isikhundla/previous.asp.

http://www.mweb.co.za/litnet/jump/default.asp.

http://www.mweb.co.za/litnet/kennisbord/default.asp.

http://www.mweb.co.za/litnet/klank/default.asp.

http://www.mweb.co.za/litnet/lenet/vorige.asp.

http://www.mweb.co.za/litnet/neerlandi/default.asp.

http://www.mweb.co.za/litnet/onderwys/vorige.asp.

http://www.mweb.co.za/litnet/opinie/default.asp.

http://www.mweb.co.za/litnet/riemtelegram/default.asp.

http://www.mweb.co.za/litnet/rubrieke/default.asp.

http://www.mweb.co.za/litnet/sendbrief/default.asp.

http://www.mweb.co.za/litnet/senet/senet.asp?id=1930.

http://www.mweb.co.za/litnet/slyp/default.asp.

University of Cape Town

http://www.mweb.co.za/litnet/spring/default.asp.

http://www.mweb.co.za/litnet/taaldebat/vorige.asp.

http://www.mweb.co.za/litnet/teater/default.asp.

http://www.mweb.co.za/litnet/visueel/default.asp.

http://www.mweb.co.za/litnet/zulu/default.asp.

http://www.odci.gov/cia/publications/factbook/geos/sf.html#Comm, afgelaai op 6 Januarie 2001.

http://www.roekeloos.co.za/kletskamer.html, afgelaai op 24 Januarie 2002.

http://www.sadtu.org.za/press/2001/24-8-2001.0.htm, afgelaai op 1 September 2001.

http://www.theatlantic.com/unbound/polipro/pp2000-03-08.htm, afgelaai op 16 Augustus 2001.

http://www.thesaurus.com/roget/VI/833.html, afgelaai op 3 Julie 2001.

http://www.thinkquest.org/library/lib/site_sum_outside.html?tname=3120&url=3120, afgelaai
op 3 Januarie 2002.

http://www.vcsun.org/~battias/class/600/ex/kojeve.pdf, afgelaai op 21 November 2001.

Hutcheon, L. 1988. A poetics of Postmodernism: History, Theory, Fiction. Routledge. New York and London.


University of Cape Town

Ibsch, E. 1993. Fact and Fiction in Postmodernist Writing. In: *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 9(2), Junie 1999(1): 157-165.

Jordaan, J. 2001. Die wondere van virtualiteit. http://www.mweb.co.za/litnet/www/0602.asp, afgelaai op 20 November 2001.

Jordaan, J. 2001. Informasie Ekonomie. http://www.mweb.co.za/litnet/www/0603.asp, afgelaai op 20 November 2001.

Jordaan, J. 2001. Tekens van die tye. http://www.mweb.co.za/litnet/www/0701.asp, afgelaai op 20 November 2001.

Jordaan, J. 2001. VeriSign. http://www.mweb.co.za/litnet/www/01.asp#1, afgelaai op 20 November 2001.

Krieketspeler van De Doorns. 2002. Kwotas vir sportlui steeds nodig. In: *Die Burger*. 17 Januarie 2002: 8.

Krol, E. 1992. The Whole Internet, User's Guide & Catalog. O'Reilly & Associates, Inc. United States of America.

Kundera, M. 1978 (First Translation). The Book of Laughter and Forgetting. Faber & Faber. London.

Lacan, J. 1979. The Four Fundamental Concepts of Psycho-Analysis. Penguin Books, Great Britain.

Lee, H. 1960. To kill a Mockingbird. Heineman New Windmills. Oxford.

University of Cape Town

Leroux, E. 1976. Magersfontein o Magersfontein. Human & Rousseau. Kaapstad.

http://www.lit-net.org, afgelaai op 17 Augustus 2001.

McHale, B. 1987. Postmodernist Fiction. Routledge. London.
Midrand.

Newman, C. 1985. The Post-Modern Aura, The Age of Fiction in an Age of Inflation. Northwestern University Press. Evanston.

Odendal, F. F. 1994. HAT Verklarende Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Perskor.

Odendal, F. F.; Schoonees, P. C.; Swanepoel, C. J.; Booysen, C. M. 2000. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Perskor. Kaapstad.

Pearson, I; Winter, C. 1999. Where's IT going? Thames & Hudson. London.

Rheingold, H. 2001. http://www.well.com/user/hlr/vcbook/vcbookintro.html, afgelaai op 11 Oktober 2001.

Richmond, A. 2001. What is a Webmaster?
http://www.wdvl.com/Internet/Web/Jobs/Webmaster.html, afgelaai op 11 Januarie 2001.

Roodt, D. 2000. Die virtuele universiteit - 'n alternatiewe siening van kennis en instellings. In: *Fragmente, Tydskrif vir Filosofie en Kultuurkritiek*. 2000 (5): 47 - 55.

Rudolph, W. 2002. Gebruik geld om motoriste op te lei. In: *Die Burger*. 18 Januarie 2002: 10.

Sartre, J. 2000. Nausea. Penguin Books. London.

University of Cape Town

Snyman, C. R. 1992. Strafreg. Butterworths. Durban.

Spies, L. 2002. Bybel lukraak ingespan. In: *Die Burger*. 19 Januarie 2002: 6.

Stefik, M. 1999. The Internet Edge - Social, Legal, and Technological Challenges for a

Thiher, A. 1984. Words in Reflection - Modern Language Theory and Postmodern Fiction. The University of Chicago Press. Chicago.

Torsney, C. B. 1989. Contemporary Literary Theory. (Edited by: Atkins, G. D. & Morrow, L.) The University of Massachusetts Press, Massachusetts.

Van der Elst, J.; Ohlhoff, C. H. F.; Schutte, H. J. 1988. Momente in die Nederlandse Letterkunde. Kaapstad: Human & Rousseau

Van Heerden, E.R. 1997. Ons maak dit self, hetsy feit of fiksie. In: *Die Burger*: 11 September 1997: 4.

Van Heerden, E.R. 1997. Postmodernisme en Prosa. Vertelstrategieë in vyf verhale van Abraham H. de Vries. Human & Rousseau. Kaapstad.

Van Heerden, E.R. 2001. Internet daag gevestigde tradisies uit. In: *Die Burger*: 17 Mei 2001: 4.

Van Heerden, E.R. 2001. Kuber-vuilspuit ontlok vrae oor identiteitspel. In: *Die Burger*: 16 Augustus 2001: 4.

Van Heerden, E.R. 2001. Net laat tuimel individu se Berlynse muur. In: *Die Burger*: 31 Mei 2001: 8.

University of Cape Town

Van Heerden, E.R. 23 Oktober 2001. Hiperteks of hipermark? LitNet en die www. http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp, afgelaai op 11 November 2001.

Van Heerden. 1999. http://www.mweb.co.za/litnet/wie/default.asp, afgelaai op 15 Augustus 2001.

Venter, A. 2002. Tyd dat Hansie vergewe word. In: *Die Burger*. 18 Januarie 2002: 10.

Waugh, P. 1984. Metafiction: The Theory and Practice of Self-Conscious Fiction. Methuen. London.

Willbern, D. 1989. Contemporary Literary Theory. (Edited by: Atkins, G. D. & Morrow, L.) The University of Massachusetts Press, Massachusetts.

University of Cape Town

**DANKIE**

Aan: Etienne van Heerden, André van der Walt, Helena Liebenberg, Jan-Hendrik Meyer, my pa en my ma.

University of Cape Town